

**“KINDERKAMPUS” AS PARADIGMA VIR
GELOOFSGEMEENSKAP**

Johanna Petronella de Beer
BA (Maatskaplike Werk) BA Honns (Teologie) MA (Praktiese Teologie)

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
Philosophiae Doctor
in Pastoraal
aan die
Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. dr. G.A. Lotter
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Desember 2006

‘Grootmense kap hout, maar hulle
kyk nie waar val die splinters nie.’

(Uit: dissie flippen stukkende wêreld die,
my ou deur Hans du Plessis)

Marie, Marina, Suenette en Liz-An

- dankie, dames!

VOORWOORD

Daar is baie dankies wat uitgedeel moet (en gaan) word. Vir nou verdien die volgende persone vermelding:

Prof. George, wat om te sê? Lees maar Hendra se boek oor Father Joe.

Liezl Potgieter, baie dankie vir jou taalkundige versorging. In alle nederigheid kla ek nie gou weer oor spelfoute by kinders nie!

AL my kinders – julle is gr8t!

Die Noordwes-Universiteit vir die beurs, sowel as die personeel vir vriendelike raad en bystand.

Laastens:

Gratia Dei sum id quod sum

Qui gloriatur, in Domino gloriatur.

Welgeluk
Desember 2006

ABSTRACT

"Children's campus" as paradigm in community of faith.

The purpose of this research is to examine the possibility of a structure (outside of the current, secularised school system) where the child, in context of his family, can experience socialising in relation to his or her faith so as to experience Christian values and norms, as well as gaining knowledge of God and being allowed to live according to this knowledge.

The current situation of South African children belonging to Reformed churches has been explored, in context of their participation in their community of faith. Specific problems these children have to cope with in their society were looked at. It is obvious that a lot of factors influence spiritual growth in children, and that the church is not capable of handling these factors effectively at the moment.

This study shows that the way of life prescribed by the Benedictine Rule is compatible with both the Word of God and Reformed Theology, and can as such fulfil a need in the spiritual life of modern people.

This study shows ways in which the problems currently being experienced by children can be handled using the Rule of Benedict in a children's campus functioning under the supervision of the community of faith.

Key words: Child
 Care
 Christian education

OPSOMMING

“Kinderkampus” as paradigma vir geloofsgemeenskap

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die daarstelling van ‘n struktuur (buite die bestaande, gesekulariseerde skoolstelsel) waar die kind, in konteks van sy gesin, voldoende geloofsosialisering kan beleef ten einde Christelike waardes en norme, asook kennis van God, te leer en te kan uitleef.

Daar is ondersoek ingestel na die huidige situasie waarin kinders in die Suid-Afrikaanse Reformatoriese kerke hulle bevind, ten opsigte van hulle deelname in hulle plaaslike geloofsgemeenskappe. Daar is ook opgelet na spesifieke probleme waarmee hierdie kinders in die samelewing te doen kry. Dit is duidelik dat daar ‘n hele aantal faktore is wat geloofsvorming by kinders beïnvloed en dat die kerk tans in gebreke bly om hierdie faktore effektief aan te spreek.

In hierdie studie word aangetoon dat die lewensstyl wat deur St. Benedictus in sy monastiese reël voorgestel word, nie net in lyn met die Skrif en Gereformeerde Teologie is nie, maar ook dat ‘n daadwerklike behoefte in die geestelike lewe van die moderne mens hierdeur vervul kan word.

Daar word aangetoon op welke wyse probleme wat tans deur kinders ervaar word op praktiese wyse hanteer kan word deur die gebruik van die Benediktynse Reël in ‘n kinderkampus, wat onder toesig van die geloofsgemeenskap funksioneer.

Trefwoorde: Kind
Versorging
Christelike opvoeding

Inhoud

HOOFTUK 1

Inleiding

1.1	Titel	1
1.2	Probleemstelling	1
1.3	Doel	6
1.3.1	Doelstelling	6
1.3.2	Doelwitte	6
1.4	Sentrale teoretiese argument	7
1.5	Metodologie	7
1.6	Hoofstukindeling	9

HOOFTUK 2

Die huidige situasie

2.1	Inleiding	10
2.2	Belewing van deel wees van die gemeente	11
2.3	Die fokus op die gesin en persoonlike geloofslewe	18
2.4	Die aandag aan kontekstuele faktore	23
2.5	Gevolgtrekking	29

HOOFSTUK 3

Die Middeleeue en Monastisisme

3.1	Inleiding	31
3.2	Kerklike en maatskaplike situasie tydens die Middeleeue	32
3.3	Monastisisme as alternatiewe lewenstyl	35
3.3.1	Positiewe invloede van monastisisme	35
3.3.2	Negatiewe aspekte van monastisisme	40
3.4	Implikasies van 'n monastiese lewenstyl	42
3.5	Gevolgtrekking	47

HOOFSTUK 4

Die Benediktyne Reël en hedendaagse Reformasie

4.1	Inleiding	48
4.2	Taak van verantwoordelike leiers	50
4.3	Die aanbidding van God	52
4.4	Dissiplinêre kode	56
4.5	Administratiewe reëlins	59
4.6	Verskeie ander regulasies	62
4.7	Gevolgtrekking	65

HOOFSTUK 5

Empiriese navorsing

5.1	Inleiding	66
5.2	Agtergrondsgeskiedenis en metodologie van die empiriese navorsing	66
5.3	Riglyn vir die samestelling van 'n kinderkampus	69
5.3.1	Die fisiese omgewing sien soos volg daar uit	69
5.3.2	Taak van die verantwoordelike leiers	69
5.3.3	Die aanbidding van God	74
5.3.4	Dissipline	80
5.3.5	Administratiewe reëlins	85
5.3.6	Ander regulasies	88
5.3.7	Gevolgtrekking	91

HOOFSTUK 6

Model vir 'n "kinderkampus"

6.1	Inleiding	92
6.2	Die samestelling van 'n kinderkampus in die Geloofsgemeenskap	93
6.2.1	Die taak van die leier	93
6.2.2	Aanbidding van God	96
6.2.3	Dissipline	100
6.2.4	Administrasie	103
6.2.5	Ander riglyne	108
6.3	Visie vir die kinderkampus	113
6.4	Gevolgtrekking	115

HOOFSTUK 7

Gevolgtrekking

7.1	Inleiding	117
7.2	Die huidige situasie	118
7.3	Die Middeleeue en monastisisme	119
7.4	Die Benediktyse Reël en hedendaagse Reformasie	121
7.5	Empiriese navorsing	123
7.6	Model vir 'n "kinderkampus"	125
7.7	Finale gevolgtrekking	126
7.8	Voorstelle vir verdere studie	127

BRONNELYS	129
------------------	-----

Bylaag	146
---------------	-----

1

Inleiding

1.1 Titel

"Kinderkampus" as paradigma vir geloofsgemeenskap

1.2 Probleemstelling

Die demokrasie in Suid-Afrika sal misluk as hier nie vinnig gemeenskaplike basiese waardes soos hardwerkendheid en eerlikheid gevestig en ontwikkel word nie. Dit word al hoe meer die onderwyser se taak om waardes by kinders te vestig, terwyl die ouer primêr hiervoor verantwoordelik was.

Hierdie voorspelling word tydens 'n kongres vir onderwysers (vgl. Versluis 2001:4) gemaak. Dit toon die erns van 'n probleem rondom die aanleer van waardes in die hedendaagse samelewing. In bogenoemde aanhaling word hardwerkendheid en eerlikheid as voorbeelde van waardes genoem, terwyl 'n waarde in die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:70) beskryf word as 'n *blywende oortuiging dat 'n bepaalde gedragswyse of bestaanseinddoel persoonlik of sosiaal verkieslik is*. Vir die doel van hierdie studie moet beklemtoon word dat die waardes in

ooreenstemming met die Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing as norm daargestel word.

Hierdie proses (naamlik die wyse waarop waardes aangeleer word) berus volgens Van der Merwe op die volgende vier faktore (1986:8):

- Ouerlike opvoeding
- Kerklike verkondiging
- Omgewingsfaktore
- Vorming op skool

Soos in Versluis genoem, word hierdie probleem nie meer voldoende in die ouerhuis hanteer nie (2001:4). Die gesinslewe in die hedendaagse samelewing word gefragmenteer deur byvoorbeeld woon- en werksareas wat geskei is, beroepsmobiliteit, tyd wat aan die televisie geskenk word, afsonderlike sosiale lewens van verskillende ouderdomsgroepe, asook talle aspekte wat met ekonomiese vooruitgang gepaard gaan (Prins 1995:56), terwyl dit ook moeiliker word om *gesin* in die moderne samelewing te definieer. Garland bespreek die verskillende moontlike definisies, asook die hedendaagse gesinsamestelling en struikelblokke volledig (1999:19-32).

Prins is van mening dat hierdie waarde-georiënteerde opvoedingsproses, wat deel vorm van geloofsosialisering, se sukses in die gesin, dus in die toekoms al hoe meer gaan afhang van die mate waarin kinders en hulle gesinne betrokke is in groepe waar soortgelyke sosialisering plaasvind (1995:53). Aandag moet dus, deur doelbewuste strukturering, geskenk word aan die skepping van 'n netwerk van verbande oor die

gesinsgrense heen (Larney & Lotter 2006). Prins meen verder dat hierdie vakuum wat geskep word deur die problematiek rondom sosialisering en identiteitsvorming 'n besondere geleentheid aan die kerk bied, aangesien dit een van die min plekke is waar intergeneratiewe sosialisering op natuurlike wyse plaasvind (1995:57).

Alhoewel daar al baie geskryf is oor die oplossing vir hierdie spesifieke probleem, word daar gewoonlik op een aspek van die kind se lewe gefokus. Daar is al raad vir ouers aangebied (McFarlane 1997), hantering van kategese is aangespreek (Duckert 1976, Pearl 1992, Breed 1994), jeugbediening is bespreek (Nel 1990) en selfs in die opvoedkunde is die probleem aangeraak (Henley 1997). Daar kon egter geen verwysing gevind word na 'n struktuur wat die kinders in hulle samelewingsverband, met die inagneming van alle faktore wat hulle geloofsgroei beïnvloed, hanteer nie.

Volgens Prins kan kategese-onderrig slegs sinvol wees indien dit kan bou op 'n basis van informele geloofsonderrig wat in die Christelike samelewing funksioneer (1991:250). Breed (1994) wys onder andere ook op die breër dimensie van onderrig in die Ou Testament deur op die volgende te fokus: onderrig deur die ouer, profeet en priestere, die viering van die Pasga en Sabbat en in die Nuwe Testament, die onderrig van voorgangers in die gemeente. Hierdie studie beoog om die moontlike bestaan van 'n struktuur soos die "kinderkampus" wat tegelykertyd die probleem rondom kategetiek en waardevolle sosialisering/waarde-opvoeding kan oplos te ondersoek. Die woord "kinderkampus" kan voorlopig verklaar word as *'n struktuur binne die gemeenskap wat ten doel het om spesifieke bediening aan kinders binne die Christelike geloofsgemeenskap te verskaf*. Dit is dus belangrik om op navorsingsvlak reeds so struktuur in te rig ten einde te voorkom dat 'n parakerklike organisasie na

vore kom. Die struktuur wat geskep word behoort ten volle as deel van die geloofsgemeenskap te funksioneer.

Nel som die probleem in die hedendaagse Christelike gemeenskap soos volg op (1990:211):

Samevattend kan die stelling gemaak word dat Bybelonderrig tuis, in die kerk en in die skool nie genoegsaam die vormende en lewensbepalende waarde het wat normaalweg daarvan verwag word nie.

Oplossings vir problematiek rondom die faktore wat die aanleer van waardes by kinders beïnvloed, kan dus saamgetrek word in *onvoldoende geloofsosialisering*.

Prins stel die relevante vrae soos volg (1991:258):

Vir eers is die vraag hoe die (kategetiese) onderrig ingerig kan word sodat dit onderrig bly, maar terselfdertyd reg kan laat geskied aan die sosialiseringsproses wat tussen leerling en leermeester behoort te voltrek. Verder is die vraag hoe die kategetiese as sulks deel kan word van die groter sosialiseringsverband van die gemeente. 'n Derde probleem is hoe die sosialiseringsprosesse intensioneel gestruktureer moet word in 'n gesekulariseerde samelewing waar so 'n sosialisering nie vanselfsprekend vanself plaasvind nie. Antwoorde op hierdie vrae is vir effektiewe kategetiese onderrig in ons dag van wesenlike belang.

Weens die feit dat kinders gevoelig is vir atmosfeer (McFarlane 1997:61), moet versigtig te werk gegaan word om strukture vir geloofsosialisering daar te stel. Sy is van mening dat kinders selfs op driejarige ouderdom van die onsigbare Opperwese kan leer terwyl hulle met die sigbare besig is (McFarlane 1997:26), terwyl sy ook 'n stimulerende omgewing, waar die kind geleentheid gebied word om vrae te stel (McFarlane 1997:32) en geleenthede waar die kind se ervaring langs die van die Skrif neergesit kan word (McFarlane 1997:30), aanbeveel.

Nel (1990:217) en Kuiper (1987:275) meen albei dat, om *goeie* kinders groot te maak sou begin met die skep van 'n klimaat waar oop kommunikasie tussen ouers, opvoeders en kinders kan gedy.

Die vraag ontstaan of dit moontlik sou wees om 'n struktuur (buite die bestaande, gesekulariseerde skoolstelsel) daar te stel waar die kind voldoende geloofsosialisering kan beleef ten einde Christelike waardes en norme te leer en kan uitleef.

Ten einde 'n bruikbare struktuur vir die doel van genoegsame geloofsosialisering daar te stel, moet die volgende vrae beantwoord word:

- Wat is die basiese beginsel vir geloofsopvoeding en opvoeding wat in die Skrif te vind is en op welke wyse is dit in hierdie studie van toepassing?
- Wat behels die term geloofsosialisering en hoe is dit in die praktyk van toepassing op die kind?

- Wat is die basiese beginsels vir geloofsosialisering op die metateoretiese vlak en op welke wyse kan dit op hierdie studie van toepassing gemaak word?
- Watter praktiese riglyne kan daargestel word om 'n werkbare struktuur vir geloofsosialisering by die kind, in konteks van sy gesin, daar te stel?

1.3 Doel

1.3.1 Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die daarstelling van 'n struktuur (buite die bestaande, gesekulariseerde skoolstelsel) waar die kind, in konteks van sy gesin, voldoende geloofsosialisering kan beleef ten einde Christelike waardes en norme, asook kennis van God, te leer en te kan uitleef.

1.3.2 Die volgende doelwitte word gestel:

- Om ondersoek in te stel na die basiese beginsels vir geloofsosialisering en opvoeding in die Skrif ten einde in die praktyk toe te pas by die daarstelling van 'n struktuur vir geloofsosialisering by kinders.
- Om ondersoek in te stel na die funksionering van die geloofsgemeenskap, met spesiale verwysing na die kind, ten einde die inligting te gebruik by die daarstelling van 'n moontlike struktuur vir die doel van effektiewe en voldoende geloofsosialisering.
- Om ondersoek in te stel na aanvaarbare opvoedingspraktyke (in die meta-teorieë) ten einde toepaslike inligting te gebruik by die

daarstelling van 'n struktuur vir geloofsosialisering by kinders, asook empiriese navorsing in hierdie verband.

- Om 'n praktiese riglyn te bied vir die daarstelling van 'n toepaslike en doeltreffende struktuur vir geloofsosialisering by kinders, deur middel van 'n **kinderkampus**.

1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie navorsing is dat dit moontlik is om, aan die hand van Bybelse riglyne, 'n struktuur daar te stel waarbinne geloofsosialisering vir kinders, in samelewingsverband en konteks van hulle gesinne, sinvol kan plaasvind.

1.5 Metodologie

Alhoewel in hierdie studie aansluiting gevind word by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het (vgl. ook Venter 1996:25-26) en in hierdie studie in ag geneem sal word, word die metode deur Getz (1980:16, Getz en Wall 2000:9) vir hierdie studie verkies. Volgens hierdie metode word die kontemporêre strategie uiteindelik geskep deur ondersoek in te stel na:

- Die Skrif, wat as ewige riglyn vir die Christelike geloofslewe dien,
- Die geskiedenis in geheel en spesifiek die geskiedenis van die kerk in die hantering van die medemens en probleme wat na vore kom, en
- Die huidige kultuur wat 'n duidelike beeld skep van die wêreld waarin die Christen en kerk homself bevind.

Alhoewel Getz sterk klem lê op die gebruik van die Nuwe Testament (1980:18), word in hierdie studie ook deeglik gebruik gemaak van die Ou Testament, ten einde die Skriftuurlike fokus te plaas op die Openbaringsgeskiedenis as geheel (vgl. Van der Walt 2006).

Wat die ondersoek van die Skrif betref, sal hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan word volgens die grammaties-historiese metode (vgl. Coetzee 1990:15-30; Lotter 1993:11) en die hermeneutiese uitgangspunte van die reformatoriese tradisie (Floor 1990:3). Ondersoek na die geskiedkundige aspekte van kerklike werking en probleemoplossing van toepassing op die ondersoek in hierdie studie sal Skriftuurlik, sowel as metateoreties vanuit die Kerklike geskiedenis ondersoek word.

In die ondersoek na die huidige kultuurtoestande sal vanuit die Opvoedkunde en Antropologie deur analise, interpretasie en sintese die tersaaklike materiaal keur en gerangskik word om in te pas by die opset van die navorsing. Ten einde tekortkominge in die model van onder andere Zerfass te omseil, sal dit met empiriese navorsing gekomplementeer word, ten einde die teorie wat ontwikkel word, te kan toets (Heitink 1999:167).

Ten einde 'n kontemporêre strategie daar te stel sal op hermeneutiese die wisselwerking tussen die verskillende *lense* naamlik die Skrif, kerklike geskiedenis en die huidige kultuur gefokus word. Empiriese navorsing is gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe ondersoek (vg. Steyn & Lotter 2006:106) waar die navorser vir 'n tydperk van meer as twee jaar op daaglikse basis (gedurende skoolkwartale) in 'n versorgende posisie teenoor die kinders gestaan het.

1.6 Hoofstukindeling

- 1 Inleiding
- 2 Die huidige situasie
- 3 Die Middeleeue en monastisisme
- 4 Die Benediktyne Reël en hedendaagse Reformasie
- 5 Empiriese navorsing
- 6 Model vir 'n “kinderkampus”
- 7 Gevolgtrekking

2

Die huidige situasie

2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om ondersoek te doen na die huidige situasie van kinders in die Suid-Afrikaanse Reformatoriese kerkgemeenskap, betreffende hulle deelname in hulle eie geloofsgemeenskap. Daar word ook opgelet na spesifieke probleme waarmee kinders in hulle geloofsgemeenskap en samelewing gekonfronteer word.

Gedurende 2005 publiseer Prins 'n reeks artikels (2005:220-233; 2005:486-498 en 2005:499-510) met die programinhoud in die kinder- en jeugbediening van die Nederduits Gereformeerde Kerk as fokus. Hierdie drie artikels het 'n hele aantal raakpunte wat van toepassing is op die navorsing vir hierdie studie.

Bogenoemde artikels word dus as basis gebruik vir die bespreking rondom die huidige situasie van die kind in die Reformatoriese kerke in Suid-Afrika. Dit word veral bespreek aan die hand van 'n literatuurstudie wat vir die doel van hierdie studie gedoen is.

2.2 Beleving van deel wees van die gemeente

Volgens Prins se navorsing, voel kinders in graad 6 en 7 (asook tieners) merendeels tuis in hulle gemeentes (2005:222). Die optrede van volwassenes in die gemeente speel hier 'n baie belangrike rol, terwyl dit opvallend is dat die predikant se optrede nie so 'n groot gewig dra nie, en selfs afneem soos gemeentes groter word.

Dit is dus kommerwekkend dat 'n minderheid gemeentes melding maak van pogings om kinders by **aktiwiteite in die gemeente** te betrek (Prins 2005:223). Die belangrikheid hiervan kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien navorsing deur Malan aantoon dat 75% van respondente Christenskap as lewensbeskouing gekies het voor die ouderdom van 18 jaar (Pieters 2000:8). In Suid-Afrika beskou 90% van tieners godsdiens as belangrik, maar die meerderheid van hierdie kinders weet nie watter godsdiens om te kies nie (Cilliers 2004:10). 'n Belangstelling in spiritualiteit neem ook toe, kinders beskik oor meer kennis as voorheen, wat daartoe lei dat hulle hul eie betekenis aan kennis en aktiwiteite heg – met die gevolg dat tieners elemente van verskillende godsdienste saamvoeg tot 'n eklektiese godsdienstebeleving (Dreyer 2004:921, 924).

Craffert meen dat die postmodernistiese wêreldbeeld wat vandag hoogty vier, verdere verwarring en probleme vir die Christelike godsdiens en gelowiges wat in krisistye leef, kan veroorsaak (2002:74). Kenmerke van hierdie wêreldbeeld is:

- Dat dit erken daar is nie net een korrekte manier om die wêreld en die werklikheid te verstaan nie. Alhoewel alle mense in dieselfde fisiese ruimte (op die aarde) leef, leef hulle in verskillende geestelike werklikhede.

- Dat dit 'n verskeidenheid voorstellings van die kosmos en menslike werklikheid herken. Toegepas op menslike en kulturele sisteme, beteken dit dat daar nie meer net een maatstaf is waaraan alle ander voorstellings getoets word nie.
- Nie alle standpunte of voorstellings is ewe skielik ewe waar of korrek nie. Alhoewel 'n verskeidenheid wêreldbeelde herken word, kan alles nie in een pot gegooi word nie. Elke diskoers of voorstelling kan juis nie op almal van toepassing gemaak word nie en is nie vir almal die werklikheid nie. Met ander woorde, dit erken juis nie dat, omdat sommige mense vas oortuig is van demone of engele of voorouers wat hulle lewe beïnvloed, dit as werklik beskou moet word deur alle ander mense nie.
- Die postmodernisme forseer almal om verantwoording te doen oor wat ons glo, doen en dink. Dit vra van ons om te begrond wat ons as werklik of waarheid aanvaar. Dit vereis 'n toetssteen vir waardes en etiek. Dit is nie meer goed genoeg om te sê omdat ons ouers glo, glo ons ook nie.
- Laastens word besef dat elke voorstelling van God, die mens of die werklikheid maar net menslike voorstellings is.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk beskou in wetenskaplike opnames die **erediens** as sentrum van die gemeentelike lewe. Graad 6-7 kinders voel tuis in die gemeente, terwyl tieners in die 1996-ondersoek grotendeels nie 'n gevoel van liefde en warmte in die diens ervaar het nie (Prins 2005:224). Alhoewel predikante dan ook in 44% van gevalle meld dat pogings aangewend word om kinders by die erediens betrokke te kry, waarsku Prins dat hierdie deelname dalk volwassenes onder die indruk bring dat

kinders tuis voel in die gemeente, maar dit is nie noodwendig die gevoel onder die kinders nie (2005:26). Prins stel voor dat kinders veral by informele kontakte in die gemeente moet inskakel, sodat hulle op meer maniere as net in die erediens kan voel dat hulle werklik tot die geloofsgemeenskap behoort (2005:226). Nicol toon aan dat die prediking self nie werklik 'n rol speel in stedelike jongmense se belewenis van die erediens nie – hulle verkies bloot dat die prediking duidelik, kort en prakties toepasbaar is (2003:290).

Semmelink beweer dat tot 70% van jongmense in Suid-Afrika kerklik onaktief is, met ander woorde jongmense gaan nie eers een maal per week kerk toe nie, wat nog te sê van katechese of Sondagskool, 'n jeugaksie of vereniging of enige ander gemeentelike aktiwiteite soos bidure, evangelisasie en Bybelstudiegroepe of selbyeenkomste (2001:47). Die volgende redes veroorsaak hierdie tendens (Semmelink 2001:49):

- Werkloosheid: Veroorsaak dat jongmense soos vroeër saam met ouers moet werk net om 'n bestaan te maak, ten spyte van wetgewing wat kinderarbeid verbied.
- Egskeiding: Twee ouerhuise, twee stelle waardes, twee kerke – geestelike opvoeding lei dikwels hieronder.
- Morele verval: Groter toleransie en vryheid bestaan en kinders word in 'n meer immorele omgewing groot. Hulle word groot met die idee dat hierdie gedrag sosiaal aanvaarbaar is.
- Sport en vermaak: Sportgeleenthede word al hoe meer op Sondag gehou en dit beteken dat nie net sportlui nie, maar ook beamptes en toeskouers uit die erediens gehou word.

Volgens gesprekke wat die navorser met kinders gevoer het, asook 'n artikel deur Van der Merwe (2001:63 vgl. ook Nicol 2003:290) dat *doelloosheid* en 'n *skynheilige, inkonsekwente Christelike lewenswandel* ook 'n groot bydrae tot kerkloosheid veroorsaak. Nicol (2003:290) voeg by dat aanbidding vir jongmense duidelik moet verband hou met dade.

As kerk (geloofsgemeenskap) sal ernstig besin moet word oor bedieningswyse, Kuyler (2001:33) meen dat daar gevra behoort te word of die behoeftes van die mense van ons tyd aangespreek word (Sammelink 2001:57), maar terselfdertyd moet versigtig te werk gegaan word – mense moet nie met blote foefies na die kerk getrek word nie. Blamires waarsku dat voorstaanders van "opwindende" kerkdienste om tieners te lok, net moet onthou wat gesinne reeds lankal oor die gedrag van tieners weet: dieselfde tieners wat pop-treffer met 'n arendsoog bestudeer se smaak verander namate hulle volwasse raak en hulle ontwikkel heel moontlik nog in 'n entoesias vir klassieke musiek (2001:64). Wanneer die style wat deur jonk en oud verkies word, funksioneel geïnterpreteer word, is dit duidelik dat jonk en oud tog dieselfde funksie van die diens vereis (Nicol 2003:292).

Van der Spuy meen dat die geheim vir groter kerklike betrokkenheid sou wees om (2001:104 e.v.):

- die amp van die gelowige te herstel, deur lidmate te bemagtig om hulle gawes te gebruik,
- strukture funksioneel en effektief te organiseer,
- eredienste aan te pas ten einde 'n ware ontmoeting met God te bewerk,
- kleingroepe as geloofsgemeenskap te vestig,

- weer die klem te lê op evangelisasie en die redding van mense (die gemeente moet in staat wees om mense na verlossing en geloofsekerheid te lei), en
- Christus as eerste liefde by alle lidmate te vestig, aangesien dit slegs deur sy brandende liefde is wat mens werklik 'n invloed op die wêreld om hulle sal hê.

Alhoewel betrokkenheid by **dienswerk** as essensieel gesien word in geloofsgroei, toon Prins se ondersoek dat dienswerk betreklik min aandag kry in kinder- en jeugbediening (2005:226). Voorbeelde van hierdie tipe dienswerk is: besoeke by bejaardes en hospitale, fondsinsamelings en besoeke om geskenkpakkies uit te deel. Prins meld egter dat hierdie dienslewering slegs blywende vrugte dra indien dit opgevolg word met deurlopende aandag aan die beginsel van dienslewering in die kind en tiener se daaglikse lewe en omgewing (2005:227). Hy haal ook Deuteronomium 6:7 in hierdie verband aan en sien dienswerk as ideale geleentheid om hierdie woord waar te maak (Prins 2005:229).

Probleme wat deur Prins voorsien word in die betrokkenheid van die kind by alledaagse dienslewering is die volgende (2005:227):

- die narsissistiese trekke van die jeugkultuur, waar tieners baie besig is met hulleself en die ontdekking van hulle eie identiteit,
- die gevolg van bogenoemde kultuur dat dienslewering aan ander (om vir ander te leef) teen die grein van hierdie kultuur ingaan, en
- die hoeveelheid tyd wat naskoolse aktiwiteite in beslag neem.

Diensbaarheid moet egter deel vorm van die kind se geloofsopvoeding en behoort nie as 'n aparte entiteit gesien word nie. 'n Staaltjie uit Jordaan skets 'n waardevolle waarskuwing in die verband (2002:49):

'n Skooljuffrou vra haar multi-kulturele klassie om die volgende dag iets skool toe te bring wat hulle herinner aan hul godsdien. So gesê, so gedaan. 'n Katolieke dogtertjie bring haar gebedsnoertjie en sê dit is vir haar die simbool van haar verbondenheid. 'n Joodse seuntjie bring sy yarmulka, die petjie wat Joodse mans dra, en sê iets soortgelyks. 'n Moslem-seuntjie bring sy gebedsmatjie, en sê dit is wat hom aan sy geloof herinner. En 'n dogtertjie van die NG Kerk bring 'n pan en sê: "Juffrou, dis die pan waarmee ons pannekoek vir die basaar bak".

In beide die jonger kind en die tiener, is die inskakeling en betrokkenheid by die lewe van die gemeente van uiterste noodsaaklikheid by geloofsontwikkeling. Prins (2005:227) toon aan dat 'n konteks van aanvaarding en *koinonia* tussen verskillende generasies noodsaaklik is by hierdie inskakeling.

Die groep vervang vir baie tieners die rol wat die gesin gespeel het. Die kerk kan 'n belangrike rol speel om in hierdie behoefte te voorsien. Die kerk is die een plek, die een ruimte waar 'n mens die warmte van aanvaarding en die versterking van aanmoediging behoort te ervaar ... Op die navraag oor wat

spesifiek gedoen word, was daar by voorbeeld maar baie min reaksie (Prins 2005:228).

Bogenoemde aanhaling is dan ook die spil waarom hierdie studie draai. Daar word heelhartig met Prins (2005:229, vgl. ook Nicol 2003:294, Dames 2006:30) saamgestem oor die noodsaaklikheid van persoonlike verhoudings waarbinne volwassenes as rolmodelle kan funksioneer – die rol van hierdie verhoudings by vereenselwiging met die gemeente vir die kind, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Te midde van verswakte gemeenskapsbande, word individualisme en verskille tussen groepe ook al meer op die voorgrond geplaas in die vorming van identiteit. In hierdie verband haal Magubane (1999:32) Seme ['n stigterslid van die ANC] se woorde wat reeds in 1912 uitgespreek is, aan:

In the works of nature, equality, if by it we mean identity, is an impossible dream! Search the universe! You will find no two units alike. The scientists tell us there are no two cells, no two atoms, identical. Nature has bestowed upon each a peculiar individuality, an exclusive patent – from the great giants of the forests to the tenderest blade. Catch in your hand, if you please, the gentle flakes of snow; it shines in its own glory – a work of art different from all of its aerial companions. Man, the crowning achievement of nature, defies analysis. He is a majesty through all ages and for all time. The races of mankind are composed of free and unique individuals. An attempt to compare them on the basis of equality can never be finally satisfactory. Each is self.

Yancey (2003:24) beskryf sy eie geloofsvorming as kind soos volg:

As I review my own pilgrimage of faith, I find it has mirrored the schizophrenia of the larger culture. Sometimes I am dominated by sin-consciousness, sometimes I rebel vigorously against it, often I avoid thinking about it altogether, I do recall, though, that amid all the unhealthiness of my childhood church one unmistakable message seared itself deep inside me. What I do MATTERS. More, what I do matters to God, who created this world and set the rules we disregard at our peril.

Die vraag kan dus tereg gevra word: Wat gaan die hardste spreek in die lewe van die kind in die Reformatoriese Kerk – God of die sekulêre gemeenskap?

2.3 Die fokus op die gesin en die persoonlike geloofslewe

Die gesin speel die primêre rol in geloofsvorming by die kind, dit is hier waar die kind sosiale gedrag aanleer en 'n gevoel van "behoort" ervaar (Koorsen 2003:9). Dit is noodsaaklik dat kinderbediening moet aansluit by en voortbou op geloofsvorming wat reeds in die gesin plaasgevind het (Prins 2005:487, Larney & Lotter 2006:8). Dreyer (2004:926) toon aan dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen die beeld wat kinders van God het en die beeld wat hulle van hulle ouerfigure het.

Bediening aan die ouers, moet dus na regte die beginpunt van kinder- en jeugbediening in die kerk wees (Prins 2005:487). Die meerderheid gemeentes probeer dan ook om ouers by kinder- en jeugbediening te betrek, maar sonder veel sukses

(Prins 2005:488). Dit spreek dus vanself dat daar by gemeentes min sprake van 'n intensionele en deurlopende program vir die toerusting *van ouers* bestaan. Dit is kommerwekkend, gesien in die lig daarvan dat net 35% van ouers meer as 20 minute per dag met hulle kinders gesels, terwyl 65% van ouers geskei is. Aldus navorsing deur Malan, veral aangesien sy navorsing ook aantoon dat tieners gemiddeld 9 ure per dag saam met hulle vriende spandeer (vgl. Pieters 2000:8). Ouers moet egter nie net met hulle kinders praat nie, maar ook luister (van Loggerenberg 2001:11). Dit is glad nie nodig dat ouers enige van hulle prestige hierdeur inboet nie!

Veral die verbrokkeling van die tradisionele gesin en die veranderende rol van die vrou in die gesin, skep probleme rondom verhoudingsvorming en behoort definitief aandag te geniet (Steyn en Lotter, 2006). Venter (2004) bied uitstekende riglyne vir bediening aan die Postmoderne gesin in konteks van die gemeente.

Prins (2005:490) maak ook melding dat die lees van die **Bybel en gebed** in die persoonlike lewe baie min aandag kry, alhoewel baie aandag tydens kinder- en jeugaksies daaraan geskenk word. Smith (2001:2) rapporteer dat toenemend gevra word dat kinders deur toepaslike literatuur in die skool blootgestel word aan aktuele onderwerpe. Indien die kind nie gegrond is in die Woord nie, mag hierdie (verpligte) literêre ervaring die kind laat afdwaal van die Ware Leer. Hierdie probleem mag verder bemoeilik word deur 'n voorstel van die Minister van Onderwys na 'n Werkswinkel oor Godsdiens in Onderwys (Mei 2000) waarvolgens 'n voorstel gemaak word dat diversiteit in godsdiens in Suid-Afrika erken word, maar ook dat dit op so wyse in skole aangebied word, dat alle kinders hulle eie godsdiens in die gesamentlike morele waardes daarvan herken (Chittester, 2002:11). Die idee is dus dat elke kind

gemaklik sal voel in die gesamentlike waardestelsel. Die vraag is egter of 'n kind Woordgetrou kan bly in 'n stelsel waar godsdiensonderrig gebaseer word op die verwagtinge wat die Suid-Afrikaanse regering vir sy landsburgers daarstel?

Prins toon ook duidelik aan dat die hedendaagse literatuur oor kinder- en jeugbediening telkens melding maak van kinders se hunkering na enkele outentieke, **betroubare verhoudings met volwassenes** (2005:491). Terselfdertyd meld Prins (2005:491) dat persoonlike gesprekke wat geloofsgroei ten doel het, eers op 'n baie laat stadium (gewoonlik by die belydenisklas) met kinders gevoer word.

Die kernwaarde van verhoudings met volwassenes is vir Prins die feit dat dit binne die konteks van hierdie verhoudings is waar rolmodelle kan funksioneer (2005:492). Die kind kan hierin 'n demonstrasie van die Christelike lewe sien en ervaar, terwyl die Evangelie terselfdertyd aangehoor word. Prins waarsku dat die bou van hierdie verhoudings baie besinning en voorligting verlang, aangesien dit 'n besondere bekwaamheid en spesifieke opleiding vir die jeugwerker hier nodig is (2005:4950).

Die proses van waardevorming word bemoeilik deur hierdie gebrek aan persoonlike aandag en intensionele praktiese optrede. Prins se studie toon dat die aksent vir die proses van **waardevorming** veral op die prediking en kategetiese lê (2005:493). Alhoewel dit belangrik is dat hierdie onderwerp in die erediens en kategetiese aangesprek word, is dit nie voldoende nie. Hierdie proses kan nie as blote teorie funksioneer nie – rolmodelle (waarvan die ouer die belangrikste is) is noodsaaklik (Prins 2005:493). Dit is ongelukkig ook so dat die persone wat as voorbeeld vir

tieners moet dien, gewoonlik ook die groep is wat self voor versoeking soos drank en dwelms swig (Pieters 2000:8).

Te midde van al die postmodernistiese invloede waarmee tans wêreldwyd, en ook in Suid-Afrika, geworstel word, het Christene in Afrika ook nog te doen met die nagevolge van "Christelike" kolonialisme en in Suid-Afrika die opvolger daarvan – die Apartheidsregime (Nicol 2003:292). Dit blyk duidelik uit 'n Wes-Afrikaanse verwerking van die bekende lied *Onward Christian Soldiers* watter invloed die konneksie tussen Christenskap en kolonialisering op die inheemse volke van Afrika se perspektief van westerse invloed, het (Prah 1999:47):

*Onward Christian soldiers, unto heathen lands,
Prayer books in your pockets, rifles in your hands
Take the happy tidings where trading can be done,
Spread the peaceful gospel with the Gatlin gun.*

Ntuli (1999:191) kritiseer dan ook die wyse waarop Christenskap deur die westerse samelewing gebruik is om mag oor die res van die wêreld te verkry. Hierdie skrywer meld verder dat Christenskap as 'n "perfekte" godsdiens beskou word, veral wanneer hy beskryf hoe Afrika-gebruike misverstaan en dan ook verwerp is – op hierdie wyse het talle kultuurgebruike wat andersins nie as skadelik of heidens beskou sou word nie, verdwyn.

Soos Gideon Nel dit tereg stel (vgl. Muller, 2002:20):

*Dit is nie omdat ek nie wil glo nie, of nie in God glo nie, net dat
ek nie langer kan glo soos die Kerk van my verwag om te glo
nie: in 'n knoeiende God, 'n wraakgierige God, 'n wrede God ...*

Volgens Strauss (2001:38; Steyn & Lotter 2006) beleef baie Afrikaners nog 'n lugleegte en identiteitsverlies na al die veranderinge sedert 1990. Hulle het nog nie weer aan die gang gekom nie, 'n visie op die toekoms gekry of van hulle ontnugtering met gister en vandag ontslae geraak nie. Optimisme oor die toekoms is dikwels net 'n dun, fatsoenlike geloofslagie wat weier om in morbiede geselskappe bes te gee – die verdwyning van Apartheid het toe nie alle probleme laat verdwyn nie. Die verskuiwing van die klem na menseregte, veroorsaak volgens Blamires verdere probleme, aangesien Christelike denke deurlopend eerder gefokus is op *pligte* (2001:14).

Dit is ooglopend dat die Christelike geloof spesifiek, en godsdiens in die algemeen, in fiksie wat afspeel in die nabye toekoms van die aarde en op die aarde (genoem *cyberpunk*), óf glad nie bestaan nie, óf deur die bank as disfunksioneel uitgebeeld word. Gelowiges word meestal uitgebeeld as die skurke wat die helde in die verhaal beveg (Smith 2002:21). Die realiteit in die hedendaagse Suid-Afrikaanse kerk weerspieël die fiksieskrywers en voorspellers se uitbeelding van die Christelike geloof en instellings: die aantal Christene in Suid-Afrika het gedurende die tydperk 1980 tot 1991 van 77% tot 74% van die bevolking gedaal (Naudé 2001:47).

Prins toon aan dat 'n groot gevoel van wanhoop te midde van al die vooruitgang en ontwikkeling in die wêreld heers (2003:143). In 'n studie deur Malan wat in 2000 gedoen is, word aangedui dat 25% van sy respondente 'n donker politieke toekoms verwag, daarteenoor verwag net 45% 'n rooskleurige toekoms (Pieters 2000:8). Respondente tydens Prins se studie toon egter dat daar steeds min of geen aandag volgens tieners aan **hoop** as onderwerp spandeer word nie (2005:494). Veral in Afrikaanse geledere word die negatiewe houding van volwassenes oorgedra op tieners. Hulle wat self die pad moet vind wanneer ouers met betrekking tot geloof, kerk, seks, musiek, taal en politiek apaties terugsit (Strauss 2001:40). Hierdie kinders het egter geen agtergrond oor die ware geskiedenis nie – 'n diep Skrifgeloof en die Gereformeerde Belydenis was lank voor Apartheid reeds daar en bestaan steeds.

Epstein beskryf dan ook die huidige generasie kinders as 'n generasie sonder hoop, sonder enige illusie dat 'n beter toekoms bestaan – kinders wat in die voorstede grootword, op McDonalds, winkelsentrums en MTV (2002:26). Hoe anders, as Giroux in die VSA wat die gemeenskap daarvan beskuldig dat hulle 'n ongeërgde houding teenoor die jeug openbaar, wat die kinders se lewensomstandighede verder verswak (2002:26)? 'n Houding soos hier beskryf, toon aan dat kinders tans in die VSA heel onder aan die nasionale prioriteitslys lê.

2.4 Die aandag aan kontekstuele faktore

Daar is reeds getoon dat die invloed van die opvoeding wat kinders by die huis ontvang, van uiterste belang is. Dit is dan ook van toepassing wanneer dit kom by die **invloed van die media** op kinders. Die feit dat ouers nie toegerus is om hierdie saak

invloed van die media op kinders. Die feit dat ouers nie toegerus is om hierdie saak te hanteer nie, is die belangrikste probleem by die weerbaarmaking van kinders in hierdie verband (Best & Keller 2002:85; Prins 2005:500). Die kerk is dan ook veronderstel om die ouers toe te rus vir hierdie verantwoordelikheid, aangesien die media se invloed op kinders veral voortspruit uit twee belangrike psigologiese ontwikkelingsbehoefte, naamlik intimiteit en identiteit (Schultze 1991:59).

Stremlau (1999:117) voeg hierby dan ook die invloed van die internasionale markte en die *world wide web* se eerstewêreld informasie-tegnologie op Suid-Afrika. Die Westerse samelewing het met die aanbreek van die een-en-twintigste eeu gedrukte geletterdheid agtergelaat, en sentreer nou rondom 'n nuwe kultuur van *image* (Nicol 1996:109). 'n Ander gevaarlike tendens is dat meer mense hulleself isoleer in hulle werksomgewing en tuiste, waar hulle al meer tyd voor die rekenaar of televisie deurbring – hierdeur word wyer bande met die gemeenskap verswak (Scholte 1998:284).

MTV berig dat 99,4% van hulle kykers wel in God glo (Cilliers 2004:10). Navorsing in die VSA het getoon dat tieners meer uit 'n film kry as uit 'n erediens (Früs 2000:6). Daar word onder andere in die artikel melding gemaak van die emosiebelaaide dooptoneel in *The Lion King*, en Leonardo di Caprio se onvoorwaardelike liefde (so in die Nuwe Testamentiese tradisie?) vir Kate Winslet in *Titanic*, as onderwerpe wat 'n religieuse belewenis aan kinders bied. Ongelowige tieners vind ook aanklank by die religieuse temas in *7th Heaven* en *Touched by an Angel* – natuurlik mits iets anders as godsdiens hulle aandag trek en daartoe bydra dat hulle die program kyk. 51% van tieners kyk dan ook meer as 2 ure televisie per dag (Cilliers 2004:10).

Alhoewel Prins (2005:502) meen dat **seksualiteit** nie gereeld hanteer hoef te word nie, meld hy spesifiek dat beide predikante en jeugleiers sonder enige navrae in die verband, meld dat daar 'n behoefte aan geskikte materiaal oor die onderwerp bestaan (sien ook Rademeyer 2001:9). Dit toon duidelik dat meer aandag in gemeentes hieraan gegee behoort te word. *Rapport* berig op 13 Mei 2006 dat 'n negentienjarige seun verdink word daarvan dat hy 'n video van seksuele aard van homself en sy een en twintigjarige meisie gemaak het (Botes 2006) – gedrag ontstellend genoeg om die koerant te haal. 'n Studie van die Universiteit van Port Elizabeth ses jaar gelede, waarby dr. Susan Terblanche betrokke was, toon dat 20-27% van respondente (sommige so jonk as 12 jaar) gereeld seks het met verskeie maats en sonder beskerming (Pieters 2000:8).

Seksualiteit is 'n onderwerp wat slegs sinvol hanteer kan word binne die geheel van die opvoedingsproses waarbinne eerbied vir jou medemens, aanvaarding van gesag, norme en waardes, selfbeheersing en onselfsugtige liefde by kinders geïnternaliseer word. Ouers se voorbeeld is van uiterste belang, terwyl hulle ook op hoogte behoort te bly van inligting wat by die skool verskaf kan word, ten einde opvolgwerk in die verband te doen (Rademeyer 2001:9). Wat volwassenes (wat as voorbeeld behoort te dien) betref, is dit ongelukkig so dat Blamires die volgende gedeelte wat handel oor egbreuk uit 'n tydskrif aanhaal (2001:107):

Adultery isn't particularly desirable, but nor is it a sin ... It's difficult to be monogamous. You fall in love with someone and don't look at anyone else, but the years pass, and things change.

*I've never been married long enough to know how long
monogamy is realistic. I imagine about seven years.*

Die skrywer van bogenoemde aanhaling is 'n vrou van 85.

Aansluitend hierby, behoort voorkomend opgetree te word ten opsigte van kindermishandeling en -misbruik, deur ten minste te sorg dat elke kind met wie die kerk kontak het, op een of ander wyse die nodige voorligting ontvang (Prins 2005:502). Mishandeling is kommerwekkend aan die toeneem in Suid-Afrika (Rademeyer 2001:9; Kruger 2003:6).

Dwelmafhanklikheid en misbruik is 'n probleem wat algemeen voorkom, vandag selfs onder laerskoolkinders (Koorsen 2003:9). 15-20% van respondente in die studie van die Universiteit van Port Elizabeth wat reeds genoem is, het aangetoon dat hulle oormatig drink (Pieters 2000:8). Prins is van mening dat die kerk baie seker moet maak dat hierdie probleem deur 'n ander instansie hanteer word, alvorens hulle besluit om dit nie self te hanteer nie (2005:503). Die kerk moet egter ten minste seker maak dat ouers die nodige voorligting ontvang om die probleem te kan raaksien.

Daar word ook in die kerk baie tyd aan **selfmoord** spandeer, alhoewel dit een van die probleme is wat ruimte bied vir voorkomende aksie (Prins 2005:504). Dit is skrikwekkend om te dink dat 'n derde van pasiënte wat na 'n selfmoordpoging in die hospitaal opgeneem word, tieners is (Cilliers 2004:10). Cilliers meld ook dat een uit elke twaalf hoërskoolleerlinge selfmoord oorweeg (2004:10). Prins stel voor dat daar in hierdie verband veral klem gelê moet word op die Christen se mensbeskouing van lewe as 'n gawe en roeping van God (2005:505). Hierdie beskouing van die mens kan

ook van toepassing wees by geweldsmisdade wat deur tieners gepleeg word. De Bruin rapporteer op 6 Mei onder andere 'n voorval waar 'n minderjarige seun sonder rede 'n rewolwer uitgepluk het en twee medeskoliere geskiet het (2006).

Die hedendaagse samelewing se verbruikerskultuur skep doelbewus behoeftes by die jeug en voorsien dan in daardie behoeftes. Besittings word gesien as statussimbole, so verkry die mens ook sogenaamd mag (Nicol 1996:5). Waar dit gaan ook **materialisme**, gaan dit dus oor 'n geestesingesteldheid waarmee daaglikse konfrontasie plaasvind. Prins vind dit nodig dat kinders van kleins af met die temas van *rentmeesterskap, offervaardigheid en mededeelsaamheid* moet kennis maak (2005:505).

Yancey toon dat, ten minste in die moderne VSA, die sogenaamde sewe doodsondes vandag beskou kan word as die *seven seductive virtues* (2003:105):

- **Hoogmoed:** Applous word gereserveer vir wenners – in die musiekbedryf, besigheid of sport. Diegene met 'n hoogmoedige houding ontvang gewoonlik die meeste publisiteit. Ons vertoon ons medaljes op die Olimpiese Spele met trots, deel geskenke aan die wenners uit en lees boeke oor sake-etiket wat geskoei is op die waardes van Machiavelli en Attila die Hunnekoning.
- **Jaloesie:** Die hele advertensiebedryf is gebou op jaloesie tussen kollegas en bure. Wat ook al die nuutste elektroniese wonder of liggaamsbou my buurman het – ek soek dit ook!

- **Woede:** Ons moet uiting gee aan woede, vertel sielkundiges ons. *Trash talk*-programme op televisie (soos Jerry Springer), byeenkomste en politieke debatte bied geleentheid hiervoor.
- **Gierigheid:** Die ekonomiese motor van ons nasies, die hele wêreld, hang af van 'n konstante gevoel van onvervuldheid wat verbruikers noop om net meer en meer te wil besit.
- **Luiheid:** Vind 'n eiland met 'n lieflike strand, tree vroeg af en ontspan – voel goed. Dit is alles deel van die Amerikaanse droom.
- **Vetsug:** Elke jaar word die koeldranke en tjipsakke groter, so ook die middellywe. In die VSA is 64% van die bevolking oorgewig.
- **Wellus:** Van Lycra-beklede professionele *cheerleaders* tot dansende poppies op MTV-videos – seksualiteit is die industrie wat die meeste geld maak.

Gesien in die lig daarvan dat tussen 40% en 50% van die Suid-Afrikaanse bevolking as arm beskou kan word, is **armoede** 'n aktuele onderwerp in vandag se bediening aan die kind en jeug (Prins 2005:506; De Klerk 2006:41). Elke kind word op direkte of indirekte wyse hieraan blootgestel: die een uiterste is 'n ongeërgdheid van kinders wat nie armoede aan eie lyf voel nie; aan die ander kant is daar die groot aantal jongmense wat worstel om te oorleef en armoede op geestelike vlak te verwerk (De Klerk 2006:45). Die voormalige staatspresident, Nelson Mandela het in 1999 die volgende oor die onderwerp van armoede gesê:

South African society is still divided by huge economic and social disparities. We need to ask ourselves where they stem from and how we [can] overcome them ... How are we to

overcome poverty?... Perhaps the answer lies in our ability to replicate the best elements of our society, at all levels and among all communities.

(Nelson Mandela Foundation 2005:1)

Die verwagting is dus dat alle lede en organisasies in die gemeenskap by die probleem van armoede in Suid-Afrika betrokke behoort te wees. Die beeld van die wêreld het egter net een van twee opsies (Khoza 1999:284):

One is of the emaciated child with distended stomach and flies swirling around a sunken face with the vacant eyes of death waiting ... The other image is that of an 11-year-old toting an automatic assault rifle and with a rocket launcher on his back, used as a storm trooper in genocidal wars.

Khoza gaan verder:

Rarely do we see the face of Africa's children as freshly scrubbed, and shiny, eager with curiosity and thirsty for knowledge, full of confidence and free of the cares of the world.

2.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na die huidige situasie waarin veral kinders in die Suid-Afrikaanse Gereformeerde kerke hulle bevind, ten opsigte van hulle deelname in hulle plaaslike geloofsgemeenskappe. Daar is ook opgelet na spesifieke probleme waarmee hierdie kinders in die samelewing te doen kry.

Dit is duidelik dat daar 'n hele aantal faktore is wat geloofsvorming by kinders beïnvloed en dat die kerk tans in gebreke bly om hierdie faktore effektief aan te spreek.

3

Die Middeleeue en Monastisisme

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word kortliks gekyk na die Middeleeue, met spesifieke fokus op die Christelike lewenstyl gedurende hierdie tydperk ten einde 'n begrip te vorm van die wyse waarop die mens hierby aangepas het, en veral hoe die Christene dit oorleef het deur hulleself in die wêreld, deur geloof laat geld het.

Gedurende die Middeleeue ontstaan 'n krisis wanneer talle veranderinge mekaar in die lewens van mense en volke vinnig opvolg en met mekaar oorvleuel. Dit bring talle probleme in die maatskaplike en geloofslewe van die mens teweeg.

Monastisisme het, soos aangetoon sal word, 'n groot invloed op die geloofslewe en samelewing van die Middeleeue gehad, en die voor- en nadele van hierdie lewenstyl sal ondersoek word, aangesien monastisisme 'n groot rol in hierdie ondersoek speel. Die agtergrond van die Benediktyense Reël en die praktiese toepassing hiervan gedurende die Middeleeue word ook bespreek. Die Benediktyense Reël word dan ook verder in die opvolgende hoofstukke bestudeer en bespreek, na gelang van toepaslike inligting vir die verskillende hoofstukke.

3.2 Kerklike en maatskaplike situasie tydens die Middeleeue

Die wêreld waarin St. Benedictus gebore is, was 'n onvoorspelbare en onveilige plek. Die val van die Romeinse Ryk in 410 AD was 'n traumatiese skok vir die hele bevolking van Europa. Die grootste gedeelte van die mense se tyd is in beslag geneem deur die verbouing van voedsel, ten einde nog 'n jaar te oorleef (bylae 1d). Merdinger beskryf die rol van die Christelike geloof gedurende hierdie moeilike omstandighede soos volg (1991:27):

As civilized life gradually ebbed away, one vital force continued

To pulse through the Mediterranean – Christianity.

Invalle deur die sogenaamde barbare was een van die essensiële elemente van hierdie krisis (Le Goff 1992:15; De Waal en Norris 2001:15). Die invalle het 'n vlag van verwoesting agtergelaat, wat talle veranderinge in die gemeenskap teweeg gebring het. Verwarring word deur hierdie aanvalle veroorsaak, veral die mengelmoes van aanvallers. So byvoorbeeld was daar nie 'n algemene wetgewer in die barbaarse koninkryke nie en was persone onderworpe aan die juridiese gebruike van die etniese groep waartoe hulle behoort het. Die gemiddelde mens was egter nie altyd seker aan watter van die baie leiers – kerk of individu, prins of dorp hulle onderworpe was nie (Le Goff 1992:96).

Hierdie toestande lei daartoe dat alle organisasies, hetsy militêr, administratief of ekonomies, begin verbrokkel het. 'n Gebrek aan vaardighede was algemeen, hongersnood het algemeen voorgekom, terwyl die mens al meer bygelowig geraak het

(Le Goff 1992:15; bylae 1d). Dit was vir die gewone mens noodsaaklik om deur die hoër klasse, wat ook die leiers van die militêre strukture was, beskerm te word. Dit het die mens in byna dieselfde situasie as 'n gewone slaaf laat beland. Die hele situasie is natuurlik vererger deur die Middeleeuse Christelike oortuiging dat dit 'n groot sonde is om jou posisie in die lewe te ontsnap (Le Goff 1992:26).

Alhoewel vroeër deur baie skrywers aanvaar is dat die Middeleeue 'n statiese, byna beweginglose tyd in die geskiedenis was, is hierdie siening besig om vinnig te verdwyn. Die tydperk kan egter wel gesien word as 'n verwarrende wisseling tussen hopeloosheid en tevredenheid (Thomas 1972:101). So byvoorbeeld is bygelowigheid bo wetenskap geglo, maar terselfdertyd is speserye ingevoer en het skole begin ontstaan (bylae 1d).

Die gewone mens se lewe in Europa gedurende die Middeleeue, was gesentreer rondom twee dinge naamlik die alledaagse realiteit en die onsigbare, geestelike/godsdienstige werklikheid. Jean Froissart (vgl. Thomas 1972:152) vang hierdie dualisme vas in sy verhaal "The Burghers of Calais" wanneer hy die haglike omstandighede van die dorp se inwoners beskryf: ... *for hunger might drive many of them frantic and cost them their souls with their bodies*. Ten spyte van die wêreld rondom hom waar probleme hoogty vier (armoede, siekte, misdaad, oorlog), vind die mens 'n gevoel van vrede in die beelde van 'n ander wêreld soos dit in sy plek van aanbidding voorgestel word (Yancey 2003:164).

Die kunswerke in die Sistyne Kerk en op die mure van sy plaaslike kerk, word deur die Middeleeuse mens as letterlike waarhede verstaan. Die mens lewe op die fisiese

planeet aarde word beskou as net 'n kort gedeelte van die ewigheid en daarom word daar moeite gedoen om kontak te bewerkstellig met die geestelike sfeer wat nie gesien kan word nie.

Murray (1978:112) is egter van mening dat talle mense gedurende die Middeleeue bewus was van die feit dat die mens nie die natuur kan beheer nie. Hy toon verder aan dat astrologie gedurende hierdie tydperk hoogty gevier het, en uiteindelik ook die basis gevorm het vir hedendaagse wiskundige wette (Murray 1978:114). Die kruistogte gedurende hierdie tydperk versprei ook inligting onder verskillende volke: so het lede van die derde kruistog die windmeul aan die Midde-Ooste bekendgestel (Mokyr 1999:44).

Wat kuns en literatuur betref, was godsdiens oor die algemeen die hooftema (Thomas 1972:101; bylae 2h), en die kloosters was basies die enigste plek waar skriftelike dokumentasie en onderwys 'n tuiste kon vind. Dokumente wat in die kerke en kloosters geberg is, het onder andere bestaan uit nuttige vakgebiede soos trigonometrie en is met die hand gekopieer en onder akademici oral oor Europa versprei. Dit het tot die gevolg gehad dat onderwys 'n spesifieke ekklesiastiese karakter aangeneem het. Aan die einde van die twaalfde eeu word die literêre en intellektuele posisie wat die kloosters geniet het, ingeneem deur die skole. Die monnike kon bloot nie kers vashou by die logika, wette en teologie van die ander skole en universiteite wat ontstaan het nie (Knowles 1969:108).

Christene is onder andere gedurende die ontstaan van hierdie Middeleeuse krisis daarvan beskuldig dat hulle die tradisionele gode uit Rome verdryf het, wat hulle

verantwoordelik maak vir die probleme (Le Goff 1992:17). Konstantyn was die persoon wat veral die Christelike geloof na vore gebring het deur dit as staatsgodsdienst in te stel. Na die instelling van Christenskap as offisiële godsdienst in die Romeinse Ryk, voel baie ware Christene dat geloof "in die wêreld" op sy beste maar louwarm is (Vest et al. 2004:22).

Die Katolieke Kerk was tog ook vir baie die enigste waarop hulle hul hoop kon vestig na die val van die Romeinse Ryk en biskoppe het gedomineer deur hulle geboortereg, kennis, puriteinse lewenswyse en rykdom. Konsensus word deur talle bereik dat, indien iemand ernstig is oor godsdienst, daadwerklike opleiding – wat poog om die wysheid van vorige generasies te absorbeer en uit die ondervinding van vorige geslagte te leer – noodsaaklik is (Vest et al. 2004:22).

3.3 Monastisisme as alternatiewe lewenstyl.

3.3.1 Positiewe invloede van monastisisme

Alhoewel monastisisme, of 'n soortgelyke stelsel, in ander gelowe ook bestaan (Knowles 1969:9), kan die ontstaan van hierdie stelsel in die Christelike geloof hoofsaaklik toegeskryf word aan die volgende faktore (Rausch 1990:40):

- Talle mans en vroue het gedurende die tydperk net voor en tydens die Middeleeue gevoel dat die Evangelies se oproep tot bekering, opoffering en heiligheid op dowe ore geval het. Hulle was dus nie tevrede met die wyse waarop Christenskap op daardie tydstip uitgeleef is nie, terwyl:

- Christus se woorde in onder andere Matteus 5:48 en 19:12 en Markus 8:34 en 10:29 het baie mense daarvan oortuig het dat 'n radikale lewe van eenvoud, bestaande uit gebed, fisiese arbeid, eenvoudige voeding, eenvoudige kleding en basiese behuising hulle keuse behoort te wees, en
- Dit ook nodig was dat mense leer om hulle liggame te dissiplineer, terwyl seksuele aptyte ook oorwin moes word.

Rousseau (1991:116; bylae 1b) waarsku dat daar nie aanvaar kan word dat net een spesifieke monastiese model bestaan nie en dat literatuur wat net een tipe monastisisme beskryf, selfs as propaganda beskou kan word. Hy meen egter ook dat dit wel die moeite werd is om 'n deeglike (al dan versigtige) studie van hierdie onderwerp te doen, aangesien:

We may discover in the process unexpected freshness, and perhaps even clearer relevance to our own lives, in its less enduring ventures (Rousseau, 1991:122).

Met bogenoemde in gedagte, word monastisisme in hierdie studie wel met die Benediktyanse model in gedagte gebruik. Vir die bespreking van 'n tipiese dag in 'n Middeleeuse klooster, sien bylae 1c. Die wyse waarop St. Benedictus sy drievoudige idee van ekonomiese bestuur, intellektuele en artistieke aktiwiteit en spirituele asketisme daarstel (Le Goff 1992:126), voldoen aan die spesifieke vereistes vir probleemoplossing wat in hierdie studie daargestel is – soos later duidelik sal word.

Die Reël van St. Benedictus was nie oornag 'n sukses nie, maar het met tyd 'n belangrike rol ingeneem weens die uitvoerbaarheid daarvan, daarom word St. Benedictus dan ook as die patriarg van monastisisme in die Weste beskou (Knowles 1969:33). Vir die eerste navolgers van die monastiese reël was die Skrif die basiese reël wat gevolg moes word en was die monastiese reël slegs 'n poging om die Skrif van toepassing te maak op die omstandighede waarin geleef is. Dit was slegs gedurende die tyd van Karel die Grote (die negende eeu) wat die Benediktynse Reël op die hele Franse ryk afgedwing is (Kordong 1996:36).

Tydens die situasie in die Middeleeue, bied die monastisisme broodnodige balans en sekuriteit (Chittester 1992:67). Die kloosters word vanuit 'n beginsel van gemeenskaplikheid bedryf, is stabiel en selfonderhoudend. Die biskoppe en monnike vervul nie net 'n geestelike rol tydens hierdie moeilike tydperk nie, maar ook (Le Goff 1992:33):

- 'n Politieke rol deur met die barbaarse invallers te onderhandel,
- 'n Ekonomiese rol deur voedsel te verskaf en algemene liefdadigheidswerk te verrig, en
- Selfs 'n militêre rol deur teenstand teen invalle te bied deur geestelike wapens te gebruik waar fisiese wapens nie meer van toepassing is of bestaan nie.

Hierdie kloosters was nie daarop uit om mense in afsondering te plaas nie, en verwag ook nie van inwoners 'n bedelaarsbestaan nie. Dit is bloot gewone mense, met gewone lewens wat 'n nuwe stabiliteit en fokus vind – hulle leefwyse is gesentreer rondom

God, vrede met hulle medemens en harmonie met die natuur (Rausch 1990:43; Chittester 1992:67).

Vest et al. is van mening dat die lewe in so 'n gemeenskap sy eie uitdagings bied wanneer irritasie, vergelykings en konflik die menslike ego tot isolasie van ander dwing (2004:22). Tog het St. Benedictus hierdie tipe situasies deurlopend as situasies vir selfopoffering in die konteks van die gemeenskap van gelowiges benut.

Hanekom sien hierdie selfde behoefte om 'n verskil in sy gemeenskap te maak, by Calvyn raak en lewer die volgende persoonlike mening (2000:23):

Dit het my aan die hart gegryp toe ek begin verstaan het dat 'n kerkvader soos Calvyn nie in die eerste plek gedroom, gestry of geskryf het oor hoe ons van die kerk 'n beter plek kan maak nie, maar watter waardes en beginsels in plek moet kom om van die stad waar hy gewoon en werk het, Genève, 'n beter plek te maak.

Daar word dus in beide die geval van die monnike en Calvyn eerstens opgelet na 'n verandering in hulle omgewing per se, eerder as blote verandering of aanpassing in die kerk, vir die gelowige. Dit is opvallend dat selfs enkele Protestante hierdie lewenstyl volg, alhoewel Luther se leringe tydens die Reformasie tot die einde van die kloosters gelei het (bylae 1b).

Dit gebeur dan ook dat die kloosters die spil van die plaaslike industrie en sosiale samesyn word. Rondom hierdie kloosters ontwikkel dan ook splinternuwe

gemeenskappe (Knowles 1969:37, Chittesters 1992:68, Schmith 2001:379). Veral die geïsoleerde kloosters op die platteland met werksinkels waar vaardighede behoue gebly het en biblioteke wat 'n intellektuele kultuur kon laat voortbestaan, was baie belangrik. Kinderhuise, hospitale en werksinkels vir werkloses vorm ook soms deel van die klooster se gebied (Knowles 1969:22). Die grondgebied van die kloosters, hulle gereedskap en die werksmag van die monnike en ander betrokkenes het sukses bewerkstellig (Le Goff 1992:120).

So word die monnike gereeld die "boere van Europa" genoem (bylae 1a), terwyl hulle ook literatuur versamel, beskerm en versprei het (bylae 1a; bylae 2i). Skole ontstaan (bylae 1a) deurdat die gebruik ontstaan om kinders na die monnike te bring, ten einde hulle te laat opvoed in diens van God. Skole is steeds vandag byna sinoniem met die kloosters (bylae 2e; bylae 2f).

Argitektuur was 'n byna vanselfsprekende uitvloeisel van hierdie lewenstyl, aangesien geboue noodsaaklik was vir die praktiese uitlewing hiervan (bylae 1a). Die sukses en erns hiervan word geïllustreer deur die feit dat Middeleeuse graanstore byna dieselfde lyk as kerke (bylae 2l). Dit dui ook duidelik op die fokus wat die Middeleeuse mens op die geestelike geplaas het.

In bylae 2e-2l kan gelees word van die verskeie bydraes wat monnike gelewer het. Selfs die verbouing van alkoholiese produkte was deel van hulle bydrae, produkte waarvan die kwaliteit van so 'n aard was, dat dit vandag nog op die mark en steeds gewild is!

3.3.2 Negatiewe aspekte van monastisisme

Die monastiese ideaal as 'n oproep na heiligheid was oop vir alle Christene, maar as 'n stelsel met sy fokus op bekering en selfopoffering, was dit ook 'n ideale teiken vir verwringing en fanatici (Rausch 1990:43). Die monastiese stelsel met sy goed gedissiplineerde aanhangers – wat boonop nie veel belangstelling getoon het in die aardse dinge, was dan ook die beste agente vir die pouslike politiek.

Die mening van kerkvaders het gedurende die Middeleeue dikwels as onomstootlike bewys vir die aanvaarding van argumente gedien. (De Boer et al., 1995:280). Verder is daar ook aanvaar dat daar twee maniere was om paganisme te hanteer, naamlik (Murray 1978:95):

- Vernietig alle tekens van paganisme soos tempels en standbeelde, kap heilige bome af, ensovoorts, die oomblik wat die koning van daardie volk die Christelike geloof aanneem ('n metode wat dikwels as teenproduktief ervaar is), of
- Pas paganistiese tekens en vieringe aan, sodat dit in die Christelike kalender inpas. Soos Pous Gregorie die Grote dit in 'n brief aan Abbot Mellitus stel: *dit is onmoontlik om alles op een slag uit hul hardkoppige breine te sny* (Hall, 1991:110). Hierdie blyk die suksesvolste metode te wees, aangesien ons vandag nog met oorblyfsels van hierdie metode in die Christelike kultuur te make het (Woodrow 1992). So byvoorbeeld word die geboorte van Christus op 25 Desember gevier – 'n dag wat verbind word met die geboorte van die son-god Sol, 'n winterfees wat "Nativity of the sun" genoem word

(Woodrow, 1992:143). "St. John's Day" is 'n uitvloeisel van 'n populêre fees onder die Druïde in Brittanje, ter ere van Baäl op 24 Junie – synde dat geargumenteer kan word dat Johannes ongeveer ses maande voor Christus gebore is, kan hierdie aanpassing "verantwoord" word (Woodrow 1992:144).

Teen die einde van die Middeleeue het nuwe probleme saam met verryking na vore gekom, byvoorbeeld die feit dat monnike al minder tyd gehad het om fisiese arbeid te verrig en kloosters al hoe afhankliker was van persone van buite vir die arbeid, asook die inmenging van gegoede ondersteuners wat skade aan dissipline veroorsaak het (Rausch 1990:51). Die monastiese ideaal van persoonlike armoede en selfopoffering het uiteindelik tot die ondergang van hierdie stelsel gelei, aangesien hierdie konsepte betekenisloos was in 'n wêreld waar materialisme al meer na vore gekom het. Armoede is ook tot uiterstes gedryf, soos St. Francis van Assisi. Nicol toon aan dat Christene deur die eeue armoede as ideaal kies, maar hulle vertoon ongelukkig ook dikwels tekens van ongesonde askese (1996:103).

Alhoewel die heiligheid van die kloosters dit 'n veilige hawe vir talle mense in 'n krisis geword het, moet egter ook erken word dat die heiligheid hiervan ook die ideale toevlug vir kriminele was.

Gedurende die tydperk van evangeliese ontwaking wat na die Middeleeue volg, kritiseer onder andere Luther die monastiese stelsel op grond van die volgende (Rausch 1990:84):

- Aangesien hierdie lewenstyl anders as die van die normale Christene is, beskou Luther dit as teen die Wil van God, en
- Omdat die monnik se lewe daarop gefokus is om homself voor God te regverdig, is dit in teenstelling met die leer van redding deur geloof alleen, terwyl
- Die eed wat deur monnike geneem word, in teenstelling met die beginsel van Christelike vryheid is.

Ten spyte van die feit dat talle negatiewe argumente rondom hierdie onderwerp bestaan, is daar vandag steeds gemeenskappe wat volgens hierdie tradisie leef, byvoorbeeld *The Catholic Worker, l'Arche, the Sojourners* (Rausch 1990:147, 157, 166) en Protestante monastiese gemeenskappe kom ook na vore, byvoorbeeld *Grandchamp, Marienschwestern, Pomeyrol* en *Imshausen* (Rausch 1990:48).

Theissen berig dat daar in die jaar 2000 ongeveer 8 400 mans en 14 600 vroue is wat in monastiese kloosters gewoon het (2003). Hierdie getalle sluit nie die talle aanhangers (oblate) wat buite die kloosters volgens die Benediktyne Reël leef, in nie. Dit toon duidelik dat die Benediktyne Reël steeds vandag 'n opsie is vir diegene wat hulle Christenskap prakties wil uitleef.

3.4 Implikasies van 'n monastiese lewenstyl

Die inleiding van die Benediktyne Reël beskryf die monastiese lewenswyse as 'n *leerskool vir diens aan God* (Rausch 1990:48; bylae 3m), wat dus selfs in die moderne samelewing 'n moontlikheid behoort te bied om kinders in die Christelike

gemeenskap volgens die *shema*-beginsel in Deuteronomium 6 op te voed. Monastisisme is egter nie die **doel** nie, bloot 'n middel waardeur 'n doel bereik kan word (bylae 1a; bylae 1b). Die werklike doel is om God lief te hê, wat beteken dat alles wat in die pad staan om doelbereiking te voorkom, uit die weg geruim moet word.

Die Benediktynse Reël is 'n geestelike weg wat daarop gemik is om God in alledaagse situasies te ontmoet. 'n Gebalanseerde lewe, bestaande uit werk en gebed, word as ideaal voorgedra (McClure 2004:1). Die eed wat dan ook deur monnike afgelê word, is drievoudig (McClure 2004:2):

- Stabiliteit: om deurlopend aan een klooster te behoort. Dit skep 'n gevoel van tuiswees, en toon aan dat die monnik standvastig is.
- Trou aan die monastiese lewenswyse: 'n keuse om deur die kloostergemeenskap gevorm te word.
- Gehoorsaamheid: aan die kloosterhoof, aangesien die outoriteit terugwys op 'n gehoorzaamheid aan Christus.

Jean Jacques Rousseau voltooi in ongeveer 1760 sy kontroversiële boek oor opvoeding waar hy onder andere skryf dat 'n kind toegelaat behoort te word om daardie eienskappe van ander wat gewoonte in sy lewe behoort te word, na te aap (Rousseau 1992:68). Hy is van mening dat kinders dan ook later hierdie optrede self kan verstaan en ter wille van die goeie steeds so op te tree. Volgens McFarlane beskik die kind reeds op die ouderdom van 3 tot 6 jaar oor 'n besondere godsdienstige aanvoeling (1997:7). Dit is dus volwassenes se opvatting en idees waartoe kinders in staat is, wat tot gevolg kan hê dat hulle nie hulle godsdienstige potensiaal kan uitleef nie.

Dit sou dus prakties wees om die jong kind hierdie geleentheid van leer-deur-voorbeeld reeds op 'n jong ouderdom te bied. Die voorbeeld wat gestel word, is van uiterste belang, en behoort dan ook te bestaan uit 'n Godgesentreerde lewenswyse. Dit is dan ook hier waar die Reël van St. Benedictus sterk na vore kom.

Chittester beskryf die vyf eienskappe wat van kloosterinwoners – Middeleeus, sowel as modern – verwag word, soos volg (1992:69-73):

a) Lofprysing

Persone wat positief is teenoor die lewe, met hulle fokus op die viering van God se heerlikheid in die natuur en algemene goedheid wat in die heelal bestaan – die jong kind kan hiermee identifiseer (Chittester 1992:69). Selfs op driejarige ouderdom leer kinders deur hulle sintuie. Alhoewel hulle nie kan redeneer nie, kan hulle in verwondering 'n seeskulp teen die oor druk, of in vervoering raak oor 'n mooi klippie. McFarlane meen dat bogenoemde die ideale geleentheid bied om kinders te leer dat God al hierdie wonderlike dinge geskep het (1997:12).

Die digters van Lofpsalms is 'n duidelike voorbeeld van persone vir wie hierdie verwondering altyd bly voortbestaan. Vir hierdie persone is alles wat bestaan van waarde, niks mag vernietig word nie en daar moet met verantwoording omgegaan word met die skepping. So mag niks uit die omgewing geneem word sonder dat die mens dit vervang nie (Chittester 1992:70).

Met lofprysing word natuurlik ook aanbidding bedoel. Gebed word gesien as die monnik se belangrikste taak (bylae 1a).

b) Nederigheid

Niemand op aarde het 'n eksklusiewe reg op die vrug van die natuur nie (Chittester 1992:70). Alle inwoners van die kloosters kry wat hulle nodig het, byvoorbeeld 'n gebalanseerde dieet, praktiese klere en goeie boeke. Hulle kry egter niks meer as wat nodig is nie, niemand gaar vir hulleself op nie – dan is daar genoeg vir almal.

Rousseau sluit hierby aan deur aan te beveel dat kinders geleer behoort te word wat hulle in hulle eie, bepaalde lewensituasie nodig het (1992:81). Op hierdie wyse sal die kind dan ook die behoefte ervaar om spesifieke vaardighede aan te leer. Hy neem as voorbeeld die vermoë om te kan lees: indien 'n kind nooit skriftelike uitnodigings of briewe ontvang nie, gaan die kind nooit die noodsaaklikheid van hierdie vaardighede besef nie, en daarom ook nooit die moeite doen om dit aan te leer nie.

c) Diensbaarheid

Niemand bestaan slegs tot hulle eie voordeel nie (Chittester 1992:71) en almal is verantwoordelik vir die versorging van dit wat aan 'n ander behoort. So byvoorbeeld is die inwoner van die klooster verantwoordelik vir alles wat aan die klooster behoort.

Ook hierby vind Rousseau aansluiting wanneer hy skryf (1992:225):

We are always successful when our sole aim is to do good.

d) Fisiese arbeid

Elke persoon moet verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling van sy eie lewe en die omgewing (Chittester 1992:71). Foster (1992:196) en Yancey (2003:71) haal albei vir Pierre Teilhard de Chardin aan:

Do not forget that the value and interest of life is not so much to do conspicuous things ... as to do ordinary things with the perception of their enormous value.

e) Gemeenskap

Elke persoon moet die ander respekteer en as gelykes leef, slegs die tyd wat 'n persoon in die klooster spandeer het, kan van 'n ander 'n groter mate van respek afdwing.

Die lewenswyse wat deur hierdie eienskappe veronderstel word, verg volgens Knowles 'n ongelooflike mate van psigologiese stabiliteit en selfbeheersing ten einde produktief en bevredigend te wees (1969:13). Juis hierin lê die werklike waarde van 'n streng, gedissiplineerde lewenstyl.

Niemand wat nog ooit iets bereik het wat die moeite werd is, het op 'n verebed daar gekom nie.

Aldus McFarlane wat aanbeveel dat 'n middeweg gevind moet word tussen die skep van 'n unieke persoonlikheid en die gun van beweegruimte (1997:43). Kinders moet

leer dat hulle nie altyd hulle sin kry nie – hulle mag nie hulleself ten koste van ander uitleef nie. Ferm dissipline kweek goeie gewoontes en maniere.

3.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe die Christene gedurende die verwarrende Middeleeue hulle Christenskap kon uitleef en aan hulle geloof vashou. Daar is aangetoon hoe die lewenstyl van die monnike nie net hulle eie lewens en voortbestaan gedurende hierdie tydperk bevorder het nie, maar ook die van die gemeenskap.

Die Benediktynse Reël en hedendaagse Reformasie

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe die Benediktynse Reël ingedeel word, aan die vereistes vir 'n moderne geestelike lewenstyl voldoen, en ook inpas by die beginsels wat in die Reformatoriese teologie gevolg word. Vir die doel van hierdie studie word die fokus op *raakpunte* tussen die Benediktyne en die Reformasie gefokus.

Chittester (1995:15) skryf (sien ook bylae 4):

Benedictine spirituality is the spirituality of the twenty-first century because it deals with the issues facing us now – stewardship, relationships, authority, community, balance, work, simplicity, prayer, and spiritual and psychological development.

Die Benediktynse Reël word verdeel in die volgende segmente:

- 9 hoofstukke – die taak van die ab (kloosterhoof)
- 13 hoofstukke – die aanbidding van God
- 29 hoofstukke – dissiplinêre kode
- 10 hoofstukke – interne administrasie
- 12 hoofstukke – verskeie ander regulasies.

Die Benediktyne Reël is op verskeie webwerwe beskikbaar (sien www.osb.org/rb/text/rbejmsl.html). Aanhulings uit die Reël wat in hierdie hoofstuk gebruik word, kom uit Holyhead (2003).

Die wêreld van St. Benedictus was 'n stryd om te verstaan wat werklik aan die gang is, en het dan ook hierdie verwarring in gemeen met die twintigste eeu (De Waal & Norris 2001:15). Die Reël van St. Benedictus is nie net apart van die wêreld nie, maar is ook getuie in die wêreld. Die Reël kry dit reg om getuie te wees, sonder om deel te neem aan elke gier en mode in die gemeenskap en diegene wat dit volg, beland dus nie in die warrelwind wat die gemeenskap regeer nie. Die getuienis wat gelewer word, het 'n duidelike visie, teweeggebring deur 'n lewe van dissipline voor God (bylae 4).

Vir die doel van hierdie studie, en om aan te toon hoe die Benediktyne Reël ideaal is vir die toepassing van die Skrif by die samestelling van 'n kinderkampus, word die bespreking dan ook aan die hand van bogenoemde indeling gedoen – aldus dan ook gemoderniseer om by die hedendaagse Reformasie aan te pas.

4.2 Taak van verantwoordelijke leiers

He (the abbot) must be learned in the Divine Law

so he will know how to

bring forth both old and new (Matt. 13:52).

He should be chaste, temperate and merciful,

and always put mercy before judgment (Jas. 2.13)

so that he may obtain the former.

(Benedict 64.9-10)

Once he has been installed,

the abbot must constantly keep in mind

what a burden he has undertaken

and to whom he will have to give

a reckoning of his stewardship (Luke 16:2).

And he must realize that he must profit others

rather than precede them.

(Benedict 64.7-8)

Furthermore, when someone accepts the title of abbot,

he should direct his disciples by a twofold teaching.

That means he should demonstrate everything that is

good and holy by his deeds more than his words.

(Benedict 2.11-13)

In kort verwag die Reël dat leiers die wet ken en navolg, in gedagte hou dat hy aan God self verantwoording moet doen vir die wyse waarop hy hierdie taak hanteer en ook deur beide woord en daad aantoon watter weg die mens behoort te volg.

Die Nederlandse geloofsbelydenis (artikel 30) stel dat leiers volgens die voorskrifte van Paulus (1 Timoteüs 3) gekies behoort te word. Die leraar en kerkraad moet sorg dat ware godsdiens onderhou, ware leer versprei en oortreders vermaan en in toom gehou word, terwyl armes en beproefdes versorg moet word.

Artikel 31 van dieselfde geloofsbelydenis, stel dat agting vir die werk getoon moet word en dat dit so ver moontlik moet geskied sonder enige twis, tweedrag of murmurering.

Die Dordtse Leerreëls (hoofstuk 1.3) sluit hierby aan met die interpretering van Romeine 10:14 en 15 as dat, verkondigers uitgestuur word om mense tot bekering te roep, mense kan nie glo in God indien hulle nie van Hom weet nie, en 'n persoon kan ook nie preek, indien hy nie gestuur is nie. In Hoofstuk 3 en 4.17 van hierdie reël word ook aangetoon dat die apostels mense oor die Genade van God, tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed, geleer het.

Bylae 4r meld dat, waar opvoeding van toepassing is, elke persoon (nie net die leiers nie) moet uiting gee aan die individuele gawes van leierskap, akademie of

medemenslikheid wat ontvang is. Thomas a Kempis stem heelhartig hiermee saam (Chadwick 1999:69):

If you see or hear about any good example of virtuously

Living, stir yourself up and imitate that person so that

You will benefit your soul wherever you are.

Dieselfde leierseienskappe wat vir die kleingroepleier geld, kan van toepassing gemaak word op leierskap in die kinderkampus (sien volgende hoofstuk). Hier lewer Oostenbrink en Lotter 'n groot bydrae wanneer hulle die eienskappe van 'n kleingroepleier as volg saamvat (1999:54):

- Kennis van die Goddelike genade, en 'n lewe wat daarvan getuig.
- 'n Geesvervulde lewe, waarin die vrug van die Gees sterk na vore kom.
- 'n Bereidheid tot verdere geestelike groei en verandering.
- 'n Onderwerping aan die gesag van die kerkraad.

Oostenbrink en Lotter lê ook klem op die volmaakte voorbeeld wat Christus in die Skrif rondom die identiteit van 'n leier daarstel (1999:54). Die skrywers toon aan dat Christus homself as dienskneg bereid stel en sodoende bereid is om homself te verneder, terwyl Hy as Herder 'n persoonlike verhouding met elke persoon daarstel.

4.3 Die aanbidding van God

You should become a stranger to the world's ways.

Prefer nothing to the love of Christ.

(Benedict 4.20-21)

Whoever has ears for hearing should listen

to what the Spirit says to the churches.

(Rev. 2:7)

(Benedict prol. 9-10)

Thus says the Lord in the Gospel:

'Whoever hears my words and does them

I liken to a prudent person who build a house on a rock.

The floods came, the winds blew and battered the house,

but it did not collapse because it was founded on a rock.'

(Matt. 7:24-25)

(Benedict prol. 33)

Die verwagting word gestel dat navolgers van die Reël die weë van die wêreld verruil vir gehoorsaamheid aan God. Die mens moet luister na die voorskrifte wat deur die Heilige Gees aangedui word, wat standvastigheid in die geloof tot gevolg sal hê.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit in artikel 2 duidelik dat God op twee wyses deur die mens geken kan word: deur sy Skepping (Nicol 1996:122), en deur sy Woord (sien ook Romeine 1:20; Kategismus van die Katolieke Kerk vr. 4). Verder is die mens na die beeld van God (naamlik goed, regverdig en heilig) geskep (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 14). Die mens het egter in sonde verval, en is daarom ook van God afhanklik vir genade (Johannes 3:27; 1 Korintiërs 2:14; 2

Korintiërs 3:5; Fillipense 2:13 en Johannes 15:5; Heidelbergse Kategismus vr. 1; Dordtse Leerreëls hoofstuk 1.26).

Versoening is vir die mens slegs moontlik deur Christus (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 20; Heidelbergse Kategisme vr 18; Filippense 3:8; Hebreërs 10:14; Matteus 11:21; Thomas a Kempis in Chadwick 1999:56). Ook die Heidelbergse Kategismus stel in vraag 53 dat die Heilige Gees deur ware geloof die mens deel laat kry aan Christus (Galasiërs 3:14; 1 Petrus 1:2; 1 Korintiërs 6:17; Dordtse Leerreëls hoofstuk 2.5), die Heilige Gees bied ook troos aan die mens (Johannes 15:26; Handeling 9:31) en vir ewig by die mens bly (Johannes 14:16; 1 Petrus 4:14).

In vraag 62 en 63 van bogenoemde geloofsbelydenis word egter ook gewaarsku dat die mens nie deur goeie werke geregverdig word nie en dat enige beloning wat die mens ontvang, uit genade van God geskied (Lukas 17:10; Heidelbergse Kategismus vr. 21; Dordtse leerreëls hoofstuk 1.5) In vraag 91 van die Heidelbergse Kategismus word aangetoon dat goeie werke slegs uit ware geloof (Romeine 14:23) en volgens die Wet van God kan geskied (Levitikus 13:4; 1 Samuel 15:22; Efesiërs 2:10).

Die geloof in een God, behels dan ook om sy grootheid en majesteit te leer ken. 'n Lewe van dankbaarheid en geloof in God, selfs in moeilike tye, maak deel uit hiervan (Kategismus van die Katolieke Kerk vr. 43). Dit sluit in kennis van die eenheid tussen mense en die belangrikheid van alle mense, soos geskep na God se beeld. Dit beteken ook dat die mens op positiewe wyse gebruik behoort te maak van alle dinge in God se skepping.

Thomas a Kempis is van mening dat talle mense in gehoorsaamheid leef, nie uit dankbaarheid nie, maar as 'n noodsaaklikheid (Chadwick, 1999:29, 156). Hy meen dat sulke mense nooit gelukkig is nie en maklik stres. Hy voorsien dat diesulkes nooit werklik vrede sal ervaar nie, tensy hulle gewilliglik en met 'n ligte hart begin om gehoorsaam te wees vir die blote liefde wat hulle vir God het.

Hendra (2004:42) beskryf dan ook die inboeseming van vrees as 'n *time-honored Catholic technique*, of uit die mond van die vreeslose, moderne mens – skuldgevoel (2004:42). Skuldgevoel lei natuurlik tot boetedoening, wat in die Katolieke kerk aansluiting vind by die afkoopstelsel. Hierdie praktyk word reeds vroeg in die Reformasie deur Luther self ten sterkste afgekeur (2004:519). Die posisie rondom die gebruik van skuldgevoel vir finansiële gewin, eerder as gehoorsaamheid uit dankbaarheid, word steeds ten sterkste deur Reformatoriese kerke afgekeur.

Die eienskappe van ware geloof word deur die Kategismus van die Katolieke Kerk (vr. 28) uiteengesit as:

... the supernatural virtue which is necessary for salvation. It is a free gift of God and is accessible to all who humbly seek it. The act of faith is a human act, that is, an act of the intellect of a person – prompted by the will moved by God – who freely assents to divine truth. Faith is also certain because it is founded on the Word of God; it works through charity (Galatians 5:6); and it continually grows through listening to

*the Word of God and through prayer. It is, even now, a
foretaste of the joys of heaven.*

Van der Walt toon aan dat Christus self die voorbeeld stel: die dissipels het nie net die teorie (die evangelie) aangehoor nie, maar hulle is ook deur Christus kans gegee om praktiese werk te doen, soos aangedui in Matteus 10 en Lukas 10, waarna ook verslag gedoen moes word (2006:164). Die weg na aanbidding is duidelik gesetel in kennis, sowel as optrede – alhoewel laasgenoemde nooit beskou moet word as noodsaaklik vir redding nie (Luther, 2004:432). Die plek en wyse waarop gehoorsaamheid toegepas moet word, is waarskynlik een van die grootste geskilpunte tussen die Reformatoriese en Katolieke geloof, en duidelike standpunt behoort hieroor ingeneem te word tydens die opvoeding van kinders.

4.4 Dissiplinêre kode

The basic road to progress for the humble person
is through prompt obedience.
(Benedict 5.1)

Do not be a loafer, nor a grumbler,
nor one who runs down the reputation of another.
(Benedict 4.39)

If you desire true and lasting life,
keep your tongue from speaking deceit;
avoid evil and do good;
seek peace and pursue it.
(Benedict prol. 17)

Gehoorsaamheid dien as grondbeginsel vir die Benediktynse Reël – optrede wat enigsins op ongehoorsaamheid dui of daartoe aanleiding kan gee, word ten sterkste afgekeur.

St. Bernard of Clairvoux word deur die Kategismus van die Katolieke Kerk (vr. 18) aangehaal waar hy verklaar dat Christenskap nie 'n geloof van "die Boek" is nie, maar van die Woord van God wat nie 'n geskrewe, stom woord is nie – wel 'n geïnkarneerde en lewende Woord. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 7) voeg hierby dat die Skrif egter voldoende inligting vir die lewe van die gelowige bevat. Niks verder word benodig (Galasiërs 1:8), niks hoef bygevoeg te word nie (Deuteronomium 12:32). Nicol skryf dat die hedendaagse lewe een dulle gejaag is, en dat die kerk behoort te sorg dat mense 'n nuwe waardestelsel ontwikkel (1996:6). Nicol verduidelik dan ook verder dat die mens, wat na die beeld van God geskep is op so wyse behoort te leef dat 'n weerkaatsing van God in die mens gesien kan word (1996:19). Dit bevestig weereens die belangrikheid van Christus as Ware Lewende Woord wat aan die mens kom wys het hoe om hierdie tipe lewe te lei.

In Bylae 4p en Bylae 4r word gesien dat die *Conversatio morum suorum* (die eed van die Benediktyne) handel oor 'n lewe in die hande van die lewende God, die God wat

altyd verras, ons verwagtinge oortref, die God wat groter as die mens se verbeelding is. Johannes 15 vergelyk dan ook die mens wat 'n goddelike lewe wil lei met 'n loot wat gesnoei moet word, ten einde vrugte te kan dra.

Gehoorzaamheid aan God, wat deur St. Benedictus as absoluut noodsaaklik beskou word, word ook in die Heidelbergse Kategismus (vr. 86) beskou as 'n leefwyse wat in lyn is met die dankbaarheid wat die mens aan God behoort te toon vir sy verlossing (Efesiërs 5:10; Psalm 50:14; Matteus 5:16; 1 Petrus 2:12; Romeine 6:13 en 2 Timoteus 2:15). Geloof is, soos reeds gesien, 'n liefde wat in daad oorgaan (aldus Nederlandse Geloofsbelydenis art. 20; Galasiërs 5:6). Die mens word natuurlik deur God vir hierdie daad bekwaam gemaak (Heidelbergse Kategismus vr. 43).

Die sleutel van die Koninkryk van God word dan ook deur beide die Kategismus van die Katolieke Kerk (vr. 11 en 12) en die Heidelbergse Kategismus (vr. 83) beskou as die verkondiging van die Evangelie en die tug (1 Timoteus 2:4; Matteus 28:19; Nederlandse Geloofsbelydenis art. 29). Die Heidelbergse Kategismus (vr. 85) waarsku ook dat broederlike vermaning herhaaldelik behoort te geskied, maar dat iemand wat nie luister nie deur die gemeente uitgesluit kan word. Sulke persone mag weer tot die gemeente toegelaat word wanneer hulle hulself bewys het (Matteus 18:15-17; 1 Korintiërs 5: 4, 5, 11; 2 Korintiërs 2:6-8).

Die Dordtse leerreëls (hoofstuk 5.4) maan dat die mens voortdurend moet waak en bid, sodat hy nie in versoeking gelei word nie. Hierdie waak en bid, word deur die navorser beskou as sinoniem met 'n gedissiplineerde, gehoorsame lewenswyse en word daarom onder dissipline bespreek. Die Heidelbergse Kategismus toon aan dat

gebed die vernaamste deel van 'n dankbare lewe is wat deur God vereis word (Psalm 50:14) en meld ook dat God genade en die Heilige Gees skenk aan diegene wat Hom sonder ophou aanbid en dank (Matteus 7:7; Lukas 11:9, 13; 1 Tessalonisense 5:17).

Nicol (1996:20; Johnson 2003:99) toon aan dat Lukas 14:15-16, Lukas 15:9, Matteus 13:44 en Lukas 15:5, 9, 23 bewys lewer van die feit dat Christus klem daarop lê dat genade in vreugde ontvang word. Ook Bylae 1c toon aan dat die Benediktyne monnike hierdie konsep verstaan – dissipline in die kloosters is ook (vandag nog) soms ontspanne (soos waar is van enige institusie waar die Gees van ware Christenskap heers) en ongelukkigheid kan nie hiervan deel wees nie.

Dissipline bly egter steeds iets wat van binne kom (Spreuke 4:23). Thomas a Kempis vermaan dat die lewe van goeie, godsdienstige mense so versier moet wees met moraliteit en regverdigheid, dat hulle van binne presies sal wees soos hulle van buite lyk (Chadwick 1999:46).

4.5 Administratiewe reëlins

The workshop where we should work hard
in all these things
is the monastic enclosure and stability in the community.
(Benedict 4.78)

Let all things be common to all, as Scripture says,
so that no one may presume to call anything his own.

(Benedict 33.6)

Idleness is the soul's enemy,
so therefore at determined times
the brothers ought to be occupied with manual labor,
and again at determined hours in lectio divina.

(Benedict 48.1)

While human nature itself is indulgent
towards these two groups,
namely the aged and children,
the authority of the Rule should also
look out for them.

(Benedict 37.1-2)

Gemeenskaplike beheer, dan ook verantwoordelikheid, oor eiendom word voorgeskryf. Daarbenewens word klem gelê op die feit dat die klooster se invloed wyer moet strek – die gemeenskap word ook as deel van die werksarea gesien. Balans word voorgestaan in die aanbeveling dat tyd gemaak word vir beide fisiese arbeid en gewyde lees. Empatie met die jeug en bejaardes word spesifiek genoem.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 29) beskou die kenmerke van die ware kerk as volg:

- preek die evangelie suiwer
- bedien die sakramente suiwer
- gebruik kerklike tug om sonde te straf
- lede se gedrag is ooreenkomstig die Woord van God
- verwerp alles wat in stryd met hierdie Woord is
- aanvaar Christus as enigste Hoof.

Die Dordtse Leerreëls sluit die kinders van gelowiges by die ware kerk in, deur hulle as heilig te beskou – wel nie van nature nie, maar as gevolg van die genadeverbond met God (Genesis 17:7; Handeling 2:39; 1 Korintiërs 7:14). Die Kategismus van die Katolieke Kerk (vr. 461) vind hierby aansluiting, maar maan dat die ouers as primêre versorgers steeds kinders moet lei en opvoed deur voorbeeld, gebed, gesinsgodsdienste en deelname aan die kerklike lewe.

Bylae 4r toon aan dat, in die lig van die Benediktynse voorbeeld wat by hulle kolleges gevolg word, hulle studente meer leer as net die konvensionele intellektuele groei wat verwag word, naamlik:

- Vaardighede soos rekenskap, spanwerk, leierskap, fokus, tydbestuur en selfvertroue, en
- Integrasie van emosionele, intellektuele en geestelike komponente wat die uitkoms is wat verwag word in 'n Christelike omgewing vir opvoeding.

Bylae 4p is van mening dat St. Benedictus heeltemal bewus daarvan was dat elke persoon se lewe deur kultuur beïnvloed word, en verwag dat hierdie vooroordele saam

met elke persoon na die klooster sal kom. Hy sit dan ook in sy reël onder andere Bybelstudie in plek om seker te maak dat kulturele en persoonlike waardes voortdurend deur die Evangelie getoets kan word.

Alhoewel die posisie van leiers vroeër (sien 5.3) bespreek is, is dit nodig om, wanneer administrasie bespreek word, vinnig op te let na die taakoms krywing van die leier in 'n groep in hierdie verband. Oostenbrink en Lotter omskryf die taak as volg (1999:60-62):

- 'n Verantwoordelikheid ten opsigte van die leier eie geestelike lewe (Handelinge 20:28)
- 'n Verantwoordelikheid om elkeen in die kudde/groep wat aan hom of haar toevertrou is geestelik te versorg (Handelinge 20:28; Esegiël 34:2-6).
- Byeenkomste en onderlinge versorging reël (Hebreërs 10:24-25).
- Gawes en bedieninge ontwikkel (Efesiërs 4:11-12; 2 Timoteus 2:2).
- Uitreik na buite en vermeerdering laat plaasvind (Matteus 28:20; Handelinge 1:8)
- Verslagdoening en skakeling met die kerkraad (1 Petrus 5:1-4)

4.6 Verskeie ander regulasies

Go to help the troubled and console the sorrowing. (Benedict 4:18)

The sick are to be cared for
before and above all else,
for it is really Christ who is served in them.
He himself said:
I was sick and you visited me, and
Whatever you did to one of these little ones,
you did to me.
(Benedict 36:1-2)

He (the cellarer) should lavish great care,
on the sick, the children, the guests and the poor,
knowing without any doubt
that he will have to give an account for all these
on judgement day.
(Benedict 31.9)

Weereens beklemtoon die Reël betrokkenheid by die gemeenskap: hulp moet aangebied word aan almal wat behoeftes het.

Wat veral belangrik is om te onthou, is dat die hedendaagse mens 'n groter behoefte het aan prediking wat hulle ervaring en belewenis raak, hulle wil reeds bekende gedagtes dieper beleef (Nicol 1996:16). Die mense wat hulleself oopstel vir 'n geloofservaring soos hierbo beskryf, ontgin 'n lewe van eenvoud. So 'n persoon het 'n

nuwe motief, aldus Nicol, naamlik om goed te doen uit dankbaarheid en vreugde vir wat reeds ontvang is, eerder as om self iets te ontvang (1996:35).

Die behoefte om 'n meer geestelik ingestelde lewe te lei, kom volgens Bylae 4p ook al meer voor op die volgelinge van St. Benedictus wat nie formeel as monnike/nonne in kloosters woon nie (genoem oblate). Die fokus verander van 'n praktiese hulpbediening aan kloosters, na 'n deelname aan geestelike dinamika.

Alhoewel gekant teen die monastiese lewensstyl, sien Luther duidelik die nut van 'n geestelike instelling en opvoeding raak (2004:178):

*Sermons very little edify children, who learn little thereby; it
More needful they be taught and well instructed ...*

Die Heidelbergse Kategismus (vr. 55) stel dit duidelik dat almal in die gemeenskap deel is van Christus (1 Johannes 1:3; Romeine 8:32; 1 Korintiërs 12:12, 13; 1 Korintiërs 6:17) en verplig ook elkeen om hulle gawes met vreugde en gewilligheid tot die saligheid van ander aan te wend (1 Korintiërs 12:21; 1 Korintiërs 13:1, 5; Fillipense 2:4-8).

In die Benediktynse gemeenskap word elke persoon gerespekteer op grond van die mens wat hy is (Bylae 4r). Ook in die uitgebreide gemeenskap waarin hulle kolleges funksioneer, word hierdie beginsel uitgeleef as basis vir die verwelkoming van vreemdelinge, 'n kultuur van luister wat ontwikkel word in 'n milieu waar mense

aangemoedig word om aan gesprekvoering deel te neem – selfs al is daar hewige verskille tussen hulle.

Beide die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 36) en die Kategismus van die Katolieke Kerk (vr. 464 en 465) is dit ook eens dat almal verplig is om hulle aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, gehoorsaam te wees hieraan indien dit nie teenstrydig is met die Woord van God nie en ook voorbidding behoort te doen vir die regering (1 Timoteus 2:2).

Bylae 4r toon aan dat die Benediktyne besittings as heilig sien (aangesien dit deur God geskenk is) en dat hierdie siening uitgeleef moet word in die wyse waarop mense, geboue, gereedskap, gronde en natuurlike ekostelsels behandel word. Nicol wil hê dat omgewingsbewaring dan ook as deel van godsdiensbeoefening gesien sal word (1996:132, 134). Hy toon aan dat dit juis gulsige materiële behoeftes is wat die planeet tot by die punt van vernietiging gebring het, en dat die mens, deur die beoefening van 'n eenvoudiger lewenstyl weer in 'n posisie kan wees om die planeet op te pas.

4.7 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die lewenstyl wat deur St. Benedictus in sy monastiese reël voorgestel word, nie net in lyn is met die Skrif en hedendaagse Reformasie nie, maar ook dat 'n daadwerklike behoefte in die geestelike lewe van die moderne mens hierdeur vervul kan word.

5

Empiriese navorsing

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe 'n kinderkampus prakties daargestel kan word, as resultaat van navorsing soos in vorige hoofstukke uiteengesit. Vervolgens word 'n kort geskiedenis van die empiriese navorsing aangebied, waarna elke segment van die Benediktyse Reël wat in die vorige hoofstuk bespreek is, se praktiese toepassing by die samestelling van die kinderkampus aangetoon word.

Die bespreking aan die hand van bogenoemde segmente word in drie afdelings gedoen:

- a) 'n Verduideliking van die praktiese werk
- b) Konklusie
- c) Aanbeveling vir 'n kinderkampus

5.2 Agtergrondgeskiedenis en metodologie van die empiriese navorsing

Gedurende April 2001 spreek 'n kennis van die navorser 'n behoefte uit vir naskoolse versorging van haar (laerskool-) kinders. Die navorser bespreek hierdie behoefte verder met verskeie moeders, asook 'n laerskoolonderwyseres. Na talle onderhoude blyk die volgende behoefte te bestaan:

- 'n veilige fisiese omgewing, met nodige toesig waar kinders van 14:00 tot ongeveer 17:00 kan huiswerk doen, sosialiseer en ontspan.

Dit blyk verder dat hierdie behoefte nie net by werkende moeders bestaan nie, maar ook by moeders wat nie self kans sien om hulle kinders met huiswerk te help nie.

Die navorser gryp die geleentheid aan om hierdie diens aan te bied, toe dit onder haar aandag kom dat 'n afgetrede onderwyseres haar dienste as naskoolse versorger staak. Die navorser neem sewe leerlinge by hierdie onderwyseres oor.

Hieruit ontstaan en ontwikkel dan oor 'n periode van twee en 'n half jaar 'n praktiese eksperiment wat tot die ontwikkeling van die kinderkampus-gedagte lei. Die projek kon ongelukkig nie voortgaan nie, aangesien die navorser verhuis het.

In hierdie studie word 'n poging aangewend om basiese beginsels van kinderversorging wat algemeen voorkom, op geestelike vlak toe te pas. Internasionaal word die woord kinderkampus reeds 'n geruime tyd gebruik om fasiliteite waar kinders buite skoolverband, binne die gegewe gemeenskap te beskryf. As agtergrond vir die funksionering van 'n situasie soos in die empiriese navorsing geskets (alhoewel op groot skaal!) kan die volgende webwerwe besoek word:

- www.kinderkampus.ca
- www.kinderkampus.nl

Die webwerwe waarna verwys word, verskil van die kinderkampus-gedagte wat in hierdie studie voorgestel word op een belangrike wyse: geloofsopvoeding. Die

proses van waardevorming en geloofsgroei word nie direk en op sistematiese wyse aangespreek nie, terwyl die kinderkampus in hierdie studie ten doel het om eerstens die kind as godgeskape en aanbiddende wese te dien.

Dit sal ook duidelik word dat die kinderkampus, soos dit in hierdie hoofstuk voorkom, nog baie sekulêr funksioneer en eers in die volgende hoofstuk, by bespreking van die model, werklik as geestelik georiënteerd na vore kom. Die rede hiervoor: die gebrek aan geestelike opvoeding in die holistiese versorging van kinders op daaglikse basis, het gedurende die navorser se betrokkenheid by die kinders wat aan die projek deelgeneem het, na vore gekom. Dit lei direk tot die kinderkampus-eksperiment en voortvloeiende navorsing.

Die empiriese navorsing is op kwalitatiewe wyse gedoen, wat aan die respondente die geleentheid bied om op eie unieke manier die werklikheid te beskryf (Steyn en Lotter 2006:107). Die taak van die navorser is hier om klem te plaas op die beskrywing van die ervaring van respondente en op die navorser se eie betrokkenheid en ervaring. Die verbintenis tussen die navorser en die respondente is belangrik vir begrip en dieper verstaan van hierdie navorsing (Neuman 1997:14, Denzin & Lincoln 2003:13).

Die doel van hierdie kwalitatiewe navorsing is om by 'n egte verstaan van mense se ervarings uit te kom. Die ervarede werklikheid van die respondent, en die werklikheid waaruit die respondent kom, is ernstig opgeneem deur van oop vrae en besprekings gebruik te maak (Joubert 1992:171). Bylaag 5 (t tot w) toon enkele voorbeelde van wyses waarop die respondente betrokke was. Toestemming is van al die respondente ontvang om hierdie inligting as bylae te plaas.

5.3 Riglyn vir die samestelling van 'n kinderkampus

5.3.1 Die fisiese omgewing sien as volg daar uit:

Die navorser gebruik 'n rondawel in haar huis se agterplaas, waarin bankies geplaas word waarby kinders kan sit en leer. 'n Boekrak bied enkele speelgoed en boeke aan om 'n meer huislike omgewing te skep, asook aktiwiteite te bied vir leerlinge wat klaar is met huiswerk. 'n Buitetoilet is ook beskikbaar, wat beteken dat die kinders glad nie die navorser se woonhuis betree nie. Met tyd verbeter fasiliteite (sien bylae 5t), soos aangedui op 'n kaart wat onlangs deur twee van die seuns wat betrokke was, geteken is.

5.3.2 Taak van verantwoordelike leiers

- a) Alle pligte en verantwoordelikheid vir die kinderkampus berus by die navorser. Aanvanklik blyk dit nie problematies te wees nie. Dit kom egter, namate die aantal kinders toeneem, onder die navorser se aandag dat talle kinders vanaf ander, soortgelyke plekke na die kinderkampus skuif, as gevolg van ongelukkigheid.

Van die klagtes sluit in dat kinders deur die eie kinders van die persone in beheer geboelie word, sommige persone onnodig streng is (kinders moet byvoorbeeld van 14:00 tot 17:00 by 'n eetkamertafel sit en leer, ongeag die hoeveelheid huiswerk) en dit gebeur dat die verantwoordelike persoon vinnig

iewers heen gaan en dan kinders sonder behoorlike toesig laat. Dit blyk dat selfs verbale mishandeling voorkom.

Ouers het verkies om hierdie probleme te oorbrug deur die kinders te skuif na 'n ander plek, eerder as om dit aan te spreek. Dit laat 'n leemte by die navorser, aangesien dit nie altyd seker is of die navorser werklik 'n oop verhouding met die ouers het nie.

Die gesag van die navorser is oor die algemeen maklik deur die kinders aanvaar. Klaarblyklik om die volgende redes: eerstens het die navorser te alle tye probeer om te verduidelik waarom sekere dinge op sekere maniere gedoen moes word ("Omdat ek so sê." was nooit 'n rede nie!) en die navorser se poging om te alle tye eerlik te wees oor haar eie gedrag en emosies (sien 2.2 en 2.3). So byvoorbeeld het die kinders eendag by die kampus opgedaag en die navorser het dadelik verduidelik dat sy baie emosioneel is (weens die dood van 'n geliefde papegaai) en dat die kinders dus moet verskoon indien sy anders as normaal optree. Nodeloos om te sê dat die kinders se hantering van die saak op die ou end 'n helende invloed gehad het!

Kinders het egter ook af dae – belangstelling in hulle alledaagse lewe, emosies en gedagtes word baie maklik bespreek. 'n Vraag of opmerking kan so 'n gesprek baie maklik aan die gang sit, byvoorbeeld: "Hoe gaan dit vandag met jou?" of "Jy glimlag lekker, voel jy baie gelukkig vandag?"

Die stel van 'n voorbeeld is te alle tye van wesenlike belang – kinders raak baie vinnig negatiewe kommentaar oor volwassenes kwyd. "Hoe kan my pa sê ek mag nie rook nie, hy doen dit dan self?" of, soos onlangs deur 'n veertienjarige dogter kwydgeraak: "Dis jammer om te sê, maar my ma is nou maar eenmaal 'n skynheilige ..."

Dit is ook belangrik vir die persoon in 'n gesagsposisie om te alle tye by hulle woord te hou – kinders toets maklik 'n volwassene se integriteit. So het die navorser byvoorbeeld eendag gesê: "Ek doen aan jou wat jy aan diere doen". Dit het daartoe gelei dat 'n dertienjarige seun onmiddellik 'n klip optel en na 'n duif gooi (gelukkig mis!). Dit het beteken dat die navorser 'n groter klip moes vat en na die seun gooi (ook gelukkig mis!). Dit is dalk nie 'n ideale situasie om in te beland nie, maar die seun het daarna nooit weer die navorser se woord in twyfel getrek nie.

Aangesien ouers die hoofgesagsfigure in 'n kind se lewe behoort te wees, kan situasies wat by die kinderkampus plaasvind, vergelyk word met situasies tuis: "Staan jy by die huis op jou ma se eetkamertafel?" "Waarom staan jy dan hier op ons studietafel?" Die probleem kan egter ontstaan dat talle *gehoorsame* ouers hierdie gedrag wel tuis sal duld.

'n Ander interessante opmerking: 'n jaar of wat nadat die kinderkampusprojek tot 'n einde gekom het, het die navorser weer op gereelde basis kontak met die meeste kinders gehad (deur skole). Gedurende die tydperk wat hulle haar nie werklik te sien gekry het nie, het die navorser aansienlik gewig verloor en

basies 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Daar was min van die kinders wie se gedrag teenoor die navorser as gevolg hiervan verander het. Dit blyk dat fisiese voorkoms nie so 'n groot invloed op kinders het, as persoonlikheid nie. Enkele van die seuns het glad nie eers die verskil agtergekom nie. Enkele van die dogters wat self probleme met gewig en selfbeeld het, het egter dadelik positief hierop reageer en selfs die navorser se voorbeeld en raad probeer volg. Bylaag 5 u) bestaan uit 'n jong dame (tans graad 6) se kommentaar in die verband!

- b) Dit blyk ongesond te wees vir een persoon om volle verantwoordelikheid te neem vir al hierdie kinders. Die situasie word nog moeiliker gemaak deurdat ouers niemand het waarmee hulle probleme kan bespreek, om voorstelle vir verbetering te maak nie. Die navorser vind dit veral moeilik om iemand te kry waarby sy self raad kan vra, veral namate onderwysers die kinderkampus aanbeveel vir kinders wat probleme het, of probleme in die klaskamer skep.

Weens die emosionele band wat kinders met die navorser gebou het, en die verskillende emosionele en intellektuele eise wat hulle gestel het, het dit gebeur dat van die kinders onder die indruk was dat sekere kinders voorgetrek word – die verhouding met elke kind is dus uniek en moet duidelik uitgespel word. Elke persoon wat op persoonlike vlak met kinders werk, moet ook vir hulleself uitklaar presies hoeveel kinders hulle met gemak kan hanteer en dan onder geen omstandighede hierdie getalle oorskry nie.

Dit is veral kommerwekkend dat daar nie werklik iemand is wat verantwoording eis nie. Dit is veral 'n probleem, aangesien die kinders neig om 'n persoon werklik te leer vertrou en navolg – indien die verkeerde persoon hierdie tipe mag oor kinders kry, kan die gevolge werklik angswekkend wees. Dit is belangrik om ook op te let na die regsimplikasies wat kan ontstaan wanneer probleme na vore kom.

- c) Die ooglopende keuse vir die Christen wat in 'n geloofsgemeenskap funksioneer om as oorkoepelende raadgewende liggaam te gebruik, is die plaaslike gemeente. Indien daar aan die leraar of gemeente verantwoording gedoen moet word, is daar onmiddellik 'n groter mate van beheer.

Dit kan verder gevoer word: die ideaal sou wees om die kinderkampus 'n gemeentelike projek te maak, waar die persone wat daar werk, deur die gemeente aangestel word. Dit sou ook beteken dat leiers, soos gesien in 4.2, aangestel kan word volgens die riglyne van die Skrif (soos aangedui en opgesom in die Benediktyne Reël).

Alhoewel enkele pogings deur die jare aangewend is om op praktiese wyse die kerkjeug te bereik, selfs deur nasorg, is daar nie werklik voorbeelde beskikbaar wat met die kinderkampus vergelyk kan word nie. Die voordeel van die kinderkampus is dat die kerkraad, ouers en leraar almal betrokke is, wat ook hulle belangstelling in die opvoeding van kinders in die gemeente prakties aan die kinders sal aantoon (sien 2.2 onder erediens). Verder kan een persoon aangestel word wat daaglik betrokke is by die kinders, terwyl

verskillende gemeentede dan gedurende die week 'n uur of twee van hulle tyd kan gee – so byvoorbeeld kan die plaaslike rekenmeester 'n uur of wat per week leerlinge met 'n vak soos rekeningkunde help.

Soos ook in vorige hoofstukke (sien 2.2 onder koinonia en 4.2) gesien, is die voorbeeld wat deur hierdie persone gestel word, van uiterste belang. Gesprekke met kinders dui aan dat hulle wel 'n behoefte het om op een of ander wyse betrokke te wees by die keuringsproses vir aanstellings.

5.3.3 Die aanbidding van God

- a) Die kinders wat deelgeneem het aan die kinderkampusprojek, het in ouderdom gewissel van 6 jaar (graad R) tot 16 jaar (Graad 10). Terselfdertyd was hulle ook uit verskillende rasse- en kultuurgroepe. Die navorser het bloot gebruik gemaak van 'n stelsel wat uit basiese goeie maniere (sien Clark 2004 as voorbeeld) bestaan het. Dit het neergekom op een basiese reël: moenie jouself, jou medemens of die natuur (diere, plante, ens.) skade aandoen nie. Alhoewel die navorser werklik probeer het om 'n stel reëls saam te stel met die samewerking van kinders en hulle ouers, was dit egter nie suksesvol nie, omdat nie die ouers of die kinders werklik geïnteresseerd was nie. Die algemene gevoel was dat, solank hulle kinders gelukkig is, niks verder gedoen of verbeter hoef te word nie.

Daar is gereeld aan kinders verduidelikings gebied vir die gedrag wat van hulle verwag is. Byvoorbeeld: almal moes tydens studietyd stilbly, aangesien 'n praterij ander kinders se aandag van hulle werk sou aftrek. Die gevolg is dat

kinders dan langer neem om klaar te kry, wat beteken dat almal 'n groter deel van die dag moet stilbly!

Daar is ook geleentheid gebied vir kinders om mekaar met werk te help. 'n Graad 4-leerling wat effens sukkel met wiskunde omdat hy nie die basiese beginsels onder die knie het nie, word gevra om 'n Graad 2 kind te help tafels leer. Die gevolg was dat die kind wat help net soveel hulp ontvang het: die verantwoordelikheid om die kennis van die vak aan 'n jonger kind oor te dra, het veroorsaak dat die ouer kind konsepte kon hersien en op hierdie wyse sommeer sy eie kennis van die vak verbeter. Op hierdie wyse voel die kind bemagtig en ontwikkel mentorskap. 'n Kind wat arrogant genoeg was om vir 'n kind te lag wat met iets sukkel, is baie vinnig daaraan herinner dat hy self op 'n stadium met iets gaan sukkel en dat sy gedrag daartoe lei dat die ander dan gerus vir hom kan lag (doen aan andere wat jy graag aan jouself gedoen wil hê!).

Die navorser was aktief by die doen van huiswerk betrokke en het ook tyd en kreatiwiteit gebruik om sommige probleme vir elke kind persoonlik aangespreek. Bylaag 5 v) is 'n verhaal wat spesiaal vir 'n seun geskryf is om in graad 1 te leer lees. Daar is gebruik gemaak van sy besondere vriendskap met Lulu, die geelkuif kaketoë en die verhaal is op so wyse geskryf dat al die letters van die alfabet voorkom.

Die navorser se liefde vir diere, het veroorsaak dat daar 'n groot verskeidenheid diere (miniatuurperde, 'n vark, skaap, boerbok, skilpaaie,

honde, eende, papegaaie, ens.) op die terrein was. Kinders het baie vinnig met hierdie diere vriende gemaak en begin aandring om te help met die versorging. So is die miniatuurperde se stalle byvoorbeeld deur die seuns skoongemaak, terwyl die dogters baie tyd aan die hondjies spandeer het en almal beurte gemaak het om kos uit te deel. Dit het ook vir baie pret en trane gesorg.

'n Seun wat altyd baie praat vinnig agtergekom as jy te lank staan en gesels met 'n koppie koffie in jou hand, 'n volstruis dalk gaan dink die koffie is vir hom bedoel! Kinders wat nie hulle besittings (veral handskoene) opgepas het ' miniatuurperde nie gekroom het om te kyk wat alles in hulle tasse gepak word nie. Verhale soos hierdie skets die kindervriendelike atmosfeer wat by die kinderkampus geheers het.

Een van die seuns het selfs die inisiatief geneem om 'n groentetuin voor te stel, sodat daar genoeg wortels en ander groente beskikbaar kon wees vir die diere, en dit dan nie nodig sou wees om te koop nie. Hierdie groentetuin was die kinders se trots en het terselfdertyd wetenskaphuiswerk vergemaklik, deurdat plantkunde prakties toegepas kon word. Daar is selfs rooirissies in die tuin geplant tot verbasing van die navorser, aangesien kinders wat lelike taal gebruik het, gereeld deur ander gestraf is met die kou van rissies uit die papegaaie se kosvoorraad!

Maak nie saak hoe groot of klein, kinders is altyd geprys vir goeie en korrekte optrede, kreatiewe denke, ens. Kinders wat negatiewe aandag gesoek het, het

baie vinnig agtergekom dat die navorser (en later die ander kinders) baie teleurgesteld gevoel het en dat hierdie optrede veroorsaak dat hulle uit die groep geskuif word. Kinders het dus baie vinnig op positiewe wyse 'n bydrae begin maak en werklik trots gevoel op hulleself.

Daar is nie werklik 'n daadwerklike poging aangewend om 'n Christelike atmosfeer te skep nie, maar geestelike lesse het wel voorgekom. Die kinders was byvoorbeeld geneig om met "pokemons" (wat in Simba skyfiepakkies verkoop is) te speel. Die speletjie sou dan op so wyse werk dat die kinders mekaar se "pokemons" kon wen, wat normaalweg 'n geveg of tranedal tot gevolg gehad het. Enkele van die kinders het die speletjie glad nie goedgekeur nie, aangesien hulle ouers dit as "duiwels" beskou het, terwyl diegene wat daarvan gehou het dikwels aanvallend opgetree het. Die navorser het dit as volg hanteer:

Twee seuns het weer die speletjie gespeel en begin baklei. Die navorser het doodrustig aan die kinders gevra om te verduidelik wat die gevolg van die speel van die speletjie normaalweg was: 'n geveg. Daar is toe tot die gevolg gekom dat die speletjie se gevolge strydig met die leer van Christus is en tweedrag veroorsaak – die kinders het net daar die speletjie spontaan verban.

- b) In retrospek sou die navorser werklik 'n meer daadwerklike, uitgesproke Christelike karakter aan die kinderkampus wou gee, veral aangesien die kinders almal uit gesinne was wat Christelike waardes voorgestaan het (alhoewel nie altyd uitgeleef het nie).

In die proses het daar 'n gevoel van koinonia (sien 2.2) onder die kinders ontstaan. Dit het onder andere onder die navorsers se aandag gekom dat die ouer kinders in die groep ook by die skool verantwoordelikheid vir van die kleiner kinders geneem het, deur hulle byvoorbeeld teen boelies te beskerm. Andersins het van die meer verantwoordelike maats begin oplet na die ander se gedrag in die klas en hulle aangemoedig om ook by die skool die gedragskode (Moenie jouself, ander of die natuur beskadig nie.) van die kinderkampus te volg. Onderwyseresse het dikwels gemeld dat hulle minder probleme met van die kinders in die klas gehad het, aangesien ander bloot gedreig het om "Tannie Hantie te vertel".

Geleentheid wat gebruik is om lewenswaarhede oor te dra en te bespreek, is baie positief deur die kinders ervaar. Onder andere is die dood van die navorsers se papegaai deur die kinders aangegryp as ideale geleentheid om dood in konteks van hulle lewens te bespreek.

Wat wel ongelooflik positief was, was die wyse waarop kinders verantwoordelikheid geneem het vir die versorging van diere en die maak van 'n tuin. Dit blyk, aan die wyse waarop hulle vrywillig hulp aangebied het, dat kinders werklik graag verantwoordelikhede wil hê.

- c) Op hierdie wyse is wel prakties aandag geskenk aan dienswerk (sien 2.2 onder dienswerk), deur die versorging van diere. Die konsep kan ook gebruik word om die invloed van die media te bekamp (sien 2.4) deurdat kinders tyd buite in

die natuur spandeer. Selfs armoede (sien 2.4) kan so aandag kry, aangesien kinders in gegoede buurte die groente wat verbou word aan 'n sopkombuis kan skenk, terwyl kinders in arm buurte hierdie tuin kan gebruik om te leer hoe om voedsel aan hulleself en ander te voorsien.

Dit blyk byna onvermydelik dat daar 'n groepsgevoel by die kinders sal vorm. Die hoeveelheid tyd wat hulle saam spandeer en die alledaagse wel en weë maak hulle outomaties betrokke by mekaar. Die kinders bou ook (volgens hulleself) 'n betroubare verhouding met die betrokke volwassene (sien 2.4) en die navorser sien dit as die ideale geleentheid wat gebruik kan word om op praktiese wyse die Bybel en gebed (sien 2.4) te kan terugbring in kinders se persoonlike lewe. Daar kan baie maklik weekliks ruimte geskep word vir Bybelstudie waar praktiese lewensvrae wat na vore kom bespreek kan word. Waardevorming (sien 2.4) sou dan ook 'n natuurlike uitvloeisel hiervan wees.

Indien hierdie projek op die kerkterrein self kan funksioneer, behoort dit 'n positiewe belewenis van "kerk toe gaan" by die kind te skep. Daar is geen praktiese rede waarom die kerkterrein en geboue nie aangepas kan word hiervoor nie. Koste behoort laag te wees by die meeste bestaande kerke, terwyl die inrig hiervan waarskynlik 'n meer huislike atmosfeer aan die "huis van God" sal gee.

5.3.4 Dissipline

- a) Reeds in 1.1 word aangetoon dat daar 'n kommerwekkende tekort aan waardevorming by kinders in ons land is. Dit stem in 'n baie groot mate saam met die navorser se belewenis. Die voordeel daarvan dat daar met 'n klein groep kinders begin is, was dat hierdie kinders reeds in 'n praktiese roetine, met praktiese reëls in plek, gefunksioneer het teen die tyd wat meer kinders deel van die groep geword het.

Daar is nie werklik vooraf besluit op spesifieke reëls nie, maar daar is bloot met tyd aangepas by die roetine wat deur die afgetrede onderwyseres vir hierdie kinders daargestel is. Die voordeel hiervan is dat ander kinders hierby kon inval en deur die voorbeeld van die kinders wat langer daar was, kon leer hoe om op te tree.

Met tyd is al meer voorregte aan die kinders gegun. Daar is byvoorbeeld voorsiening gemaak vir 'n ketel, sodat in die winter koffie gemaak kon word. Die navorser het houtkassies laat maak. Elke kind het een gekry om te gaan verf/versier en kon sy naam daarop skryf en sy eie koffie, eetgoed, ens. kon daarin geberg word. Daar is met voorbedagte rade geen voorsiening gemaak vir slotte nie: eerstens sou die kinders in elk geval permanent die sleutels verloor, en in die tweede plek stel dit 'n duidelike boodskap dat eerlikheid van elkeen verwag word.

Straf is gewoonlik uitgedeel in terme van "time out", waar die kinders (normaalweg volgens ouderdomme) vir 'n tyd lank teen die tuinmuur moes gaan sit en hulle gedrag oordink. Hulle kon dan na 'n sekere tyd, of wanneer hulle bereid was om om verskoning te vra vir hulle gedrag, weer deelneem aan aktiwiteite. Die tyd is normaalweg gekoppel aan ouderdom: jy sit 'n minuut vir elke jaar wat jy oud is. Hierdie straf werk veral wonderlik wanneer meer as een kind op 'n slag gestraf moet word. Dit is ideaal vir groepe. Die vraag aan is aan die navorser gestel of "time out" nie aan kinders die geleentheid bied om hulle verantwoordelikhede opsy te skuif nie. Daar moet egter in ag geneem word dat die take wat kinders verrig het, vrywillig was. Indien "time out" gedurende huiswerktyd gebruik is, is die kind bloot gebra om afgesonder van die res huiswerk te doen.

Andersyds is voorregte teruggetrek. Indien kinders byvoorbeeld oor die "swing-ball"-stel baklei het en nie self met 'n voorstel kom om die probleem om te los nie (byvoorbeeld dat een persoon vyf minute daarmee mag speel, en dan die volgende een), is die speelding bloot vir 'n week weggeneem. Alhoewel al die speelgoed aan die kinderkampus behoort het, was die idee agter hierdie straf dat indien jy nie iets met verantwoordelikheid kan hanteer nie, jy nie gereed is om dit te hê nie.

Ook gedrag wat buite die terrein van die kinderkampus plaasgevind het, is aangespreek. So byvoorbeeld moes huiswerk wat nie gedoen is nie en waaroor die kind by die skool aangespreek is, ingehaal word. Toetse waarin kinders nie na wense presteer het nie (elke kind het sy eie

doelwitte gehad), is oorgeskryf met die samewerking van onderwysers wat oor die algemeen met graagte 'n nuwe toets gestuur het.

Die roetine het gewoonlik bestaan uit studie van 14:00 tot 15:30, snoepie vir 15 minute en dan speel- en (fisiese) werktyd tot 17:00. Tye is aangepas vir eksamens en soms vir ouer leerlinge wat meer huiswerk gehad het.

Die snoepie het die ideale geleentheid gebied om terselfdertyd as voorreg en finansiële leerskool op te tree. Die voorstel is aan ouers gemaak om snoepiegeld te beperk tot ongeveer R5 'n week, wat op Maandae aan die kind gegee word en wat dan deur die week deur die kind bestuur moes word. Ongelukkig is goeie samewerking nie in hierdie verband van ouers gekry nie. Geld was meestal vrylik beskikbaar vir al die kinders. Dit wou selfs voorkom asof die ouers nie werklik die nut van hierdie finansiële bestuurstelsel kon insien nie.

- b) Dit is werklik die geval dat die meeste kinders glad nie meer aan 'n roetine gewoond is nie. Dit werk egter net goed wanneer die roetine met werklike vrye tyd uitgebalanseer word. Dit was onmoontlik om al die kinders vir drie ure in die middag in 'n vaste roetine te hou, maar dit het goed gewerk om 'n roetine te skep vir werk, en dan 'n groter mate van vryheid wanneer *alle* werk gedoen is. Enkele kinders het natuurlik langer gevat om hieraan gewoond te raak, konsekwente optrede van die navorser het egter die probleem vinnig uitgesorteer. Ouers moes toestem om nie by die kinderkampus teen die gesag van die navorser op te tree nie. So het dit gebeur dat 'n kind (verwys deur 'n

onderwyser) wat geen gesag van enigiemand aanvaar het nie, een aand tot ongeveer sewe uur moes sit en huiswerk doen: jy mag gaan speel/huis toe gaan wanneer alle huiswerk klaar is. Die betrokke ouer het pragtig saamgewerk en sukses is behaal. Die spesifieke kind het probeer om van dissipline te ontkom deur luidrugtig aan te kondig dat hy nooit weer die kinderkampus sal besoek nie, maar niemand het hulle daaraan gestuur nie. Dit het nie lank gevat voordat hierdie kind deel van die groep geword het nie.

Om voorregte terug te trek, en kinders vir 'n kort tydjie uit die groep te verwyder, het geblyk die beste strawwe te wees. Groter oortredings, die gevolge daarvan, asook opsies vir die hantering van dieselfde situasie in die toekoms is gemaklik bespreek – kinders is nogal oop vir die geleentheid om op kalm wyse hierdie tipe sake te bespreek.

- c) Groepe kinders het noodwendig roetine nodig! Die navorser is spesifiek hier beïndruk met St. Benedictus, wat nie net sorg vir roetine nie, maar spesifiek 'n gebalanseerde roetine. Indien kinders op soortgelyke wyse 'n roetine het waarby diensbaarheid, Skrifstudie, normale studie, fisiese werkies en speel alles ingepas kan word, sou hulle baie meer holisties grootword en waarskynlik op 'n groter verskeidenheid vlakke vaardighede ontwikkel.

St. Benedictus gaan sover om selfs te kyk na die nodige voeding van elke persoon – dit is beslis iets om na op te let, veral in die lig van obesiteit wat toeneem onder kinders (ten minste vier uit die twintig kinders by die kinderkampus was oorgewig, in so mate dat dit hulle gesondheid benadeel het).

Net nog 'n rede waarom sakgeld vir snoepie beperk behoort te word en ouers ook moet oplet wat in kinders se kosblikkies gepak word. Dit sou baie goed wees indien 'n kinderkampus gesonde etes en selfs gesonde snoepgoed kon aanbied.

Dit is vir die navorser belangrik dat kinders nie gehoorsaam moet wees uit vrees vir straf nie, maar omdat hulle reëls en perke as deel van 'n gesonde, gebalanseerde lewe aanvaar. Wat die Christelike lewe betref, bly dit belangrik om aan te toon dat gehoorsaamheid uit dankbaarheid (sien 4.4) die beste uitweg is en glad nie as wetties gesien kan word nie. Die kinderkampus kan werklik hier 'n belangrike rol speel deur die praktiese toepassing van hierdie beginsel. Een manier waarop dit toegepas kan word is in gesprek met 'n kind wat neig om teen die reëls vas te skop, of aanhoudend huiswerk te "vergeet". Die eenvoudige vraag kan gevra word: geniet die kinders dit om by die kinderkampus te wees en is hulle bly hulle ouers het hulle daarby laat inskakel? Die navorser het altyd die antwoord "ja" op hierdie vraag gekry. Dan kan aan die kinders verduidelik word dat hulle gedrag tot gevolg kan hê dat hulle ouers hierdie besluit terugtrek (want hulle sien die kind floreer nie) en dit sou beteken dat die kind die kinderkampus moet verlaat. Die kinders moet dus juis goeie gedrag toon, omdat hulle die voorreg het om aan die kinderkampus deel te neem. Dit sou tog die moeite werd wees om hierdie konsep in samewerking met ouers toe te pas en dissipline en roetine verder uit te brei sodat dit by die huis en by die kinderkampus byna dieselfde riglyn volg. Ouers kan definitief baat by inligtings- en ondersteuningsessies (sien 2.3). Daar kan byvoorbeeld

oueroggende met sprekers gereël word, of aktiwiteite gefokus op ma/dogter en pa/seun, ook andersom.

Tydens 'n onderhoud met die navorser, dui Joubert (2006) die belangrikheid van doelwitstelling in konteks van roetine en dissipline aan. Bylaag 5 x bevat 'n opsomming van raad aan ouers in hierdie verband, terwyl beginsel 15 in hierdie stuk werklik in ag geneem behoort te word by die aanleer van dissipline.

5.3.5 Administratiewe reëlins

- a) Die feit dat die kinderkampus by die navorser se huis funksioneer het, het wel prakties gewerk gedurende die kwartaal – 'n ogie kon gehou word op die huishouding terwyl daar gelyktydig met die kinders gewerk kon word. Ongelukkig het dit gedurende skoolvakansies veroorsaak dat die navorser tuis moes wegkruip – al die kinders wou gedurende die vakansies kom kuier.

Die vasstelling van fooie en die betaling daarvan is ook baie belangrik. Daar is besluit (op advies) om die fooi kwartaalliks te maak, en dan ook betaalbaar binne die eerste twee weke van die nuwe kwartaal. Dit werk baie prakties en bied ouers ook die geleentheid om vooruit te beplan. Dit veroorsaak ook nie dat ouers wonder waarom hulle dan gedurende vakansiemaande betaal alhoewel die kinders nie daar is nie. Daar is deur mense in die gemeenskap ook op 'n stadium twee beurse beskikbaar gestel vir hulpbehoewende kinders. Dit het egter nie baie goed gewerk nie – dit was veral hierdie kinders wat nie

gereeld opgedaag het nie, en ook nie werklik van die diens gebruik gemaak het nie.

Soos die tyd aanstap, is al hoe meer voorrade aangekoop en die fasiliteite verbeter. Die kinders het met tyd toegang gehad tot allerlei opvoedkundige speelgoed, boeke en sporttoerusting. Hulle is self verantwoordelik gehou vir die onderhoud en netheid van hierdie speelgoed. Daar is gereeld reggepak en skoongemaak en die verwagting was dat alles voor 17:00 weggepak moes word. Indien dit nie gedoen is nie, is dit wat nie op hulle plek was nie verwyder vir 'n tyd (veral draadkarre het hieronder gely!).

Ouers het ook later meer betrokke begin raak by die doen en late en selfs speelgoed en boeke gestuur wat gebruik kon word vir take. Die gemeenskap was nie werklik eers bewus van hierdie groep nie.

- b) Wat die navorser betref, was daar verbasend min administrasie aan die bestuur van die kinderkampus verbonde. Die belangrikste taak is om deeglik seker te maak dat die kind die werking van die kinderkampus verstaan, en ook dat almal bydrae lewer.

Probleme het egter voorgekom wanneer die navorser siek was of iewers anders moes wees op 'n spesifieke dag. 'n Ondersteunende stelsel van vrywilligers/hulppersoneel sou beslis welkom gewees het. Dit sou waarskynlik ook kon beteken dat die fasiliteite gedurende skoolvakansies ook deur kinders gebruik kan word, aangesien hulle werklik die kameraderie en aktiwiteite mis.

Weereens wil dit voorkom asof die kerkterrein die mees praktiese plek vir so 'n kinderkampus kon wees – in byna elke buurt in Suid-Afrika is 'n kerk binne veilige loopafstand/ryafstand en die verskeie kerktorings maak dit 'n maklike baken. Terreine is oor die algemeen groot, veilig en word baie selde gedurende die week goed benut. Die kerkkantoor sou ook van hulp kon wees met die bestuur van finansies, wat blyk die grootste administratiewe taak te wees.

- c) Indien die kinderkampus ook meer sigbaar en sentraal kan wees, sou dit waarskynlik kon beteken dat die gemeenskap baie meer betrokke sou kon wees. Dit sou aan die kerk 'n geleentheid bied om 'n openbare gesig te toon, terwyl terselfdertyd 'n geleentheid vir evangelisasie gebied kan word.

Die belangrikste probleem in die samestelling van 'n kinderkampus blyk te wees dat die rol van die ouer (sien 2.3) maklik oorgeneem kan word. Ouers neig, wanneer op die navorsing gelet word, om hulleself uit hulle verantwoordelikheid te koop. Ten einde hierdie probleem te bekamp en ook ouers se betrokkenheid te waarborg, kan vereis word dat elke ouer een keer per maand byvoorbeeld een uur diens moet doen (al is dit gedurende hulle etensuur). Dit gee vir kinders die geleentheid om te sien dat hulle ouers wel, in soverre dit vir hulle prakties moontlik is, betrokke is by hulle doen en late. Dit bied ook aan ouers die geleentheid om te sien hoe die stelsel funksioneer en hulle kan dan 'n beter begrip vorm wanneer kinders met hulle gesels oor die doen en late by die kinderkampus, terwyl hulle dalk ook deur die personeel 'n voorbeeld kan sien van die vereistes wat aan 'n opvoeder gestel word.

5.3.6 Ander regulasies

- a) Die navorser het op geen stadium 'n leierskapstelsel in die kinderkampus daargestel nie, maar dit het gou duidelik geword dat die kinders 'n struktuur van verantwoordelikheid geskep het. Die kinders wat langer by die kinderkampus was, het op natuurlike wyse die voortou geneem, selfs al was hulle jonger as van die ander kinders. Indien nuwe kinders opgedaag het, het een van die "ouer" kinders hulle dadelik onder die vlerk geneem en help aanpas.

Die kinderkampus was in 'n tipiese boeregemeenskap geleë waar byna 'n derde van die kinders in skole was wat nog 'n "slegs blankes"-stelsel handhaaf. Dit het tot gevolg gehad dat die leerlinge en hulle ouers deeglik voorberei is (deur gesprekke) alvorens die eerste nie-blanke kind in die kinderkampus aanvaar is. Die kinders het egter redelik maklik hierby aangepas, waarskynlik omdat hulle reeds aanvaar het die kinderkampus in 'n groot mate anders funksioneer as wat hulle enige ander plek gewoond is!

Die kinders het, met tyd, ook begin om lekker oor die skeidingsdraad tussen die kinderkampus en die woonstelle langsaan met die inwoners (hoofsaaklik ouer dames wat van plase af dorp toe getrek het na die dood van hulle mans) begin kuier. Een van die dames het graag konfyt gekook en die kinders was heel gewillig om vir haar vye in die kinderkampus se tuin te pluk.

Die navorser was aan die begin onseker oor hoe mate waarop die diere in haar erf deur die bure aanvaar sou word, maar het veral van hierdie groep bejaardes

die versekering ontvang dat hulle dit vreeslik geniet om die diere en kinders dop te hou. Siende dat die meeste van hulle van plase af kom, het die diere vir hulle 'n gevoel van huislikheid geskep. Een van die buurvroue se Afrika-papegaai het op die ou end sommer kom intrek!

- b) Die navorser was verbaas oor die natuurlike wyse waarop kinders 'n hiërargie gestruktureer het. Die kinders het 'n duidelike aanvoeling gehad dat ervaring en kennis van die kinderkampus 'n groter rol gespeel het in jou posisie, eerder as ouderdom. Respek het dus 'n groot rol gespeel. Dit is heel moontlik dat die navorser se gesag geredelik aanvaar is, bloot omdat die kinderkampus haar idee was en sy dus, as mees ervare persoon op die gebied van die funksionering van die kinderkampus, die meeste respek verdien het. Die rol van die navorser se persoonlikheid en bestuurstyl wat hieruit voortspruit, kan egter ook 'n rol speel.

Die verhouding wat tussen die bejaardes langsaan en die kinders (en diere) ontstaan het, toon duidelik aan dat 'n behoefte aan intergeneratiewe kommunikasie in die samelewing bestaan, en dat hierdie behoefte gemaklik deur die kinderkampus vervul kan word. Dieselfde geld vir vriendskapsbande oor rasgrense heen.

- c) Dit is noodsaaklik dat die leiers van 'n kinderkampus, in samewerking met die ouers en kinders, self besluit tot hoe 'n mate hulle betrokke gaan wees in hulle gemeenskap en in watter mate bande met mense buite die kring van die kinderkampus gevorm sal word.

Die navorser aanvaar (op grond van eie navorsing) dat dit makliker is om met 'n homogene groep te begin. Op hierdie wyse kan 'n stelsel ontwerp word wat later aangepas kan word na gelang van veranderende omstandighede. Dit was baie makliker om met kinders uit ander bevolkingsgroepe, of met ander kulturele agtergronde, oor die weg te kom nadat kinders uit eie geleedere beter leer ken is. Dit bly 'n leerproses om met kinders te werk, en kinders moet die geleentheid gebied word om ook deel te wees van die groeiprosesse wat in die volwassenes wat by die kinderkampus betrokke is, plaasvind.

Siende dat die idee is om 'n kinderkampus by elke kerk te plaas, kan daar eerstens begin word met kinders uit die gemeente, en daarna kan daar aanbeweeg word na die woonbuurt waarin die kerk geleë is. Later kan selfs oor en weer in buurte "gekuier" word!

Die belangrikste is om die fasiliteite wat reeds in die gemeenskap is, te gebruik en ook elke kinderkampus aan te pas by die behoeftes en samestelling van elke gemeenskap, met 'n gemeenskaplike doel om kinders die geleentheid te bied om deel te wees van 'n leerskool vir die navolging van Christus (soos gesien in die voorwoord van die Benediktyne Reël).

Bylaag 5u bestaan uit kommentaar en kort skryfstukkies wat gedurende 2006 geskryf is deur kinders wat drie jaar gelede by hierdie navorsing betrokke was. Dit behoort 'n duidelike beeld te skep van die kinders se eie perspektief en hulle verhouding met die navorser – wat dan ook hulle posisie as medenavorsers bevestig!

5.3.7 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is op narratiewe wyse aangetoon hoe 'n kinderkampus prakties daar uitgesien het tydens die navorsing. Dit blyk dat die behoefte aan 'n praktiese, veilige omgewing vir kinders buite die huis wat in die gemeenskap bestaan, wel deur 'n kinderkampus aangespreek kan word. Daar is ook aangetoon dat die gebreke wat in die navorsing uitgewys is, hanteer kan word deur die kinderkampus onder die leiding van en moontlik op die fisiese terrein van die geloofsgemeenskap te bedryf.

6

Model vir 'n "kinderkampus"

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n praktiese model vir die samestelling van 'n kinderkampus aangebied. Deur die gebruik van tabelle en besprekings, word aangetoon hoe die inligting wat in die vorige hoofstukke uiteengesit is, saamgevoeg word tot 'n praktiese, werkbare program

Let daarop dat die model wat aangebied word, 'n breë riglyn bied. Elke geloofsgemeenskap behoort hierdie inligting aan te pas by hulle eie omgewing en dan op so wyse 'n unieke stelsel te vorm wat in hulle eie gemeenskap gebruik kan word.

6.2 Die samestelling van 'n kinderkampus in die geloofsgemeenskap

6.2.1 Die taak van die leier

Probleem aangespreek	Reël van St. Benedictus	Empiriese navorsing	Model
Deelname aan aktiwiteite – delegeer take.	[31.9] versorging en omgee vir armes	Verduidelik redes vir optrede – gesag ook makliker aanvaar	Beherende liggaam:
Dienswerk deur voorbeeld en delegasie (koinonia en armoede hanteer).	[40.5; 41.4,5] ab besluit wanneer plaaslike kondisies, werk of hitte groter porsies vereis	Luister! Pas aan by situasies en veranderinge – verduideliking van optrede kan verwarring en jaloesie by kinders voorkom	Plaaslike kerkraad Leraar Ouers/gemeente Kinderkampushoof Personeel/ vrywilligers
Bybel en gebed deur voorbeeld en gedragskode inisieer en lei.	[47.1] sy taak om tye af te kondig vir God se werk ... self of deur delegasie	Delegeer take na ander volwassenes en ook kinders	Gereelde kontak en samewerking met: Onderwysers Ouers Plaaslike welsyn
Betroubare verhoudings waardeur o.a. selfmoord voorkom word.	[64.7-9] altyd belangrikheid van taak in gedagte hou, wete dat rekenskap geëis sal word.		Komitees en sosiale groepe in die omgewing
Waardevorming deur interaksie met lede, hulp met besluitneming en bied van riglyne (werk media-invloed teen, seksualiteit, dwelms en materialisme ter sprake).	[2.11-13] moet deur eie optrede dit wat goed en heilig is demonstreer		Belangrik: stel 'n voorbeeld deur menswees, verdien die respek van kinders

Die verantwoordelike leier behoort eerstens onder 'n stelsel van gesag te funksioneer.

Die beherende liggaam behoort verkieslik eerstens uit die plaaslike kerkraad en leraar te bestaan, waarna ouers en vrywilligers uit die gemeente ook insae in die werking en

hantering van die kinderkampus te hê. Die hoof van die kinderkampus bly egter in beginsel die beherende hoof wat uiteindelik besluite uitvoer, en ook as professionele adviseur in die gemeente funksioneer op hierdie gebied. Dit is egter ook nodig dat beide vrywillige werkers/personeel en die kinders wat betrokke is, 'n insae in die beheer en samestelling van die kinderkampus het.

Empiriese navorsing het getoon dat dit belangrik is om die rede vir spesifieke optrede deur leierskap (veral die hoof) aan kinders te verduidelik. Indien hulle verstaan waaroor dit handel en watter beginsels hieragter lê, word gesag makliker deur die kinders aanvaar.

Dit is belangrik dat die leier na die kinders en ander betrokkenes luister. Dit is soms nodig om aanpassings te maak en die status quo te laat vaar. Indien die leier byvoorbeeld verduidelik waarom dit soms nodig is om individuele aandag aan sekere kinders te skenk, en ander kinders die versekering kry dat hulle onder spesifieke omstandighede op dieselfde geregtig is, voorkom dit jaloesie. Gedrag wat afwyk van dit waaraan kinders gewoond is, word ook verduidelik en kan dan verwarring by kinders (wat nog baie egosentries funksioneer) voorkom. Dit is ook so dat alle volwassenes wat hierby betrokke raak, duidelikheid moet kry oor die hoeveelheid kinders waarvoor hulle met gemak verantwoording kan neem. Getalle sal verskil van persoon tot persoon.

Namate 'n persoon in hierdie werk meer vertrou is met prosedure en ook die medewerkers en kinders beter leer ken, kan dit gerieflik wees om take na hierdie persone en kinders te delegeer. Kennis van die persoon en hulle karaktereienskappe

kan bydra dat op hierdie wyse nie net werk vergemaklik word nie, maar ander ook meer bewus raak van hulle talente en waarde in die gemeenskap.

Volgens St. Benedictus is die nommer een plig van die hoof om op te let na die versorging van ander. Hierby word die verantwoordelikheid geplaas om met wysheid op te let na omstandighede en aanpassings hiervoor te maak. Dit beteken dat die hoof werklik die wet van God moet ken, gematig en genadig in optrede moet wees en altyd in gedagte behoort te hou dat hy of sy uiteindelik aan God verantwoording moet doen vir sy of haar optrede.

Die taak van die hoof, sou beteken dat hy of sy veral moet let op die werk van God en dit dan ook self, of deur delegasie, in die alledaagse funksionering van die kinderkampus in gedagte moet hou en deurlopend toon waar, wanneer en op welke wyse hierdie taak moet geskied. Daar kan egter nooit genoeg klem gelê word op die belangrikheid van die hoof se eie optrede nie: toon altyd 'n voorbeeld van Christelike optrede deur dit wat goed en heilig is te demonstreer.

Probleme wat deur die uitvoering van die taak van die leier aangespreek kan word is legio. Onder andere kan kinders gelei word tot aktiewe optrede in die gemeente, deurdat die leier die delegasie van take na kinders met gegewe talente kan inisieer.

Dienswerk word aangespreek deur die stel van 'n voorbeeld op hierdie gebied, asook (weereens) delegasie – veral armoede en koinonia kom ter sprake indien gedink word aan die sopkombuis- en "adopt a granny"-programme wat in die vorige hoofstuk bespreek is.

Die rol van die gesin word aangespreek deur ouers en gemeentelede te betrek by die kinderkampus en dienswerk aan kinders. Weereens kan die leier take wat uitgevoer moet word, delegeer na ouers en ander gesinslede van kinders wat talente op spesifieke gebiede toon.

'n Betroubare verhouding wat deur die optrede en gesag van die leier met kinders geskep word, bied geleentheid om in diepte gesprekke te voer en kan onder andere selfmoord en seksuele optrede by kinders onder bespreking bring. Waardevorming vind dan ook plaas deur sulke gesprekke en hulp ten opsigte van besluitneming voorkom nie net die twee probleme in die vorige sin nie, maar kan ook die invloed van die media teenwerk, dwelmmisbruik kan raakgesien en voorkom word, terwyl materialisme ook aandag kan geniet.

6.2.2 Aanbidding van God

Probleem aangespreek	Reël van St. Benedictus	Empiriese navorsing	Model
Erediens	[4.20,21;43.1-3]	Eenvoudiger reëls	Praktiese,
Dienswerk	vreemdeling vir die wêreld, liefde vir Christus bo alles	word makliker gevolg	Skrifgefundeerde optrede van alle betrokkenes vereis.
Koinonia		Wedersydse respek moet verdien en aangebied word	Maak plek vir Bybelstudie/Woordkennis
Gesin – uitdra van optrede na huis	[4.39;4.51-54]		Raak betrokke by dienswerk soos nodig in gemeenskap (sopkombuis, tuinmaak, diere versorging)
Bybel en gebed	beskerm jouself teen uiting van woorde wat seermaak of ander onder vals indrukke bring.	Dien deur hulp aan te bied, maar ook in nederigheid te ontvang	
Waardevorming		Groepsaktiwiteite nie afgedwing, laat toe dat kinders soms afsonder	Nakoming van pligte
Hoop	[4.85] luister geredelik na		

Invloed van die media	voorlesing uit Skrif	indien so verkies	altyd belangrik beskou
	[5.14] gehoorsaam sonder om weg te skram of halfhartig op te tree [31.1-4] dien mekaar [37] toon empatie teenoor oud en jonk [52.4-5] indien een kies om alleen te bid, laat hom gaan <u>[prol. 9-10] laat elkeen wat ore het luister wat die Gees aan die kerk verkondig</u>	Deurlopende bewustheid dat werk, speel, ens. tot eer van God is	Kerkbywoning vereis

Ten einde die aanbidding van God 'n realiteit te maak, word definitiewe Skrifgefundeerde optrede van alle betrokke persone vereis. Hierdie doel kan egter slegs bereik word indien daar tyd en plek gemaak word vir Bybelstudie, ten einde veral die kinders vertrouwd genoeg te maak met die Skrif, sodat optrede in terme hiervan moontlik is. Dit bied ook 'n geleentheid vir betrokkenheid by die gemeenskap op geestelike vlak – deur byvoorbeeld 'n gebedskring vir die gemeenskap te vorm.

Daar word ook vereis dat die kinderkampus as geheel, en elke lid individueel, by dienslewering betrokke behoort te wees, hetsy deur verskaffing van groente, werk by die plaaslike dierebeskermingsvereniging of hospitaalbesoeke. Die hoof, personeel en kinders kan elke kind help om hulle spesifieke talente in hierdie rigting te ontdek en

uit te leef. Dit is ook belangrik dat al die lede bewus is van die feit dat alle pligte, hoe groot of klein, belangrik is, 'n effek het op hulleself, ander en die kinderkampus, en altyd nagekom behoort te word.

Deur die optrede en lewenswyse van die kinderkampus na ander plekke, soos die skool en hulle ouerhuis, uit te dra, vind evangelisasie op besliste wyse plaas. Die kinders wat betrokke is, behoort ook baie subtiel aangemoedig te word om kerkdienste by te woon.

Empiriese navorsing toon dat kinders makliker eenvoudige reëls nakom. Die beginsel om nie jouself, ander of die natuur te beskadig nie, kan gesien word as 'n vereenvoudigde vorm van die Tien Gebooie.

Wedersydse respek is in alle opsigte belangrik wanneer groepe mense baie tyd en spasie met mekaar deel. Dit is egter nodig dat alle kinders leer dat hulle self respek moet verdien en ook aan andere moet toon. Dit bring dan ook die beginsel om mekaar te dien makliker na vore – kinders kan respek verdien deur byvoorbeeld behulpsaam te wees, terwyl hulle ook baie makliker hulp sal aanvaar van iemand vir wie hulle self respek het.

Sommige kinders het tyd vir hulleself nodig, en dit is belangrik dat hulle dit gegun word. Groepsaktiwiteite kan aangemoedig, maar nooit verplig word nie. Navorsing het getoon dat kinders een of ander tyd wel sal inskakel en kinders raak ook nooit moeg om ander uit te nooi om deel te neem nie! Dit bly in die praktiese uitvoering

van die alledaagse take in die mens se lewe noodsaaklik om bewus te bly van die feit dat dit alles tot eer van God geskied.

St. Benedictus is baie uitgesproke oor die feit dat die mens veronderstel is om 'n vreemdeling vir die wêreld behoort te wees en dat die mens se liefde vir Christus en die navolging van Christus te alle tye eerste prioriteit behoort te wees. Hieronder word ook duidelik verstaan dat mense hulleself in hulle verhoudings met ander in toom behoort te hou en nooit 'n ander deur woorde (ook dade) seer te maak nie.

Ten einde praktiese uitvoering te bied, vra St. Benedictus van volgelinge om geredelik na die Woord van God te luister, en ook om ag te slaan op wat die Gees aan die gemeente wil oordra. Dit is definitief nie inligting wat net aan sekere persone in spesifieke posisies beskikbaar nie. Daarom laat St. Benedictus ook ruimte vir gebed/meditasie in afsondering.

Die opdrag om mekaar te dien, staan in nou verband met die oproep om empatie vir almal. St. Benedictus se kennis van die menslike natuur word duidelik getoon wanneer hy vra dat elkeen gehoorsaam moet wees sonder om weg te skram of halfhartig om te tree.

Kinders se betrokkenheid by die erediens word definitief beïnvloed wanneer hulle die geleentheid gebied word om dit wat hulle tydens prediking hoor, prakties uit te leef en in te oefen. Dienswerk kry ook, nie net deur diens aan die gemeenskap nie, maar ook deur dienende optrede teenoor mekaar, spesiale betekenis. Hierdeur word dan ook koinonia geskep.

Die gesin word betrek deur die praktiese voorbeeld van goeie optrede wat deur kinders aan hul ouers en ander gesinslede oorgedra word. Die wyse waarop by die kinderkampus opgetree word, word oorgedra na die huis en skool.

Die Bybel en gebed kry betekenis wanneer die kind dit in verband bring met korrekte optrede, ten einde binne die wil van God te leef. Op hierdie wyse word die invloed van die media ook bekamp – die kinders se praktiese ervaring van Christelike optrede en die invloed hiervan op hulleself en ander, sal beslis 'n groter impak hê as die media.

6.2.3 Dissipline

Probleem aangespreek	Reël van St. Benedictus	Empiriese navorsing	Model
Waardevorming Gesin Betroubare verhoudings Hoop (roetine, dissipline, prestasie?) Invloed van die media Selfdissipline: Selfmoord Seksualiteit Dwelmafhanklikheid Materialisme	[5.1] basiese pad na vooruitgang is onmiddellike gehoorsaamheid [7.6-7] ook onder moeilike of onregverdige omstandighede gehoorsaam [23.1] ongehoorsame, trotse persoon 2 maal in privaatheid aangespreek [34.6,7] persoon wat kla, strenger dissipline [39.6-9] niks meer uit	Prys gehoorsaamheid, spreek teleurstelling oor swak gedrag uit Maak seker almal ken en verstaan optrede wat verwag word Hersien reëls en program gereeld met kinders/gesagstruktuur Navolging NOOIT as wetties beskou – vrywillig, gegrond op dankbaarheid Wees konsekwent in verwagtinge en strafmetodes	Reëls word aangepas by spesifieke gemeenskap Maak duidelik watter strawwe vir watter oortreding gebruik word – gee kinders insae in strawwe Fokus altyd eerder op positiewe gedrag In ALLES gematig en gebalanseerd Wees ALTYD duidelik waarom gehoorsaamheid nodig is – veral aan God

	lyn met Christenskap as oormaat	Verwag altyd eerlikheid	
	[49.1,8] onaktiwiteit vyand van die siel: tyd vir arbeid en lees, alles in moderasie	Dissipline met 'n DOEL	
	[48.17] een of twee seniors om rondtes te doen		
	[prol 2-3] gehoorsaamheid sal terugbring na Hom		

Daar word weereens beklemtoon dat elke geloofsgemeenskap uniek is, en dat reëls ook hiervolgens aangepas behoort te word. Kinders moet ook te alle tye weet watter (aanvaarbare) strawwe gebruik gaan word vir oortredings, dit is verbasend hoe regverdig kinders optree indien hulle gevra word om strawwe uit te dink.

Dit is altyd beter om eerder op positiewe gedrag te fokus. Dit is alom bekend dat kinders soms negatief optree, net om aandag te kry. Hierdie gedrag behoort so ver moontlik voorkom en ontmoedig te word.

Gematigde en gebalanseerde optrede moet te alle tye voorkeur geniet, hetsy met huiswerk, speel of selfs eetgewoontes. Kinders moet bewus word dat die vereistes wat gestel word, tot hulle voordeel en groei daargestel is en dat uiteindelijke gehoorsaamheid oor 'n verhouding met God handel. Dit is nie iets waardeur ander beïndruk word of waaruit voordeel getrek word nie.

Empiriese navorsing toon aan dat dit baie effektief is om gehoorsaamheid te prys en teleurstelling uit te spreek wanneer negatief opgetree word. Dit is noodsaaklik om seker te maak dat alle betrokkenes bewus is van wat die gedrag is wat vereis word, en ook weet hoe om dit prakties toe te pas. Hierdie gedragskode kan gereeld bespreek en hersien word, ten einde volgehoue effektiwiteit te verseker.

Kinders behoort duidelik ingelig te wees oor die rede waarom gehoorsaamheid nodig is – dit is nooit iets wat om enige ander rede as vrywillige en dankbare gedrag teenoor God beskou word nie. Dit is ook om hierdie rede dat eerlikheid te alle tye verwag kan word.

Ten einde effektief te wees, behoort strawwe en verwagtinge altyd konsekwent toegepas word, ten einde verwarring te voorkom. Indien 'n spesifieke optrede een keer ongestraf/ongeprys bly, mag die ander kinders aanvaar dat die beginsel hier rondom verander het.

Vir St. Benedictus speel gehoorsaamheid 'n sentrale rol in die navoring van Christus – die strewe van die mens om God te leer ken, word deur gehoorsaamheid voorafgegaan. Hy maan ook dat oortredings nie weggesteek moet word nie, maar in nederigheid erken moet word, terwyl hy ook 'n voorstander van gehoorsaamheid te midde van moeilike omstandighede is.

Sy oplossing vir persone wat kla oor dissipline, is strenger dissipline. Dit mag verwarrend klink, maar empiriese navorsing het getoon dat kinders wat kla en teenkap bloot nie dissipline gewoond is nie. Hulle val egter na 'n rukkie daarby in.

St. Benedictus beskou ledigheid, sowel as oordad, as vyandig teenoor die Christelike lewe en vereis dat alles in moderasie gedoen behoort te word. Hy beveel ook aan dat toesig gehou moet word, ten einde seker te maak dit word toegepas.

Deur die toepassing van dissipline word waardevorming aangemoedig. Kinders leer vinnig dat spesifieke optrede ook spesifieke reaksies van ander teweegbring, terwyl die uitvoering van pligte op 'n spesifieke manier, ook meer geleentheid vir ander aktiwiteite tot gevolg het.

Die gesin word baie beslis hierdeur geraak: 'n gehoorsame kind het meer respek vir volwassenes en is makliker hanteerbaar. Dit is moontlik dat roetine en dissipline ook tot prestasie lei en dan op hierdie wyse hoop aan kinders verskaf wat dit vroeër nie gehad het nie (byvoorbeeld 'n kind besig was om te drup weens huiswerk wat nie gedoen is nie).

Selfdissipline wat deur roetine en dissipline gekweek word, kan ook die invloed van die media, selfmoord en dwelmafhanklikheid bekamp.

6.2.4 Administrasie

Probleem aangespreek	Reël van St. Benedictus	Empiriese navorsing	Model
Deelname aan aktiwiteite Dienswerk	[4.78] werkwinkel waar alles gedoen word, die klooster self en die gemeenskap	Toeganklik – dog streng voorwaardes Inventaris van eiendom	Kinderkampus sigbaar as deel van gemeenskap

Koinonia	[31.1] kombuishoof moet wys, volwasse in gedrag, gematig ... wees	en versorging van eiendom deur kinders self	Vereis samewerking en teenprestasie van gesinne
Gesin		Teenwoordigheidsregister	
Materialisme	[33.6] alles deur almal gebruik, niemand noem iets sy eie	Finansiële state en beplanning – vra altyd fooi (geld of tyd of talente)	Gebruik talente in gemeente (veral ouers) vir take en bestuur by kinderkampus
	[38.3,4;58.1-] persoon wat klop, geduldig is ... toegelaat om in gastekwartiere tuis te gaan. Moenie te maklik toegang bied nie.	Sover moontlik alledaagse bestuur deur kinders	
	[48.24,25] werk wat gegee word moet besig hou, nie oorweldig of wegjaag [53.18] addisionele hulp gebied indien nodig [68] indien taak te moeilik beskou, moet aan ab verduidelik	Beperk sakgeld, skep geleentheid vir leer van rentmeesterskap	
	[48.78] _____ moenie <u>ongelukkig raak indien</u> <u>self moet oes nie</u>		

Ten einde werklik effektief te wees, moet die kinderkampus sigbaar wees in die gemeenskap, dit moet dien as 'n voorbeeld vir samewerking en as veilige hawe vir gesinne. Dit is dan ook noodsaaklik dat duidelike samewerking en 'n teenprestasie van een of ander aard, natuurlik binne die vermoë van die gesin of persoon, vereis word.

Hierdie vereiste skep ook die ideale geleentheid om talente van veral ouers te ontdek en ontgin om die kinderkampus prakties te laat werk.

Tydens die empiriese navorsing, is duidelik aan ouers gestel dat daar van hulle en hulle kinders samewerking verwag word, byvoorbeeld: ouers was verantwoordelik vir die betaling van fooie soos ooreengekom, terwyl kinders se gedrag hulle verblyf verseker. Dit het wel gebeur dat kinders die navorser vooraf ingelig het van kinders wat wou deelneem, en dan het kinders aanbeveel dat die betrokke kinders nie toegelaat behoort te word nie. Die navorser het die kinders se raad in ag geneem, en met ouers se toestemming eers met onderwysers gesprekke gevoer. Indien die kinders se assessering korrek was, is kinders toegang geweier. Waar dit ongegrond blyk te wees, is kinders gevra om die betrokke kind 'n kans te gee. Dit was werklik 'n suksesvolle oefening

'n Inventaris van eiendom behoort gehou te word, nie net om te voorkom dat goed wegraak nie, maar ook om dit makliker te maak om gebreke goed te vervang en ook 'n beplanning te kan opstel van wat nog aangekoop kan of behoort te word. Kinders kom ook dikwels met goeie voorstelle in die verband.

'n Teenwoordigheidsregister toon baie duidelik die mate waartoe kinders deelneem. Dit beskerm ook die kinderkampus – 'n kind wat ingeskryf is, maar nie gereeld bywoon nie, se punte kan nie deur ander onder dieselfde loep geneem word as die van kinders wat elke dag daar is nie. Die hantering van die register en inventaris, sowel as ander bestuurstake, behoort so ver moontlik in die hande van die kinders self gelaat te

word. Hierdeur word veral leierskap en bestuurstyl ontwikkel. Kinders is ook versigtiger met speelgoed, wanneer hulle self die verantwoordelikheid daarvoor dra.

Dit is baie belangrik en effektief om kinders die geleentheid te bied om finansiële bestuur te leer deur byvoorbeeld 'n snoepie. Dit moet egter nooit 'n onderskeid gemaak word tussen kinders op die gebied van sakgeld en ander beskikbare bronne nie – beperk die hoeveelheid geld wat kinders toegelaat word om te spandeer. Die grootste probleem is ouers – hulle word dikwels deur kinders geboelie, veral mammas wat werk maklik meer gee as wat nodig is uit skuldgevoel (weens die feit dat hulle nie self beskikbaar is vir hul kinders). Daar word ook aanbeveel dat die snoepie en geldkas eerder deur 'n volwassene hanteer word. Alhoewel baie kinders betroubaar is, moet altyd onthou word dat 'n kind steeds 'n kind bly en nie noodwendig gereed is sekere verantwoordelikhede nie.

St. Benedictus stel dit ook duidelik dat nie net die klooster (in die geval vervangbaar met kinderkampus) die werkswinkel van die geloof is nie, maar ook die hele gemeenskap. Toelating aan gaste en ook lede, moet op streng, maar billike wyse geskied. Daar moet duidelike riglyne hiervoor aan die gemeente, personeel en kinders beskikbaar gestel word. Die maklikste sou wees om te verwag dat gaste ten volle inskakel en dat dieselfde optrede van hulle verwag word as van die kinders self.

Elke kind behoort takies te ontvang om te verrig, siende dat die kinderkampus 'n praktiese uitlewing van die Evangelie is. St. Benedictus waarsku dat die take binne die vermoë van die gegewe persoon behoort te wees, en maak voorsiening daarvoor dat 'n persoon wat dink dat hulle nie 'n taak kan uitvoer nie, mag appelleer. Aan elkeen wat take verrig, mag ook addisionele hulp aangebied word.

Die kombuishoof (in die geval van die klooster) is die persoon wat in beheer van voorrade en die gebruik daarvan is. Dit is noodsaaklik dat die persoon wat in hierdie posisie is (hetsy volwassene of kind) volwasse en gematig moet optree. Siende dat alles wat aan die kinderkampus behoort, as gemeenskaplike eiendom gesien word, moet die kombuishoof werklik oor wysheid beskik wanneer dit kom by die verdeling van hulpbronne.

Soos in die geval van die klooster, waar die take wat verrig moet word, soms vir 'n persoon benede sy stand of buite sy veld van kennis lê, moet lede van die kinderkampus ook soms bereid wees om take aan te pak wat hulle andersins nooit sou verrig het nie – St. Benedictus stel duidelik dat dit nie tot ontsteltenis moet lei nie.

Deur op bogenoemde wyse te werk te gaan, word die geleentheid aan kinders gebied om in die geloofsgemeenskap deel te neem aan aktiwiteite (soos beplanning) wat gewoonlik deur volwassenes (gewoonlik die kerkraad!) uitgevoer word en nuwe talente kan ontwikkel. Dit bied ook 'n beter verstaan aan die kind van die volwassenes se denk- en werkswyses.

Dienswerk kom ook op hierdie wyse ter sprake – om voorrade te tel of register te hou is in net so 'n groot mate deel van dienswerk as wat dit sou wees om iemand in die hospitaal te besoek. Iemand moet alle dienswerk wat gebeur en buite die mure van die kerk gesien word, administreer en organiseer. Kinders leer dus weereens vroeg-vroeg hoe die administrasie van die gemeente werk.

Koinonia word op spesiale wyse aangeraak: anders as wat die geval is met gewone jeugwerkprogramme waar die kinders bloot die "pret"-gedeelte sien, is die kinders by die kinderkampus self betrokke by die organisasie en administrasie. Hulle is nie net die persone op wie die program toegepas word nie, maar is ook ten volle betrokke by die beplanning.

Die gesin word beslis hierdeur geraak – nie net is ouers saam met hulle kinders betrokke by die kinderkampus nie, maar die kinders neem ook al die nuwe vaardighede wat hulle by die kinderkampus leer huis toe. So byvoorbeeld is 'n ouer onder minder druk wanneer hulle kinders eers geleer het hoe om met geld te werk. Materialisme word op hierdie wyse 'n nekslag toegedien.

6.2.5 Ander riglyne

Probleem aangespreek	Reël van St. Benedictus	Empiriese navorsing	Model
Koinonia	[2.18-21] elkeen behou plek volgens datum van intrede ... jongeres	Nodig dat kinderkampus deel van gemeenskap vorm.	Hiërargie in terme van gedrag en respek verdien
Dienswerk en evangelisasie	moet oueres respekteer, oueres moet jongeres liefhê	Besoekers uit gemeenskap verwelkom, indien aan vereistes voldoen – nie 'n eksklusiewe klub nie.	Beloning vir goeie gedrag/uitsonderlike optrede, veral in groepsverband
Waardevorming			
Invloed van die media	[35.12,13] uur voor ete moet kombuiswerkers meer as normale porsie ontvang	Gee en neem	Bied fasiliteite vir siek kinders

	[36] aparte fasiliteite vir siekes [48.22] op Sondaes almal besig met gewyde lees, behalwe die wat take uitvoer [55.1-3] klere voorsien volgens plaaslike toestande, ab se diskresie [73.9] hierna kan hoër hoogtes aangedurf word, met Goddelike beskerming bereik word.	verhouding met gemeenskap.	Vakansieprogram – veral gemik op dienswerk en geestelike groei Behou te alle tye Christelike karakter Insae wat deur kinders gebied word, moet ernstig oorweeg word Intergeneratiewe verhoudings deur bv. Kinderoppasserdiens en "adopt a granny"
--	---	-----------------------------------	---

Kinders wat reeds 'n rukkie deel van 'n groep soos die kinderkampus is, het 'n beter verstaan van die funksionering en het waarskynlik reeds goed aangepas en 'n trots op hulle deelname ontwikkel. Dit maak hierdie kinders natuurlike en goeie leiers in 'n situasie waar groot groepe kinders hanteer word. Hulle is waarskynlik reeds vertrouwd met die meeste take wat verrig moet word en kan baie maklik gebruik word om ander deur voorbeeld te lei.

Dit is altyd noodsaaklik om tussen kinders 'n groepsgevoel en trots te laat ontwikkel. Belonings vir goeie gedrag en samewerking is altyd welkom, veral as dit in die vorm van 'n verrassing aangebied word. Dit kan eenvoudig gehou word: huur vir die dag 'n springkasteel met geld wat gespaar is omdat toerusting goed opgepas is en nie vervang hoef te word nie.

Bied fasiliteite vir siek kinders aan – ouers is gedurig in twee geskeur weens hulle werksverpligtinge en 'n siek kind by die huis. Die kinderkampus is ideaal hiervoor, aangesien die kind reeds met die plek en personeel vertrou is en dit geen verdere stres op 'n kind sal plaas om hier te bly terwyl hy of sy ongesteld is nie.

'n Vakansieprogram bied byna dieselfde diens as bogenoemde vir ouers – ongelukkig val verlof en skoolvakansies byna nooit saam nie en ouers is nie net bekommerd oor hulle kinders se doen en late nie, maar dit is in sommige gemeenskappe ook redelik gevaarlik om 'n kind alleen of by die bure te laat.

Dit is noodsaaklik dat, alhoewel die gemeenskap in ag geneem word, die kinderkampus altyd sy Christelike karakter behou. Dit is die een eienskap wat die kinderkampus van ander nasorgsentrums onderskei en die probleem wat vandag rondom waardevorming en geloofsgroei bestaan, aanspreek. In hierdie opsig, sowel as alle ander sake, moet insae wat die kinders bied sterk oorweeg word. Dit is tog hulle wat hieruit moet baat vind en dit is werklik nie moeilik om te onderskei wanneer 'n kinders bloot hulle sin wil hê en wanneer hulle werklik 'n bydrae probeer lewer nie.

Intergeneratiewe verhoudings is iets wat nie meer natuurlik in die samelewing voorkom nie. Dit speel egter 'n groot rol in opvoeding en kan tegelykertyd probleme in die gemeenskap bekamp: deur byvoorbeeld 'n "adopt a granny"-program aan te bied kan eensame bejaardes, wat natuurlik baie lewenservaring het om te deel, aangewend word om kinders besig te hou en nuwe vaardighede te leer, terwyl hulle weer baat vind by die doel wat hulle dien. So kan ook gekyk word na kinderoppasserdienste wat deur ouer kinders aangebied kan word. Hulle kan heel moontlik selfs sakgeld verdien, terwyl hulle meer oor ouerskap en die versorging van kinders leer.

Besoekers uit die gemeenskap moet altyd welkom wees, selfs al is hulle besoeke gekoppel aan sekere reëls. Die kinderkampus is nie 'n eksklusiewe groep nie, maar 'n leerskool vir die Christelike lewe en moet hierdie doel met trots in die gemeenskap uitleef. Dit is ook altyd nuttig om op hoogte te bly van gebeure in die gemeenskap en deur die kinderkampus die kinders hiervan bewus te maak, sodat hulle kan deelneem of diens lewer. Deur al die voorstelle hier gedoen na te volg, kan die kinderkampus 'n ware gee-en-neem-verhouding met die gemeenskap ontwikkel.

Soos reeds bespreek, word daar met St. Benedictus saamgestem dat intrede as hiërargie-posisie behoue bly. Neem egter in ag dat St. Benedictus verder vra dat jonger persone oueres respekteer, en van ouer persone verwag om die jongeres lief te hê. Dit is ideaal om die konsep van dienende leierskap wat deur Christus getoon word, te ontwikkel.

Die gedagte om kombuiswerkers 'n ekstra porsie aan te bied, is nie net op daardie gebied 'n goeie idee nie, maar kan op alle gebiede gebruik word. Dit is ongelukkig so dat, in die moderne wêreld daar altyd iets verwag word van iemand, voordat hulle iets terug mag ontvang. Belonings vir werk bo en behalwe die verwagte, is altyd 'n goeie idee.

Indien fasiliteite vir siek kinders bestaan, moet ook hierdie fasiliteit onder beheer van die kinderkampus hoof staan. Dit is prakties, aangesien die hoof reeds bekend is met al die kinders en hulle die persoon vertrou. Die hoof weet dan ook dat die kind siek is en kan reël dat huiswerk by die kind uitkom, en selfs 'n bemoedigende kaartjie van die res van die groep. Dit is egter nie nodig dat die hoof self die fisiese versorging van die kind waarneem nie – daar is waarskynlik iemand in die gemeente wat dit sal kan doen.

Dit is belangrik om die kinderkampus vir die kind met 'n godsdienstige lewe in verband te bring. Dit kan beteken dat almal verplig word om op Sondag kerk by te woon, selfs al is die kinderkampus op hierdie dag gesluit. Leer egter kinders wat aanvaarbare gedrag vir die spesifieke gemeenskap op 'n Sondag is. Dit is ook nie nodig om noodwendig 'n kind aan te spreek oor kerkbywoning nie – vra eerder dat hulle op sekere Sondag by 'n aktiwiteit betrokke moet wees.

Dit is ook soms nodig dat die kinderkampus as deel van dienswerk (veral in samewerking met die welsynsdienste) sekere benodighede aan kinders verskaf. Maak seker dat hierdie benodighede regverdig en volgens nood uitgedeel word. Die diskresie van die hoof, wat kennis hiervan behoort te dra, is noodsaaklik. Almal het nie altyd dieselfde nie, en hoof ook nie altyd dieselfde te ontvang nie.

Koinonia ontwikkel deur programme waar kinders binne hulle gemeenskap, deur die gemeenskap opgevoed word. Intergeneratiewe programme en sigbaarheid in die gemeenskap speel hier 'n onoortreflike rol. Deur vakansieprogramme aan te bied en kinders by mekaar betrokke te maak, word die invloed van die media ook bekamp – daar gaan geen tyd wees om hulle daaraan te steur nie!

Waardevorming word verder ontwikkel deur die kinders bewus te maak van die beeld wat hulle na die gemeenskap uitdra.

St. Benedictus maak die opmerking dat, indien iemand leer om hierdie reëls aan te leer en na te volg, dit hom/haar in staat sal stel om enigiets aan te durf, en met goddelike beskerming hulle doelwitte sal kan bereik. Mag dit die uiteindelijke doel en maatstaf vir die kinderkampus wees.

6.3 Visie vir die kinderkampus

'n Basiese riglyn word aangebied, maar die einddoel is dat elke gemeenskap hierdie idee neem en van hier af self 'n program ontwikkel deur op te let na behoeftes in hulle eie gemeenskap. Dit is veral belangrik om na hulle eie kinders te luister en die behoeftes wat deur hulle geïdentifiseer word, aan te spreek.

Leesstof wat die verbeelding aangryp en praktiese idees vir so 'n model aanvul, is onder andere:

Children are wet cement (Ortlund 1995) vir 'n dinamiese kyk na Christelike kinderopvoeding.

Connecting (Crabb 1997) vir duidelike doelwitstelling, ten einde 'n geestelike impak te verseker.

The essential 55 (Clark 2004) bied 'n verfrissende blik op reëls en die uitvoering daarvan.

Father Joe (Hendra 2006) vertel die verhaal van 'n moderne monnik en die invloed wat hy oor 'n tydperk van veertig jaar op die lewe van die skrywer gehad het – 'n moet-lees boek vir enigiemand wat daarna streef om 'n geestelike impak op kinders te hê.

Giving your Child the Excellence Edge (Caruana 2005) bespreek tien eienskappe wat noodsaaklik is vir sukses. Dit bied praktiese riglyne vir die aanleer hiervan vir kinders.

Hoe leer ons kinders bid? (McFarlane 2005) gee praktiese raad vir die aanleer van 'n persoonlike stiltetyd.

The Indigo children (Carroll & Tober 1999) bied 'n alternatiewe blik op die moderne kind. Gebruik dit gerus as 'n vergelyking met wat bekend is, en wat die Skrif voorskryf.

The language of Love (Smalley & Trent 1991) vir metafore wat verwarrende gesprekke met almal, veral kinders, kan voorkom.

The name of the rose (Eco 2005) is 'n fiktiewe verhaal wat afspeel in 'n Middeleeuse klooster – dit kan bydra tot die verstaan van die toepassing van die Benediktynse reël en slaggate wat voorgekom het.

Please understand me (Keirse 1998) gee 'n uitstekende opsomming van die verskillende persoonlikhede van mense, hoe hulle teenoor mekaar reageer en op welke wyse hulle ten beste funksioneer. Dit is veral uitstekend omdat 'n hele afdeling aan die kind afgestaan word. Kursusse in die gebruik hiervan is ook in Suid-Afrika beskikbaar en dit is reeds aangepas vir Suid-Afrikaanse toestande (Struwig 2006).

Soultalk (Crabb 2003) as 'n riglyn vir gesprekke en verhoudings met 'n werklik geestelike impak.

Wenke wat werk (Potgieter 2003) is presies wat die titel sê – wenke vir elkeen wat met kinders (veral tieners) werk.

Die moontlikhede is legio.

6.4 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe die inligting wat in vorige hoofstukke bekom is, inmeekaarskakel om tot die gedagte van 'n praktiese kinderkampus te lei. Dit blyk

moontlik te wees om talle probleme wat deur literatuur en empiriese navorsing uitgewys is, aan te spreek deur die Reël van Benedictus in so 'n model as riglyn te gebruik.

Gevolgtrekkings

7.1 Inleiding

Daar word reeds geruime tyd voorspel dat demokrasie in Suid-Afrika kan misluk as gevolg van die verdwyning van gemeenskaplike waardes soos hardwerkendheid en eerlikheid. Druk word al meer op onderwysers geplaas om hierdie waardes te vestig, alhoewel ouers primêr hiervoor verantwoordelik behoort te wees.

Die proses waarvolgens waardes aangeleer word, berus op ouerlike opvoeding, kerklike verkondiging, omgewingsfaktore en vorming op skool. Die gesinslewe in die hedendaagse samelewing is egter gefragmenteer en hierdie waardegeoriënteerde opvoedingsproses wat deel vorm van geloofs sosialisering sal dus in die toekoms al meer afhang van die mate waartoe gesinne by groepe betrokke is waar hierdie tipe sosialisering plaasvind. Hierdie problematiek bied 'n besondere geleentheid aan die kerk, aangesien dit een van die min plekke is waar intergeneratiewe sosialisering op natuurlike wyse plaasvind.

Onderrig in hierdie verband kan slegs sinvol wees indien dit kan bou op 'n basis van informele geloofsonderrig wat in die Christelike samelewing funksioneer. Daar bestaan dus 'n moontlikheid dat 'n struktuur soos die kinderkampus tegelykertyd die probleem rondom kategetiek en sosialisering/waardevorming kan oplos.

Die metode wat vir die ondersoek gebruik is, is soos volg:

- Die huidige situasie waarin die jeug in die Suid-Afrikaanse Reformatoriese kerke hulle tans bevind, is ondersoek.
- Monastisisme gedurende die Middeleeue is onder die loep geneem, ten einde ondersoek in te stel na die moontlike gebruik van die Benediktynse Reël as 'n afdeling van monastisisme, in die oplossing vir tekortkominge in die huidige hantering van die jeug.
- Die Benediktynse Reël is van nader beskou en aan die hand van die Reformatoriese geloof bespreek, ten einde sekerheid te kry rondom die aanpasbaarheid hiervan ten opsigte van die Reformasie.
- Empiriese navorsing wat oor 'n tydperk van twee en 'n half jaar gedoen is volgens die kwalitatiewe navorsingsmetode, is aan die hand van die vyf afdelings van die Benediktynse Reël bespreek. Werkbare idees, sowel as tekortkomings, wat belangrik is by die samestelling van die model, is bespreek.
- 'n Model vir die kinderkampus as 'n paradigma in geloofsgemeenskap is daargestel deur die inligting wat deurlopend in die studie na vore gekom het, te integreer.

7.2 Die huidige situasie

'n Literatuurstudie rondom die huidige situasie waarin die kinders in die Reformatoriese geloofsgemeenskap in Suid-Afrika hulle bevind, word bespreek onder drie afdelings:

- Beleving van deel wees van die gemeente
- Fokus op die gesin en persoonlike geloofslewe
- Die aandag aan kontekstuele faktore

Betreffende beleving van deel wees van die gemeente word gekyk na kinders se betrokkenheid by aktiwiteite in die gemeente, hulle deelname en siening rondom die erediens (as sentrum van die gemeentelike lewe), hulle betrokkenheid by dienswerk en intergeneratiewe koinonia.

Waar die fokus op die gesin en persoonlike geloofslewe geplaas is, is eerstens aangetoon dat die gesin verantwoordelik is vir geloofsosialisering. Verder is die plek van die Bybel en gebed in die persoonlike geloofslewe van kinders ondersoek. Die belangrikheid van persoonlike verhoudings met betroubare volwassenes is bespreek, so ook waardevorming en hoop.

Hierna is aandag geskenk aan kontekstuele faktore soos die invloed van die media, seksualiteit, dwelmafhanklikheid, selfmoord, materialisme en armoede.

7.3 Die Middeleeue en monastisisme

Daar is aangetoon dat daar gedurende die Middeleeue 'n krisis ontstaan het wat talle veranderinge teweeggebring het. Aandag is gefokus op die wyse waarop Christene gedurende hierdie tydperk funksioneer en oorleef het deur aan hulle geloof vas te hou.

Monastisisme het hierin 'n groot rol gespeel en daar is aangetoon dat monnike 'n belangrike rol in die oorlewing van die samelewing gespeel het. Die kloosters was die spil waarom die gemeenskap gedraai het deur byvoorbeeld die versorging van siekes en opvoeding wat hier plaasgevind het. Ook kuns, literatuur en wetenskap is deur die monnike bevorder.

Daar is ook aangetoon dat enkele slaggate in die stelsel bestaan het. Die wyse waarop kerkvaders se woord as bewys vir argumente gedien het, die aanpassings wat gedoen is om paganisme te inkorporeer in die Christelike geloof, asook die verryking het 'n negatiewe beeld van monastisisme geskep.

Daar is egter aangetoon dat die positiewe by verre die negatiewe oortref, siende dat talle mense vandag nog hierdie lewenswyse volg en dit steeds gewild bly. Dit blyk dat die vraag vir 'n soortgelyke, eenvoudige lewenstyl ook bestaan by persone wat nie in kloosters self wil woon nie, maar graag hiermee affilieer.

Die implikasies van die monastiese lewenstyl word saamgevat in St. Benedictus se beskrywing waarvolgens dit as 'n *leerskool vir diens aan God* beskou word. So bied dit dan die geleentheid om in kinderopvoeding toegepas te word. Daar is ook aangetoon dat die vyf vereistes vir 'n monastiese lewenstyl bestaan uit lofprijsing, nederigheid, diensbaarheid, fisiese arbeid en gemeenskap.

7.4 Die Benediktynse Reël en hedendaagse Reformasie

Die Reël van St. Benedictus word verdeel in vyf afdelings:

- die taak van die ab
- die aanbidding van God
- dissiplinêre kode
- interne administrasie
- verskeie ander regulasies.

Hierdie afdelings is aan die hand van hulle versoenbaarheid met die Reformatoriese lewenswyse bespreek.

Tydens 'n bespreking van die taak van die ab (leier) is aangetoon dat leiers volgens die Skrifbeginsels wat hiervoor voorsiening maak, aangestel behoort te word. Die posisie van die leier is gefokus op toesig rondom die onderhouding van ware godsdiens, verspreiding van die ware leer en die versorging van armes en beproefdes.

Leierskap van toepassing op opvoeding fokus ook op die gebruik en ontginning van individuele gawes wat ontvang is. Daar is aangetoon dat eienskappe wat vir groepleiers geld, ook van toepassing gemaak kan word op leierskap binne die konsep van kleingroepe.

Daar is getoon dat die aanbidding van God 'n sentrale rol in die Christelike lewenswandel speel. Die versoening van die mens met God is slegs moontlik deur Christus, terwyl geloof ook behels om God in sy grootheid en majesteit te leer ken.

'n Lewe van dankbaarheid en geloof, selfs in moeilike tye, maak deel van die mens se verhouding met God uit. Dit blyk die enigste manier te wees waarop ware vreugde gevind kan word.

Wat dissipline betref, is getoon dat Christenskap 'n geloof in die geïnkarneerde en lewende Woord is. Die hedendaagse mens behoort 'n nuwe waardestelsel te ontwikkel waarin 'n weerkaatsing van God in die mens (as beeld van God) gesien kan word. Gehoorsaamheid aan God is 'n lewenswyse wat in lyn is met die dankbaarheid wat die mense aan God behoort te toon vir hulle verlossing. Dit is 'n liefde wat in daad oorgaan. Gebed vorm 'n integrale deel van 'n gehoorsame lewe – God skenk dan ook genade en die Heilige Gees aan diegene wat Hom sonder ophou aanbid en dank. Dissipline is iets wat van binne kom en ten nouste verbind is met die vreugdevolle genade wat die mens ontvang.

Administratief gesien, behoort in ag geneem word dat opvoeding nie net as konvensionele intellektuele groei gesien behoort te word nie. Fokus behoort geplaas te word op vaardighede soos rekenskap, spanwerk, leierskap, fokus, tydbestuur en selfvertroue. Daar behoort ook voorsiening gemaak te word vir die integrasie van emosionele, intellektuele en geestelike komponente wat die uitkomst is wat verwag word in 'n omgewing vir Christelike opvoeding. Voorsiening word gemaak vir die feit dat elke persoon deur kultuur beïnvloed word, deur onder andere Bybelstudie as toets vir kulturele en persoonlike waardes.

Enkele ander riglyne wat voorkom in die bespreking is die feit dat die hedendaagse mens 'n groter behoefte het aan prediking wat hulle toelaat om bekende gedagtes

dieper te beleef. Die mens se nuwe motief is om goed te doen uit dankbaarheid en vreugde vir die genade wat hulle reeds ontvang het, eerder as om self iets te ontvang. Die fokus in geloof het verander na 'n behoefte aan deelname aan 'n geestelike dinamika.

Selfs in die uitlewing van hulle geloof, bly mens steeds onderworpe aan die owerhede, wat wetsgehoorsaamheid en samewerking in die gemeenskap met ander, impliseer. Besittings van die geloofsgemeenskap, waaronder gereedskap, geboue en natuurlike ekosistels, behoort versorg te word met inagnamie dat dit gawes van God is.

7.5 Empiriese navorsing

Daar is aangetoon dat die empiriese navorsing op kwantitatiewe wyse gedoen is, deur vir 'n tydperk van twee en 'n half jaar 'n eksperimentele kinderkampus daar te stel. Die hoofdoel hiervan was om in 'n behoefte in die plaaslike gemeenskap te voldoen waar 'n veilige, fisiese omgewing vir die versorging van kinders in die middag na skool, nodig was. Die fisiese omgewing wat geskep is, is met tyd aangepas om aan die behoefte van kinders te voldoen en sluit plek vir huiswerk en sosialisering binne 'n huislike atmosfeer in.

Die navorser tree as leier op en ondervind dat gesag maklik aanvaar word, aangesien 'n beleid van absolute eerlikheid gevolg is. Wat wel as kommerwekkend na vore kom, is die gebrek aan belangstelling van ouers en die gemeenskap om op enige wyse verantwoording van die navorser te eis, solank as wat kinders gelukkig is. Die voorstel word gemaak dat daadwerklik gekyk moet word na die betrokkenheid van die

voorstel word gemaak dat daadwerklik gekyk moet word na die betrokkenheid van die kerk as oorkoepelende raadgewende liggaam vir die kinderkampus, wat as 'n gemeentelike projek kan funksioneer.

Daar word aangetoon dat die empiriese navorsing in gebreke gebly het om op direkte wyse aandag te skenk aan die aanbidding van God in die alledaagse lewe van kinders. Dit was egter wel op 'n indirekte wyse aangespreek, fokus is veral geplaas op medemenslikheid en verantwoordelikheid vir diere en plante (die natuur). Metodes vir wat as praktiese dienswerk gesien kan word, het veral uit die geledere van die kinders self gekom.

Daar word voorgestel dat hierop voortgebou word, ten einde die groepgevoel wat by kinders gevorm word deur samewerking, uit te bou word om meer op geestelike vlak te funksioneer deur onder andere weeklikse Bybelstudie. Daar word klem gelê op die moontlikhede wat die gebruik van die kerkterrein vir die kinderkampus het.

Dissipline is binne die konteks van die alledaagse lewe by die eksperimentele kinderkampus beskryf. Dit word duidelik dat kinders oor die algemeen nie 'n probleem het om 'n gedissiplineerde roetine te volg nie, mits ruimte vir onderhandeling gelaat word en konsekwent opgetree word. Strawwe wat voorgestel word is "time out" en die terugtrek van voorregte. Die roetine wat gevolg is, is bespreek, terwyl voorstelle gemaak is vir die aanleer van rentmeesterskap. Daar word uitgelig dat kinders altyd bewus moet bly van die feit dat gehoorsaamheid aan God uit dankbaarheid, nie uit vrees nie, behoort te geskied.

Wat administrasie betref, is aangetoon dat dit altyd belangrik is om 'n teenprestasie van gesinne te verwag vir die dienste wat gelewer word. Daar is klem gelê op kinders se medeverantwoordelikheid vir die besittings van die kinderkampus. Die feit dat die gemeenskap nie werklik bewus was van hierdie groep nie, is as 'n leemte beskou. 'n Verdere leemte wat ontdek is, is die gebrek aan 'n ondersteuningstelsel vir die navorser. Daar word weereens aanbeveel dat die kinderkampus as deel van die plaaslike gemeente hanteer behoort te word.

Ander riglyne wat onder bespreking was, het veral klem gelê op integrasie in die gemeenskap deur geleentheid te bied vir die bou van intergeneratiewe verhoudings deur programme soos kinderoppasserdienste en "adopt a granny". Verder is aanbeveel dat 'n stelsel geskep word waarvolgens besoekers ontvang kan word wat evangelisasie ten doel het. 'n Aanbeveling is ook gemaak vir die bied van versorgingsdienste aan siek kinders in die gemeenskap.

7.6 Model vir 'n "kinderkampus"

Die model wat aangebied word, is in breë 'n riglyn wat deur elke gemeente aangepas behoort te word vir voorsiening in hulle eie behoeftes. Daar word opgelet op welke wyse die taak van die leier, die aanbidding van God, dissipline, administrasie en enkele ander riglyne vir die samestelling van 'n praktiese kinderkampus gebruik kan word.

Dit is gedoen deur te let op die probleem wat hanteer behoort te word, die toepaslike gedeeltes van die Benediktynse Reël en die gebruik van inligting wat in die empiriese navorsing na vore gekom het.

Dit blyk dat die samestelling van 'n kinderkampus wat praktiese dienste lewer, maar steeds vanuit 'n Christelike agtergrond en lewensbeskouing funksioneer, wel moontlik is. Die laaste woord uit die mond van St. Benedictus: Deur die gebruik, navolging en inoefening van die reël, kan 'n persoon (in die geval: kinders) gelei word tot 'n geestelike volwassenheid wat hulle sal toelaat om, met Goddelike beskerming, hoër hoogtes te bereik.

7.7 Finale gevolgtrekking

1. Daar bestaan in Suid-Afrika 'n daadwerklike probleem onder die jeug met betrekking tot die aanleer van waardes. Dit is noodsaaklik om 'n metode te vind waardeur hierdie probleem prakties aangespreek kan word. Die kerk, met sy unieke funksionering en plek in die gemeenskap, het hier die ideale geleentheid om 'n bydrae te lewer.
2. Die probleme wat bestaan (veral ten opsigte van die aanleer van waardes), is ook van toepassing op die jeug uit die Suid-Afrikaanse Reformatoriese kerke. Die probleem is deeglik deur talle navorsers ondersoek, wat almal tot dieselfde gevolgtrekking kom. Hierdie inligting vergemaklik die soeke na 'n oplossing deur duidelike definisie van die probleem.
3. 'n Soortgelyke situasie as die wat tans bestaan, is in die Middeleeue deur Christene oorbrug deur vas te hou aan hulle geloof. Die sentrum vanwaar hierdie geloof gevoed en uitgedra is, was die kloosters. Veral St.

Benedictus het 'n verskil gemaak deur die samestelling van reëls wat gebruik is as 'n *leerskool vir die navolging van Christus*.

4. Die Reël van St. Benedictus is gefundeer in die evangelie, en kan daarom, met enkele aanpassings, van toepassing gemaak word op die lewensbeskouing wat in die Gereformeerde kerke gevolg word. Die praktiese toepassing en leer hiervan deur kinders kan tot 'n eenvoudige, waardegesentreerde Christenskap lei.
5. Kinders in situasies waar nasorg aangebied word, skep 'n natuurlike geleentheid om waardes oor te dra en verhoudings te bou. Dit is egter nodig om 'n geestelike dimensie hierby te voeg en aanpassings te maak om Christenskap en geloofsgemeenskap deel van hierdie belewenis te maak.
6. 'n Kinderkampus wat in samewerking met die plaaslike geloofsgemeenskap funksioneer, verkieslik selfs op die kerkterrein, bied 'n geleentheid om 'n behoefte aan kindersorg in die gemeenskap te vervul. Terselfdertyd word die geleentheid aan kinders gebied om, deur die navolging van praktiese Christenskap, soos uiteengesit in die Reël van St. Benedictus, waardes en betroubare verhoudings te vorm. Hierdeur kan talle probleme in die gemeenskap bekamp word.

7.8 Voorstelle vir verdere studie

1. Die invloed van fisiese voorkoms van volwassenes met betrekking tot die bou van verhoudings met kinders.
2. Die hantering van obesiteit by kinders met spesifieke verwysing na geloofslawe.

3. Die aanleer van roetine met gevolglike dissipline en die volhou hiervan met volwassewording.

Bronnelys

A topical St. Benedict. 2006. [Intyds]. Beskikbaar:
http://www.geocities.com/art_carroll/Notes/TopicalRB.html?2006s . [2006, 5
November].

Arts and entertainment. 2006. [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.learner.org/exhibits/middleages/artsentr.html>. [2006, 29 Oktober].

Benedictine (liquor). 2006. [Intyds]. Beskikbaar:
http://en.wikipedia.org/wiki/Benedictine_%28liquor%29. [2006, 29 Oktober].

Benefits of monastic stability. 2006. [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.osb.org/gen/hicks/ben-12html>. [2006, 24 Oktober].

BEST, J. en KELLER, D. 2002. Beavis and Buttthead: No future for postmodern youth. In: EPSTEIN, J.S. (red.) 2002. *Youth Culture: Identity in a postmodern world*. Oxford: Blackwell Publishing: 73-99.

BLAMIRE, H. 2001. *The Post-Christian Mind*. Londen: SPCK.

BREED, G. 1994. Kategese en Geloofsopvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO.
(Proefskrif – Th.D.)

BOTES, M. 2006. Moles oor jeug se 'seksvideo'. *Rapport*, 13 Mei: 9.

BROOKE, C. 1974. *The Monastic World 1000-1300*. Londen: Elec.

BYBEL. 1993. *Die Bybel in Praktyk*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

CHADWICK, H.J. 1999. *Thomas a Kempis: The Imitation of Christ*. North Brunswick (N.J.): Bridge-Logos Publishers.

Christian monasticism. 2006. [Intyds]. Beskikbaar:
http://en.wikipedia.org/wiki/Christian_monasticism. [2006, 29 Oktober].

CHITTESTER, J. 1992. Monasticism: An Ancient answer to Modern Problems. In: BREUILLY, E. en PALMER, M. (reds.). *Christianity & Ecology*. Londen: Cassel: 65-75.

CARROLL, L. & TOBER, L. 1999. *The Indigo Children*. Carlsbad (CA.): Hayhouse Inc.

CHITTISTER, J. 1995. *Wisdom Distilled from the Daily: Living the Rule of St. Benedict today*. San Fransisco (Mi.): Harper and Row.

CHITTESTER, D. 2002. *Global Citizenship, Cultural Citizenship and World Religions in Religious Education*. Kaapstad: HSRC Press.

CILLIERS, J. 2004. As druk en eensaamheid te veel word ... *Volksblad*: 8 Julie: 10.

CLARK, R. 2004. *The essential 55*. London: Piatkus Books Ltd.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die Wetenskap: hermeneutiese reëls. In: *Die Skrif en die Wetenskap. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, reeks J, studiestuk 22*. Potchefstroom: PU vir CHO: 15-32.

CRABB, L. 1997. *Connecting*. Nashville (Tenn.): Word Publishing.

CRABB, L. 2004. *Soultalk*. Nashville (Tenn.): Integrity Publishers.

CRÄFFERT, P.F. 2002. Die Nuwe Hervorming – wat, waarom, waarheen? In: MULLER, P. *Die Nuwe Hervorming*. Pretoria: Protea Boekhuis: 67-87.

DAMES, G.E. 2006. Praktiese kategese vir 'n Postmoderne Geloofsgemeenskap: Ploeger se Godsdienstepedagogiese metodologie vir Praktiese Kategese. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* (21)1:19-38.

DE BOER, D.E.H., VEN HERWAARDEN, J. & SCHEURKOGEL, J. . 1995. *Middeleeuwen*. Gronigen: Martinus Nijhoff.

DE BRUIN, G. 2006. Leerling skiet twee kinders in skoolbus. *Rapport*: 6 Mei: 9.

DE CARREAUX, J. 1964. *Monks and Civilization*. Londen: George Allen & Unwin Ltd.

DE KLERK, B.J. 2006. Liturgiese riglyne vir die sensetiefmaking van die jeug vir die probleem van armoede. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* (21)1:40-60.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. 2003. The discipline and practice of qualitative research. In: DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. (eds.) *The landscape of qualitative research*. Second Ed. California: Sage Publications. 1-45.

DE WAAL, E. en NORRIS, K. 2001. *Seeking God: The way of St. Benedict (2nd Ed.)*. Collegeville (Minn.): The Liturgical Press.

Die Dordtse Leerreëls. 1996. In: DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID. *Ons glo ...* Kaapstad: NG Kerk uitgewers.

Dom Perignon (person). 2006. [Intyds]. Beskikbaar: http://en.wikipedia.org/wiki/Dom_%28person%29. [2006, 29 Oktober].

DREYER, Y. 2004. A public practical theological theory for religious education of secularized youth. *HTS* 60(3):919-945.

DUCKERT, M. 1976. *Open Education goes to Church*. Philadelphia (Penn.): The Westminster Press.

Duram: Typical English medieval monastery. 2006. [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.osb.org/gen/hicks/ben-11.html>. [2006, 29 Oktober].

ECO, U. 2005. *The name of the Rose*. London: Random House.

EPSTEIN, J.S. 2002. Introduction: Generation X, youth culture and identity. In:
EPSTEIN, J.S. (red.) 2002. *Youth Culture: Identity in a postmodern world*. Oxford:
Blackwell Publishing: 1-23.

FLOOR, L. 1990. Die Skrif en die Wetenskap: Is die Skrif die kenbron? In: *Die Skrif
en die Wetenskap. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks J, studiestuk 22*.
Potchefstroom: PU vir CHO: 1-14.

FOSTER, R. 1992. *Prayer*. San Fransisco: Harper Son.

FRÜS, J. 2000. Tieners kry meer uit 'n fliek as 'n erediens. *Volksblad*: 1 Desember: 6.

GARLAND, P.A. 1999. *Family Ministry: A comprehensive guide*. Downers Grove
(Ill.): Intervarsity Press.

GETZ, G.A. 1980. *Sharpening the Focus of the Church. 11th ed.* Chicago (Ill.):
Moody Press.

GETZ, G.A. & WALL, J. 2000. *Effective church growth strategies*. Chigago (Mi.):
Moody Press.

GIROUX, H.A. 2002. Teenage Sexuality, body Politics and the pedagogy of display. In: EPSTEIN, J.S. (red.) *Youth Culture: Identity in a postmodern world*. Oxford: Blackwell Publishing: 24-55.

HALL, S.G. 1991. Ministry, Worship and Christian Life. In: HAZLETT, I. (red.) *Early Christianity. Origins and Evolution to AD 600*. Nashville (Tenn.): Abington Press: 101-110.

HANEKOM, B. 2000. *Hoe leer ons kinders glo?* Wellington: Lux Verbi.

Heidelbergse Kategismus. 1996. In: DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID. *Ons glo ...* Kaapstad: NG Kerk uitgewers.

HEITINK, G. 1999. *Practical Theology: History, Theory, Action Domains*. Grand Rapids (Mi.): Eerdmans Publishing Company.

HENDRA, T. 2004. *Father Joe*. London: Penguin Books.

HENLEY, K. 1997. *Child-Sensitive Teaching. Helping children grow a living faith in a loving God*. Cincinnati (Ohio): Standard Publishing.

HICKS, B. 2006. A Twentieth century day. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.osb.org/gen/hicks/ben-18.html>. [2006, 24 Oktober].

HICKS, B. 2006. Typical morning and midday of the monastic day. [Intyds].

Beskikbaar: <http://www.osb.org/gen/hicks/ben-19.html>. (2006, 24 Oktboer].

HICKS, B. 2006. Evening of the monastic day. [Intyds]. Besikbaar:

<http://www.osb.org/gen/hicks/ben-29.html>. [2006, 24 Oktober].

HOLYHEAD, V.S. 2003. *The Gift of Saint Benedict*. Herefordshire: Gracewing.

JORDAAN, W. 2002. Jou meditasiemat of my feng shui bed? In: MULLER, P. (red.)

Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis: 38-62.

JOUBERT, D. 1992. *Reflections on Social values*. Pretoria: Human Science Research Council Publishers.

JOUBERT, P. 2006. Onderhoud met die outeur. Potchefstroom. (Transkripsie van onderhoud beskikbaar.)

KEIRSEY, D. 1998. *Please understand me II*. Del Mar (CA.): Prometheus Nemesis Book Company.

KHOZA, R.J. 1999. The Institutional Structures that should underpin the African Renaissance. In: MAKGOBA, M.W. (red.) *African Renaissance*. Kaapstad: Mafube/Tafelberg: 279-288.

- KLASSEN, J., RENNER, E. & REUTER, M. 2001. Catholic, Benedictine Values in an Educational Environment. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.osb.org/acord/benval.html>. [2006, 24 Oktober].
- KNOWLES, D. 1969. *Christian Monasticism*. Londen: Weidenfeld and Nicolson.
- KOORSEN, E. 2003. Gesinslewe verkeer in 'n krisis. *Volksblad*: 15 Mei: 9.
- KORDONG, T.G. 1996. *Benedict's Rule: A translation and commentary*. Collegeville (Minn.): The Liturgical Press.
- KRUGER, E. 2003. Al hoe meer kinders verkeer in nood. Seksuele, fisieke mishandeling neem steeds toe. *Volksblad*: 9 Junie: 6.
- KUIPER, F.H. 1987. Vorming in normen en woorden – een literatuuroverzicht. *Praktische Theologie*, vol. 4. 3: 273-285.
- KUYLER, D. 2001. Kerklos en Kerkloos = Godloos? In: BOTHA, J. (red.) *Ja vir Jesus, nee vir die kerk*. Pretoria: LAPA-uitgewers: 29-35.
- LARNEY, T. en LOTTER, G.A. 2006. Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes. Potchefstroom. (Ongepubliseerde artikel).
- LE GOFF, J. 1992. *Medieval Civilization*. Oxford: Blackwell Publishers.

Life during the Middle Ages. 2006. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.medieval-life.net/life_main.htm. [2006, 29 Oktober].

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. Ongepubliseerde Th.D-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir CHO.

LUTHER, M. 2004. Table Talk. Gainesville (FL.): Bridge – Logos.

MAGUBANE, B.M. 1999. The African Renaissance in Historical Perspective. In: MAKGOBA, M.W. (red.) *African Renaissance*. Kaapstad: Mafube/Tafelberg: 10-36.

McCANN, J. (red.) 1952. *The Rule of Saint Benedict*. Londen: Burns Oates.

McCLURE, J.M. 2004. *The Rule of St. Benedict*. [Intyds]. Beskikbaar: www.thedome.org. [6 Februarie 2005].

McFARLANE, A. 1997. *Laat die kindertjies na my toe kom*. Kaapstad: Tafelberg.

McFARLANE, A. 2005. Hoe leer ons kinders bid? Vereeniging: CUM.

Medieval barns. 1997. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.uh.edu/engines/epi1018.htm>. [2006, 29 Oktober].

Medieval education. 2006. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.medieval-life.net/education.htm>. [2006, 29 Oktober].

Medieval health. 2006. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.medieval-life.net/health_main.htm. [2006, 29 Oktober].

MERDINGER, J. 1991. The world of the Roman Empire. In: HAZLETT, I. (ed.) Early Christianity. Origin and Evolution to AD 600. Nashville (Tenn.): Abingdon press. 17-27.

MOKYR, J. 1999. *The lever of Riches*. New York: Oxford University Press.

Monasticism. 2006. Beskikbaar: <http://www.newadvent.org/cathen/10429a.htm>. [2006, 29 Oktober].

MULLER, P. 2002. Die Postmoderne gelowige. In: MULLER, P. (red.) *Die Nuwe Hervorming*. Pretoria: Protea Boekhuis: 19-37.

MURRAY, A. 1978. Missionaries and Magic in Dark Age Europe. In: LITTLE, L.K. en ROSENWEIN, B.H. (reds.) *Debating the Middle Ages: Issues and Readings*. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.: 92-104.

NAUDE, P. 2001. Kerklo(o)sheid aan die orde van die dag? In: BOTHA, J. (red.) *Ja vir Jesus, nee vir die kerk*. Pretoria: LAPA-uitgewers: 21-28.

NEL, M. 1990. Die kind en die Bybel: 'n Probleemverkenning. *Nederduits Gereormeerde Teologiese Tydskrif* (32)1: 210-219.

NELSON MANDELA FOUNDATION. 2005. *Emerging Voices. A Report on Education in South African Rural Communities*. Kaapstad: HSRC Press.

NEUMAN, W.L. 1997. *Sosial research methods*. London: Allyn and Bacon.

NICOL, W. 1996. *Rykdom in Eenvoud*. Kaapstad: Lux Verbi.

NICOL, W. 2003. Youth and charismatic movements: The struggle for spirituality. *Scriptura* (83): 287-295.

NTULI, P.P. 1999. The Missing Link between Culture and Education: Are we still chasing Gods that are not our own? In: MAKGOBA, M.W. *African Renaissance*. Kaapstad: Mafube/Tafelberg: 149-172.

Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. 1995. Kaapstad: CTP Book Printers.

OOSTENBRINK, J. en LOTTER, G. 1999. *Die Groot God by kleingroepe*. Potchefstroom: DPM.

ORTLUND, A. 1995. *Children are wet cement*. Grand Rapids (Mi.): Fleming H. Revell.

PEARL, J. 1992. Specific procedures of teaching religion. In: RATCLIFF, D.E. (red.) *Handbook of Children's Religious Education Press*: 207-238.

PIETERS, M. 2000. Nie alle tieners is sleg – kenners. *Volksblad*. 12 Januarie: 8.

POTGIETER, J. 2003. Waardes wat werk. Wellington: Lux Verbi.

PRAH, K.K. 1999. African Renaissance or Warlordism? In: MAKGOBA, M.W. (red.) *African Renaissance*. Kaapstad: Mafube/Tafelberg: 37-61.

PRINS, J.M.G. 1993. Vertrekpunte en riglyne vir vernuwing van die Kategese. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* (34)1: 81-93.

PRINS, J.M.G. 1995. Intensionele geloofsosialisering binne intergeneratiewe verhoudings. 'n Grondvereiste vir effektiewe jeugbediening. *Praktiese Teologie in SA* 10(1): 51-62.

PRINS, J.M.G. 2003. Ministering hope: an essential ingredient in youth ministry. *Practical Theology in South Africa* 18(2): 143-155.

PRINS, J.M.G. 2005a. Programinhoud in die kinder- en jeugbediening van die Ned Geref Kerk (1): prosesse wat die belewing van deel wees van die gemeente bevorder. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 46(1&2): 220-233.

PEARL, J. 1992. Specific procedures of teaching religion. In: RATCLIFF, D.E. (red.) *Handbook of Children's Religious Education Press*: 207-238.

PIETERS, M. 2000. Nie alle tieners is sleg – kenners. *Volksblad*. 12 Januarie: 8.

POTGIETER, J. 2003. Waardes wat werk. Wellington: Lux Verbi.

